

Inkomstebelasting van veeboere: 'n Vergelykende analise in geselekteerde lande

W.C.J. FOURIE B.Com.Hons. GR(SA)

**Skripsie voorgelê vir die gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad Magister Commercii in
Suid-Afrikaanse en Internasionale Belasting aan die
Noordwes-Universiteit**

Studieleier: Mnr. D.S. van Romburgh

Hulpstudieleier: Prof. Dr. S.S. Visser

November 2010

Potchefstroom

DANKBETUIGINGS

Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om die volgende bedankings te doen:

- Ons Hemelse Vader, vir die geleentheid om te kan studeer.
- My vrou, Janine, vir die volgehoue ondersteuning deur al die jare van my studies. Sonder hierdie ondersteuning en liefde sou ek nooit so ver kon kom nie.
- My familie en in die besonder my pa, tannie en suster, vir die daarstelling van die geleentheid om te kan studeer, sowel as die ondersteuning tydens my studies.
- My studieleiers, mnr. Daan van Romburgh en Professor Susan Visser, vir hul leiding, advies en lang ure wat hulle aan hierdie skripsie afgestaan het.
- Die personeel van die Ferdinand Postma-Biblioteek vir die konsultasies met betrekking tot navorsing en verskaffing van navorsingsbronne.
- Dr. Isabel Swart vir die taalversorging van hierdie skripsie.

OPSOMMING

INKOMSTEBELASTING VAN VEEBOERE: 'N VERGELYKENDE ANALISE IN GESELEKTEERDE LANDE

Die huidige Suid-Afrikaanse belastingstelsel bied aan veeboere verskeie vorme van verligting. Daar is egter ook aspekte waar dit nie so voordelig is om deur die belastinggaarder as 'n boer beskou te word nie. Verskeie boere emigreer na ander lande, maar is egter onbewus van hoe die belastingstelsels van daardie lande funksioneer en hoeveel belasting hulle daar sal moet betaal. Hierdie faktore laat die vraag ontstaan oor hoe ander lande hul veeboere belas en watter verligting daar op belastinggebied aan hulle beskikbaar is.

Die doel van die navorsing is om die teoretiese belastingwetgewing van Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland wat op veeboere van toepassing is, te ondersoek en met mekaar te vergelyk, waarna dit op 'n gevallestudie toegepas sal word. Uiteindelik sal daar op grond van die resultate verkry, gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word.

Daar is bevind dat, hoewel die verligting aan Suid-Afrikaanse veeboere in sekere gevalle meer is as die verligting beskikbaar in Australië en Nieu-Seeland, daar tog aspekte is waarop aanpassings gedoen kan word ten einde dit voordeliger vir veeboere te maak om in Suid-Afrika te bly. Hierdie voorgestelde aanpassings kan die nasionale ekonomie indirek stimuleer.

SLEUTELWOORDE

Veeboerdery

Beginvoorraad

Eindvoorraad

Lewende hawe

Standaardwaarde

Ontwikkelingskoste

Omheiningsbepaling

Nivellering

Bestuursdeposito

Primêre Produksie

ENGLISH ABSTRACT
INCOME TAX OF LIVESTOCK FARMERS: A COMPARATIVE ANALYSIS IN
SELECTED COUNTRIES

The current South African tax system offers livestock farmers a variety of forms of relief. There are also certain aspects that do not make it so advantageous to be regarded as a farmer by the tax collector. A large number of farmers emigrate to other countries without knowing how the tax systems of those countries function or how much tax they will have to pay. With these factors in mind the question arises concerning how other countries tax their livestock farmers and what relief is provided to them.

The objective of this research is to examine and compare the theoretical tax legislation of South Africa, Australia and New Zealand, where after it will be applied in a case study. Finally conclusions and recommendations will be made based on the results of the research.

It was found that, although the relief provided to South African livestock farmers regarding some aspects exceeds the relief provided in Australia and New Zealand, there are certain aspects that could be adjusted in order to make it more advantageous for livestock farmers to stay in South Africa. These proposed adjustments can indirectly stimulate the national economy.

KEY WORDS

Livestock farming

Opening stock

Closing stock

Livestock

Standard value

Development expenses

Ring fencing

Equalisation

Management deposit

Primary Production

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

DOEL, OMVANG EN VERLOOP VAN DIE STUDIE	1
1.1 Inleiding en agtergrond	1
1.2 Motivering.....	3
1.3 Probleemstelling.....	4
1.4 Doelwitte	4
1.5 Hipotese.....	5
1.6 Metode van ondersoek.....	5
1.7 Omvang en verloop van die studie.....	5
1.8 Samevatting	7

HOOFSTUK 2

INKOMSTEBELASTING VAN VEEBOERE IN SUID-AFRIKA	9
2.1 Inleiding	9
2.2 Boerdery vanuit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt	9
2.2.1 Boerdery volgens die Suid-Afrikaanse Wet.....	9
2.2.2 Items wat as boerderyinkomste kwalifiseer.....	10
2.2.3 Toelaes vir die gedwonge vervreemding van vee	12
2.2.4 Subsidies deur 'n boer ontvang	13
2.3 Die hantering van lewende hawe vir belastingdoeleindes	13
2.3.1 Algemene inligting oor lewende hawe	13
2.3.2 Insluiting en waardasie van lewende hawe	14
2.3.3 Die belastinggevolge van 'n skaappag	15
2.3.4 Die aftrekbaarheid van lewende hawe en beperkings daarop.....	16
2.3.5 Verhalingsbepalings van toepassing onder sekere omstandighede	17
2.4 Die aftrekbaarheid van boerderyuitgawes	18
2.4.1 Algemene aftrekkings beskikbaar aan boere en beperkings daarop...	18
2.4.2 Ontwikkelingskoste aftrekbaar kragtens paragraaf 12 van die Eerste Bylae	19
2.4.3 Die 50/30/20 toelaag vervat in artikel 12B.....	20
2.4.4 Die slytasievermindering ingevolge artikel 11(e)	22

2.4.5 Artikel 13sex aftrekking rakende geboue aangewend vir huishoudelike doeleindes	23
2.5 Die gemiddelde aanslagformule	24
2.5.1 Die gebruik van die gemiddelde aanslagformule	24
2.5.2 Die werking van die formule	24
2.6 Samevatting	25

HOOFSTUK 3

INKOMSTEBELASTING VAN VEEBOERE IN AUSTRALIË	28
3.1 Inleiding	28
3.2 Primêre produksie vanuit 'n Australiese oogpunt	29
3.2.1 Definisie volgens die Australiese Wet en verdere riglyne	29
3.2.2 Inkomste afkomstig vanaf 'n primêre produksiebesigheid.....	30
3.2.3 Die belastinghantering van die opbrengs uit die gedwonge vervreemding van vee	31
3.2.4 Toekennings en subsidies	34
3.3 Die hantering en waardasie van lewende hawe	34
3.3.1 Definisie van lewende hawe	34
3.3.2 Insluiting van lewende hawe teen spesifieke waardes.....	35
3.3.3 Die aftrekbaarheid van lewende hawe aankope	36
3.3.4 Verhaling van waarde van lewende hawe	37
3.4 Spesiale aftrekkings beskikbaar vir kapitale uitgawes.....	38
3.4.1 Algemene aftrekkings beskikbaar teenoor spesiale aftrekkings.....	38
3.4.2 Uitgawes aangegaan in die oprigting van waterfasiliteite	38
3.4.3 Aftrekking van uitgawes wat verband hou met grondbewaring.....	39
3.4.4 Die Uniforme Kapitaaltoelaagstelsel.....	40
3.5 Die bepaling van 'n gemiddelde inkomste	41
3.5.1 Die werking van die stelsel en die persone wat daarvoor kwalifiseer	41
3.5.2 Die proses van berekening van gemiddelde inkomste	42
3.6 Die plaasbestuursdepositostelsel	44
3.7 Samevatting	46

HOOFSTUK 4

INKOMSTEBELASTING VAN VEEBOERE IN NIEU-SEELAND.....	49
4.1 Inleiding	49
4.2 Wanneer inkomste as boerderyinkomste kwalifiseer	49
4.2.1 Die Nieu-Seelandse definisie van 'n besigheid vir boerderydoeleindes	49
4.2.2 Spesifieke bedrae wat by boerderyinkomste ingesluit word	50
4.2.3 Subsidies ontvang deur boere	51
4.3 Die waardasie van lewende hawe.....	53
4.3.1 Tipes lewende hawe as handelsvoorraad en relevante definisies	53
4.3.2 Waardasiemetodes in gebruik vir lewende hawe	54
4.3.2.1 Die kuddeskemawaardasiemetode	54
4.3.2.2 Die markwaarde-, kosprys- of vervangingsprysopsie	57
4.3.2.3 Die nasionale standaardwaardemetode	58
4.3.2.4 Die selfassesseringsopsie	59
4.3.2.5 Lewende hawe onderworpe aan 'n pag of huurooreenkoms	59
4.3.2.6 Die waardasie van hoë-waarde lewende hawe	59
4.3.3 Lewende hawe aankope as 'n aftrekking.....	60
4.3.4 Die insluiting by inkomste van 'n verhaling van lewende hawe	60
4.4 Watter ontwikkelingskoste aftrekbaar is vir belasting	60
4.4.1 Die aftrekking van algemene en sekere spesifieke uitgawes.....	60
4.4.2 Waardevermindering op woonhuise.....	61
4.4.3 Kapitale uitgawes aftrekbaar	62
4.4.4 Die aftrekbaarheid van waardevermindering	63
4.5 Wat die inkomstegelykstellingskema behels.....	64
4.5.1 Besikbaarheid van die skema	64
4.5.2 Die hoof inkomstegelykstellingskema.....	65
4.5.3 Die ongunstige gebeurtenisinkomstegelykstellingskema.....	66
4.6 Samevatting	67

HOOFSTUK 5

'N VERGELYKENDE ANALISE	70
5.1 Inleiding	70
5.2 Navorsingsmetodologie.....	70

5.3 Opsommende vergelyking van geselekteerde lande se	
Inkomstebelastingwette op veeboere in tabelformaat	71
5.4 Vergelyking deur middel van 'n hipotetiese gevallestudie	77
5.4.1 Gevallestudie	77
5.4.2 Illustrasie van belastingverligting rakende gedwonge veeverkope	80
5.4.3 Illustrasie van die monetêre beperking op lewende hawe aankope....	82
5.4.4 Illustrasie van die verskillende waardasiemetodes van lewende hawe	83
5.4.5 Illustrasie van die aftrekbaarheid van kapitale uitgawes	89
5.4.6 Illustrasie van die aftrekbaarheid van waardevermindering.....	91
5.4.7 Illustrasie van spesiale verligting beskikbaar aan veeboere	92
5.5 Implementering van die belastingwet op verskillende lande	95
5.6 Samevatting	96

HOOFTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 Inleiding	99
6.2 Aspekte rakende die belasting van veeboere	100
6.2.1 Die hantering van gedwonge veeverkope.....	100
6.2.2 Die monetêre beperking op lewende hawe aankope	100
6.2.3 Waardasie van lewende hawe.....	101
6.2.4 Aftrekbaarheid van kapitale uitgawes	102
6.2.5 Aftrekbaarheid van waardevermindering	103
6.2.6 Spesiale verligting aan veeboere beskikbaar	103
6.3 Samevatting	104

BIBLIOGRAFIE.....

HOOFSTUK 1

DOEL, OMVANG EN VERLOOP VAN DIE STUDIE

1.1 INLEIDING EN AGTERGROND

Daar bestaan 'n baie sterk verband tussen ekonomiese groei in ontwikkelende lande en die groei in die landbousektor van daardie lande (Mariyono, 2007:320). In 'n ondersoek het Statistiek Suid-Afrika (2007:2-4) bevind dat die grootskaalse landbousektor, dit wil sê entiteite met 'n bruto boerderyinkomste van R3 miljoen of meer, 'n bruto boerderyinkomste van R49 704 miljoen ontvang het vir die 2006 finansiële jaar. Volgens Statistiek Suid-Afrika (2010:12) was die Bruto Binnelandse Produk vir die betrokke jaar R1 767 422 miljoen. Eersgenoemde ondersoek het verder getoon dat 39% van daardie inkomste afkomstig was vanaf die veeboerderybedryf. Dit is dan ook die logiese gevolg dat die inkomste uit hierdie bedryf belas sal word. In 'n publikasie van die 2008 belastingstatistieke, berig die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (2008:43) dat die belasbare inkomste van individue betrokke in die landbou, bosbou- en visbedryf in 2006 R4 787 miljoen was. Hierdie syfer verteenwoordig 1.14% van die totale belasbare inkomste vir alle nywerhede.

Volgens Matsila (2004:6) het boerdery baie ingewikkelder geword as wat dit in die verlede was. Daar word vandag al hoe meer van boere vereis om strategiese finansiële besluite in hul boerderye te neem. Hierdie besluite sluit dan uiteraard ook 'n belastingstrategie in.

Danksy die Eerste Bylae tot die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet (Wet no. 58 van 1962) geniet plaaslike boere verskeie belastingvoordele, byvoorbeeld subsidies en tegemoetkomende bepalinge, wat nie aan ander belastingpligtiges beskikbaar is nie (Williams, 2001a:84). Hierdie voordele is beskikbaar aan boere in erkenning eerstens vir die belangrike rol wat boerdery as 'n bedryf in die nasionale ekonomie speel en tweedens vir die risiko's verbonde aan boerdery, byvoorbeeld droogte en siektes. Boere kan deur middel van vroegtydige en akkurate beplanning belasting bespaar deur lewende hawe aan te koop of ontwikkelingskoste aan te gaan, maar elke situasie moet ook op eie meriete beoordeel word, spesifiek die effek van sodanige optrede op kontantvloei (Correia & Burger, 2008:58). Een sodanige tegemoetkomende bepaling word vervat in paragraaf 13A van die bogenoemde Eerste Bylae, naamlik dat 'n boer, in die geval van gedwonge veeverkope as gevolg van droogte, die opbrengs uit daardie transaksie by die Land- en Landboubank van Suid-Afrika

kan belê, onderhewig aan sekere voorwaardes. Die boer sal dan nie in die betrokke jaar van aanslag op daardie opbrengs belas word nie, maar eers op die vroegste van onttrekking van die deposito of 'n tydperk van ses jaar. In Australië bestaan daar soortgelyke verligting in die vorm van die plaasbestuursdepositostelsel (Sullivan *et al.*, 2009:1104).

Daar is egter ook bepalings in die Inkomstebelastingwet wat veroorsaak dat boerdery nie so rooskleurig vertoon nie. Die voordele moet opgeweeg word teen die feit dat die boer aanspreeklik sal wees vir kapitaalwinstbelasting en boedelbelasting in die geval van afsterwe (Williams, 2001a:84). Die boer sal op die datum van afsterwe geag word te beskik het oor die besit van die lewende hawe teen markwaarde, terwyl dit in die belastingberekening deurgaans teen standaardwaarde getoon is. Dieselfde hantering van die waarde van die lewende hawe sal plaasvind in die boer se boedel (O'Halloran, 2008:38). Wat die plaas betref sal die geagte opbrengs gelyk wees aan die markwaarde daarvan, terwyl die basiskoste (gestel dit is die familieplaas wat al deur 'n paar geslagte oorgedra is) die 2001-waardasie sal wees (Inkomstebelastingwet, 58/1962; Williams, 2002b:35). Gesien in die lig van die verwagte styging in grondpryse oor die volgende paar jaar (Van Burick, 2010), vertel dit nie 'n verhaal van 'n voordelige belastingstelsel nie. Selfs die ontwikkelingskoste wat aftrekbaar was toe dit aangegaan is, sal in die toekoms na die boer terugkeer in die vorm van die styging in die plaas se markwaarde wat dit veroorsaak het en die daarmee gepaardgaande kapitaalwinstbelasting (Williams, 2001b:59). Daar steek dus waarheid in Lessing (2003:63) se bewering van “Die boer se dood is die staat se brood”.

Die onlangse verandering in wetgewing rakende voorlopige belasting betaalbaar wat vereis dat die tweede voorlopige betaling op 'n werklike bedrag gebaseer moet word, is onregverdig teenoor boere (Burger, 2008:12). Dit kan daartoe lei dat boere aanspreeklik sal wees vir boetes en rente op foutiewe betalings, aangesien daar verskeie aanpassings is wat eers na jaareinde en dus die datum van die tweede betaling, gemaak moet word.

In Suid-Afrika is daar verskeie faktore wat veroorsaak dat veeboere die land verlaat en hul heil elders gaan soek. Van die vernaamste faktore is die wisselvallige klimaat, die hoë misdadafsyfer en grondhervorming (Botes, 2008:16). Die wisselende reënvalsyfers en gevolglike droogtes het veroorsaak dat boere oorweging geskenk het aan lande waar die klimaat bestendiger is. Die hoë misdadafsyfers in Suid-Afrika en meer spesifiek die

toenemende aantal plaasmoorde het ook daartoe bygedra dat boere emigreer na lande waar hulle volgens hul oordeel veiliger sal wees. 'n Verdere faktor is die saak rondom grondhervorming waar ervare boere se plase onteien word en hulle sonder 'n bron van inkomste gelaat word (Groenewald, 2008:17). Bezuidenhout (2003:31) berig dat die meeste Suid-Afrikaners wat oorsee op plase gaan werk eerlik en hardwerkend is en derhalwe hoog in aanvraag is. Hierdie boere bied dan 'n stabielere groep van werknemers aan die werkgewer, wat sukkel met onbetroubare personeel.

Bo en behalwe die boere wat wel na ander lande emigreer, is daar selfs 'n groter komponent wat, sonder om Suid-Afrika permanent te verlaat, ook in ander lande begin boer. Hierdie optrede word om besigheidsredes gedoen (Groenewald, 2008:17).

Die vraag is egter of hierdie boere bewus is van die inkomstebelastingbepalings van toepassing op veeboere in ander lande. Soos hier bo genoem, word oorweging geskenk aan verskeie faktore, maar inkomstebelasting blyk nie een daarvan te wees nie. Die vraag wat ontstaan, is hoe ander lande hul veeboere belas en of daar belastingverligting vir veeboere in ander lande bestaan. Verdere vrae wat hieruit vloei is of die emigrerende veeboer hom nie dalk in 'n geldgieriger Jan Taks in 'n ander land vasloop nie, of hy ook op daardie gebied beter daaraan toe is en of Suid-Afrika op die bestaande stelsel kan verbeter.

Dit is baie belangrik om in gedagte te hou dat die studie gebaseer word op die bepalinge en wetgewings soos dit tans daaruit sien, dit wil sê die 2009/2010-wetgewing van die onderskeie lande. Indien die wetgewing met betrekking tot enige van die aspekte hierin bespreek dus verander, moet die situasie weer in oorweging geneem word.

1.2 MOTIVERING

In die vorige paragraaf is die vraag gestel of veeboere hulself nie moontlik vasloop in hewiger belastinge in die lande waar hulle hul boerdery gaan voortsit nie. Dit is hierdie risiko wat dan ook die motivering is vir die onderwerp.

Die spesifieke lande wat in hierdie skripsie ter sprake sal wees, is Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland. Laasgenoemde twee is gekies om die volgende redes:

- a. Beide hierdie lande is ontwikkelde lande met sterk ekonomieë. Suid-Afrika as 'n ontwikkelende land word dus vergelyk met lande wat na verwagting 'n beter stelsel sal hê vir die belasting wat op veeboere gehef word.
- b. Die lande het albei 'n baie groot landbousektor.
- c. Hoewel boere al na Suid-Amerika geëmigreer het [Botes (2008:16 tot 18) maak melding van ten minste twee boere], is die taal- en kultuuraanpassing daar baie groter vergeleke met Australië en Nieu-Seeland, waarheen daar sedert 2003 147 boere en landboukundiges geëmigreer het.
- d. Australië en Nieu-Seeland is albei ook, soos Suid-Afrika, in die Suidelike Halfrond geleë. Die klimaat is tot 'n groot mate dieselfde, anders as byvoorbeeld Amerika en Europa in die Noordelike Halfrond, waar dit baie kouer is.
- e. Alhoewel die Verenigde State van Amerika ook 'n ontwikkelde land is met 'n baie sterk landbousektor, pas elkeen van die state hulle eie belastingwette toe, wat die vergelyking dus vanuit 'n praktiese oogpunt bemoeilik.
- f. Beide die genoemde lande vir navorsing is voormalige Britse Kolonies. Tot 'n groot mate is die Britse belastingstelsel dan ook die grondslag van hul eie stelsels, net soos in Suid-Afrika.

1.3 PROBLEEMSTELLING

Die vraag wat ontstaan is of die Suid-Afrikaanse Regering die veeboere, en dus indirek die nasionale ekonomie, genoegsaam deur middel van voordelige inkomstebelastingbepalings ondersteun en of daar aspekte is waarop Suid-Afrika kan verbeter.

1.4 DOELWITTE

Om 'n oplossing vir die probleem soos in par. 1.3 genoem te vind, is die primêre doel om die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet van toepassing op veeboere te vergelyk met die toepassing van die Inkomstebelastingwet op veeboere in Australië en Nieu-Seeland en om daarna aanbevelings te maak. Om hierdie primêre doel te bereik is dit belangrik dat die volgende sekondêre doelwitte bereik word. Dit kan soos volg uiteengesit word:

- a. 'n Analise van die bepalinge van die Inkomstebelastingwet op veeboere in Suid-Afrika en die implikasie daarvan, wat aangespreek sal word in Hoofstuk 2;
- b. 'n Analise van die bepalinge van die Inkomstebelastingwet op veeboere in Australië en die implikasie daarvan, wat aangespreek sal word in Hoofstuk 3;

- c. 'n Analise van die bepalings van die Inkomstebelastingwet op veeboere in Nieu-Seeland en die implikasie daarvan, wat aangespreek sal word in Hoofstuk 4;
- d. 'n Vergelykende analise en toepassing van die belasting op veeboere in die drie lande met die daarstelling van 'n hipotetiese gevallestudie, wat aangespreek sal word in Hoofstuk 5;
- e. 'n Gevolgtrekking oor die resultate verkry en aanbevelings rondom aspekte waar Suid-Afrika moontlik op hul stelsel kan verbeter, wat aangespreek sal word in Hoofstuk 6.

1.5 HIPOTESE

Die bepalings van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet wat spesifiek op veeboere betrekking het, is strenger as dié van Australië en Nieu-Seeland, met die gevolg dat daar plaaslik minder tegemoetkomende maatreëls aan hulle beskikbaar is. Hierdie gebrek aan sodanige maatreëls benadeel indirek die nasionale ekonomie en strook nie met die praktyke van ontwikkelde lande nie.

1.6 METODE VAN ONDERSOEK

Die metode van ondersoek wat vir hierdie navorsing gebruik sal word, is 'n literatuurstudie van onlangse toepaslike bronne ten einde 'n deeglike begrip te verkry van die belastingbepalings wat in elk van die lande op veeboere van toepassing is met spesifieke verwysing na die Inkomstebelastingwette van die geselekteerde lande. Verder sal vanuit die literatuurstudie 'n vergelyking tussen die lande getref word ten opsigte van die aspekte wat veeboere se belasting beïnvloed en wat dan in 'n hipotetiese gevallestudie getoets word om aanbevelings te maak.

1.7 OMVANG EN VERLOOP VAN STUDIE

HOOFSTUK 1: DOEL, OMVANG EN VERLOOP VAN DIE STUDIE

- In hierdie hoofstuk word die probleem wat die emigrerende veeboer in die gesig staar, weergegee. Ten einde in die huidige Suid-Afrikaanse situasie 'n sukses van veeboerdery te maak is 'n uitdaging. Die Staat bied aan boere verskeie voordele in die Inkomstebelastingwet, maar die vraag wat ontstaan, is wat Australië en Nieu-Seeland, as ontwikkelde lande doen om hul veeboere op belastinggebied tegemoet te kom.
- Hoofstuk 1 bevat verder die inleiding, motivering, probleemstelling, doelwitte, navorsingsmetodologie asook die nodige relevante terme wat uiteengesit word.

HOOFTUK 2: INKOMSTEBELASTING VAN VEEBOERE IN SUID-AFRIKA

- Die bepalings van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet (Wet no. 58 van 1962), spesifiek die bepalings van die Eerste Bylae wat op veeboere van toepassing is, word in hierdie hoofstuk bespreek.
- Die spesifieke voordele en nadele van toepassing binne die Suid-Afrikaanse konteks word bespreek.
- Aspekte wat aangeraak word, behels die volgende:
 - o wat 'n boerdery vanuit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt is;
 - o die hantering van lewende hawe vir belastingdoeleindes;
 - o die aftrekbaarheid van boerderyonkoste en toelaes beskikbaar; en
 - o die gemiddelde aanslagformule.

HOOFTUK 3: INKOMSTEBELASTING VAN VEEBOERE IN AUSTRALIË

- Die bepalings van die Australiese Inkomstebelastingwet word in hierdie hoofstuk bespreek.
- Die spesifieke voordele en nadele van toepassing binne die Australiese konteks word bespreek.
- Aspekte wat aangeraak word, behels die volgende:
 - o wat 'n primêre produksiebesigheid vanuit 'n Australiese oogpunt is;
 - o wat inkomste afkomstig vanuit 'n primêre produksiebesigheid is;
 - o hoe lewende hawe gehanteer en gewaardeer word;
 - o die bepaling van 'n gemiddelde inkomste;
 - o die plaasbestuursdepositostelsel; en
 - o watter spesiale aftrekkings beskikbaar is vir kapitale uitgawes.

HOOFTUK 4: INKOMSTEBELASTING VAN VEEBOERE IN NIEU-SEELAND

- Die bepalings van die Nieu-Seelandse Inkomstebelastingwet word in hierdie hoofstuk bespreek.
- Die spesifieke voordele en nadele van toepassing binne die Nieu-Seelandse konteks word bespreek.
- Aspekte wat aangeraak word, behels die volgende:
 - o wanneer inkomste as boerderyinkomste kwalifiseer;

- o die waardasie van lewende hawe;
- o watter ontwikkelingskoste aftrekbaar is vir belasting; en
- o wat die inkomstegelykstellingskemas behels.

HOOFSTUK 5: 'N VERGELYKENDE ANALISE

- In hierdie hoofstuk word die drie stelsels van die drie lande met mekaar vergelyk en elke stelsel word dan toegepas deur gebruik te maak van 'n hipotetiese gevallestudie.

HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

- Hierdie hoofstuk bevat die gevolgtrekkings wat gemaak is op grond van die studie wat uitgevoer is. Die voordeligste inkomstebelastingstelsel word dus in hierdie hoofstuk geïdentifiseer.
- Verder bevat die hoofstuk dan ook aanbevelings rakende die gebiede waar daar op die huidige Suid-Afrikaanse stelsel verbeter kan word.

1.8 SAMEVATTING

Die noodigheid vir 'n studie oor die verskille in die hantering van die inkomstebelasting van veeboere tussen Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland word in hierdie voorlegging bespreek. Daar is genoem dat daar verskeie bepalinge in die plaaslike Inkomstebelastingwet vervat is wat tot 'n boer se voordeel strek, maar dat daar ook bepalinge is wat potensieel nadelig kan wees. Dit is juis hierdie risiko wat vereis dat boere 'n weldeurdragte belastingstrategie moet volg. Die feit dat boere uit Suid-Afrika emigreer, die redes daarvoor en die lande waarheen hulle gaan, word bespreek. Die vraag rakende watter tegemoetkomende bepalinge daar in die inkomstebelastingwette van Australië en Nieu-Seeland vervat word ten einde hul veeboere tegemoet te kom, word gestel.

Die motivering vir die studie word bespreek en behels kortliks die moontlikheid dat boere emigreer na 'n ongunstige belastingomgewing. Hierdie moontlikheid word ook aangevoer as een van die probleemstellings. Die keuse van die lande waarmee Suid-Afrika vergelyk word, word uiteengesit. 'n Verdere probleemstelling, naamlik dat die Suid-Afrikaanse Regering veeboere moontlik nie genoeg ondersteun deur middel van gunstige belastingbepalinge nie, word aangevoer as hipotese vir die studie.

Doelwitte wat bereik moet word, behels uiteindelik die maak van 'n gevolgtrekking rondom watter van die drie lande se belastingstelsel die voordeligste is vir 'n veeboer, sowel as die uitwysing van sekere aspekte waarop Suid-Afrika in hul stelsel kan verbeter.

'n Literatuurstudie van die onlangse toepaslike bronne sowel as 'n vergelyking in die vorm van 'n gevallestudie word bespreek as die metode van ondersoek, waarna die omvang en verloop van die studie uiteengesit word deur 'n kort opsomming van die inhoud van elke hoofstuk te gee.

Wat betref die uitbreiding van kennis en praktiese toepassing sal hierdie navorsing die volgende bydrae kan lewer:

- Veeboere wat van voorneme is om na Australië of Nieu-Seeland te emigreer kan 'n voorskou kry van die belastingwetgewing wat in daardie lande op hulle van toepassing sal wees.
- Aspekte waar Suid-Afrika op hul stelsel sal kan verbeter ten einde veeboere tegemoet te kom en om sodoende dus indirek die nasionale ekonomie te kan bevoordeel, sowel as om meer ooreenkomste met die praktyke van ontwikkelde lande te bereik sal uitgelig word.

HOOFSTUK 2

INKOMSTEBELASTING VAN VEEBOERE IN SUID-AFRIKA

2.1 INLEIDING

Die sekondêre doelwit soos uiteengesit in par. 1.4.a (p. 4) word in hierdie hoofstuk aangespreek. Kragtens artikel 26 (1) van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet (Wet no. 58 van 1962) (hierna die Suid-Afrikaanse Wet genoem) word die belasbare inkomste van 'n persoon wat veeboerdery beoefen, ten opsigte van die boerderyinkomste, met inagneming van die bepalings van die Eerste Bylae van die Suid-Afrikaanse Wet, ooreenkomstig die bepalings van laasgenoemde vasgestel (Inkomstebelastingwet, 58/1962). Dit kom daarop neer dat die veeboer in alle opsigte soos 'n normale belastingpligtige hanteer word, met die uitsondering van die boerderyinkomste, in welke geval die Eerste Bylae toegepas word. Die belasbare boerderyinkomste word dus afsonderlik bereken en daarna by die belasbare inkomste afkomstig vanuit ander bronne bygetel. Die res van die Suid-Afrikaanse Wet en die Eerste Bylae kan dus nie in isolasie van mekaar oorweeg word nie, maar moet saamgelees word (De Koker, 2008:15-3). In die praktyk word dit in Suid-Afrika uitgevoer deurdat die belastingpligtige op die belastingvorm moet aandui of inkomste afkomstig vanuit boerdery-aktiwiteite ontvang is, waarna die teopaslike gedeelte op die belastingvorm ingevul word waarop die nodige besonderhede weergegee en die belasbare inkomste bereken word.

Dit is belangrik om in hierdie hoofstuk in gedagte te hou dat die Suid-Afrikaanse jaar van aanslag vir natuurlike persone wat met vee boer vanaf 1 Maart tot 28 Februarie loop.

2.2 BOERDERY VANUIT 'N SUID-AFRIKAANSE OOGPUNT

2.2.1 Boerdery volgens die Suid-Afrikaanse Wet

Die term 'boerdery' word nie in die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet gedefinieer nie, met die gevolg dat of 'n persoon 'n boerdery beoefen al dan nie, 'n feitevraag is waar elke situasie op eie meriete beoordeel moet word (Stiglingh *et al.*, 2010:628). Die gebrek aan 'n omskrywing het daartoe gelei dat daar oor die jare in Suid-Afrika verskeie hofsake was waarin die situasie oorweeg moes word. Stiglingh *et al.* (2010:629) verwys na Regter Smallberger wat in die hofsaak ITC 1319 (1980) verklaar dat die belastingpligtige 'n besliste plan moet hê om te boer met die maak van 'n wins as oogmerk, alvorens daar gestel kan word dat die persoon 'n boer is. In die saak ITC 1424 (1986) het die hof beslis dat hierdie oogmerk

om wins te maak ondersteun moet word deur redelike gronde, byvoorbeeld die volume van die persoon se bedrywighe, die grootte van die grond en die lewensvatbaarheid daarvan (Huxham & Haupt, 2010:282). Hoewel dit dus 'n subjektiewe toets is, word daar sterk deur die hof gelet op die objektiewe bewyse beskikbaar.

Die Suid-Afrikaanse Wet bepaal dat 'n persoon die aangeslane verlies wat in een aktiwiteit gemaak word, mag aftrek van die belasbare wins van 'n ander aktiwiteit van daardie persoon (Inkomstebelastingwet 58/1962). Dit het egter 'n skuiwergat veroorsaak wat deur baie belastingpligtiges benut is. Persone het plaas besit om op te boer, sonder dat hulle 'n voorneme gehad het om dit as 'n winsgewende besigheid te bedryf maar het dit eerder as 'n stokperdjie of 'n ontspanningsplek beskou (Coetzee, 2003:7). Die verliese vanuit hierdie boerderye is dan afgetrek van die winste van winsgewende besighede waaruit hulle andersins hul inkomste verdien het. Die Suid-Afrikaanse belastinggaarder probeer reeds jare lank om dit te vermy, maar omdat die toets vir boerdery 'n baie subjektiewe een is, was die poging om die aftrekking van boerderyverliese te stop nie suksesvol nie. In 2002 het die Appèlhof verder bepaal dat 'n boerdery nie 'n redelike vooruitsig op wins hoef te toon ten einde te kan kwalifiseer as 'n boerdery nie, mits dit nie 'n stokperdjie is nie (Williams, 2002a:39). Hierdie uitspraak het aan belastingpligtiges die deur oopgelaat om die skuiwergat verder te benut, totdat artikel 20A in 2003 ingevoeg is. Hierin word bepaal dat, indien 'n persoon in die hoogste belastingkerf val, dit wil sê bokant die 40%-skaal, en aan die bepalings van artikel 20A voldoen, daardie persoon nie die aangeslane verliese van onder andere boerderyaktiwiteite van sy belasbare inkomste mag aftrek nie (Inkomstebelastingwet 58/1962).

2.2.2 Items wat as boerderyinkomste kwalifiseer

Die kwessie rondom wat as boerderyinkomste kwalifiseer is ook in hofsake aangespreek. In ITC 740 (1951) is bepaal dat hoewel items soos water en minerale op 'n plaas gevind word, die verkoop daarvan nie boerderyinkomste verteenwoordig nie. Verder word die huurgeld wat ontvang word uit die verhuring van 'n plaas nie as boerderyinkomste beskou nie, aangesien dit verband hou met die eienaarskap van die grond en nie met boerderyaktiwiteite nie, tensy die vergoeding betaalbaar deur die verhuurder 'n persentasie van die lewende hawe behels, soos blyk uit die uitspraak in ITC 166 (1930) (Stiglingh, 2010:629).

In ITC 1548 (1991) is bepaal dat die blote lewering van boerderyverwante dienste, soos die skeer van skape of die vervoer van lewende hawe, nie kwalifiseer as boerdery soos in die Suid-Afrikaanse Wet na verwys word nie (De Koker, 2008:15-8). Die betrokke belastingpligtige het inkomste ontvang uit die lewering van bogenoemde dienste aan boere deur sy eie toerusting en fasiliteite te gebruik, maar die hof het bepaal dat slegs wanneer die persoon hierdie inkomste verkry uit die verwerking van die grond waartoe hy 'n reg het, kan hy as 'n boer bestempel word.

Die uitspraak in CIR v D & N Promotions (Pty) Ltd (1995) het bepaal dat daar 'n direkte verband moet wees tussen die inkomste en die bron waaruit die inkomste afkomstig is, in hierdie geval landboukundige aktiwiteite. 'n Indirekte verwantskap sal dus nie voldoende wees nie, derhalwe sal rente ontvang op 'n belegging van oorskot fondse nie as boerderyinkomste kwalifiseer nie, ondanks die feit dat daardie oorskot fondse gegenereer is deur middel van boerderyaktiwiteite (De Koker, 2008:15-8).

Stiglingh *et al.* (2010:629) noem die volgende items wat spesifiek by boerderyinkomste ingesluit word {vergelyk ook De Koker (2008:15-4 tot 15-8) en Huxham en Haupt (2010:282-283)}:

- a. lewende hawe wat in ag geneem is in die vasstelling van belasbare inkomste;
- b. geagte verhalings van bates soos in paragraaf 12(1C) van die Eerste Bylae bespreek;
- c. daardie deel van ontwikkelingskoste wat belasbare inkomste oorskry en wat ingevolge paragraaf 12 (3) teruggetel is; en
- d. inkomste wat verband hou met 'n skaappag of 'n soortgelyke ooreenkoms, byvoorbeeld die waarde van die lewende hawe wat verhuur of verkoop is.

Die volgende items word volgens Stiglingh *et al.* (2010:630) egter spesifiek uitgesluit van boerderyinkomste (vergelyk ook De Koker {2008:15-4 tot 15-8) en Huxham en Haupt (2010:282-283)}:

- a. inkomste ontvang uit die verhuring van boerderybates, aangesien dit met die eienaarskap van die bates verband hou en nie met boerderyaktiwiteite nie;
- b. inkomste ontvang uit die verhuring van lewende hawe, aangesien dit nie 'n boerderywerkzaamheid onder normale omstandighede is nie; en

- c. inkomste afkomstig uit 'n vervaardigingsbesigheid indien die persoon beide boerdery-aktiwiteite sowel as vervaardigingsaktiwiteite uitvoer.

2.2.3 Toelaes vir die gedwonge vervreemding van vee

Kragtens paragraaf 13 van die Eerste Bylae kan 'n boer kies om die aankoopprys van lewende hawe wat onder sekere omstandighede verkry is, af te trek van die boerdery-inkomste in die jaar waarin die vee aangekoop is of in die jaar waarin die vee wat vervang moes word, verkoop is. Ten einde dit egter te kan doen, moet die boer aan die Suid-Afrikaanse Kommissaris kan bewys dat lewende hawe gedurende die jaar van aanslag verkoop is

- a. as gevolg van droogte, veesiekte of skade aan weiding wat deur 'n brand of plaag veroorsaak is en binne vier jaar na die betrokke jaar van aanslag lewende hawe aangekoop het om daardie verliese te vervang; of
- b. aangesien die boer deelgeneem het aan 'n staatsveeverminderingsskema en binne nege jaar na die betrokke jaar van aanslag lewende hawe aangekoop het om daardie verliese te vervang (Inkomstebelastingwet 58/1962).

Hierdie toepassing het tot gevolg dat die boer in die jaar van aanslag normaalweg belas sal word op die veeverkope, maar indien daar gekies word om die aankoopprys van die vervangende vee af te trek in die verkoopsjaar, sal daardie aanslag heropen word en enige oormatige belasting terugbetaal word. Sou die boer egter nie die keuse uitoefen nie, sal die aankoopprys van die vee normaal hanteer word en dus in die huidige jaar afgetrek word (De Koker, 2008:15-84). Paragraaf 13(5) bepaal egter dat hierdie verligting nie beskikbaar sal wees indien die verkoop van die lewende hawe kragtens paragraaf 13A hanteer is nie.

Paragraaf 13A is van toepassing indien 'n boer genoodsaak was om vee te verkoop as gevolg van droogte en die opbrengs uit die verkoop, hetsy die geheel of slegs 'n gedeelte, binne drie maande na die transaksie in die Landboubank van Suid-Afrika gedeponeer het. Daardie deel van die opbrengs wat by die voorgenoemde bank gedeponeer is, sal nie deel vorm van die boer se bruto inkomste in die betrokke jaar van aanslag nie. Die deel wat onttrek word, hetsy die geheel of 'n gedeelte, sal ingevolge paragraaf 13A(3) by bruto inkomste ingereken word op die datum van

- a. die verkoopstransaksie indien die geld binne ses maande na die deponering onttrek word;
- b. onttrekking indien dit onttrek word na ses maande na deponering maar voor ses jaar na deponering;
- c. die laaste dag na die verstryking van ses jaar na deponering; of
- d. die dag voor insolvensie of afsterwe van die boer, indien sodanige gebeurtenis sou plaasvind in die tydperk in par. (b) hierbo genoem.

2.2.4 Subsidies deur 'n boer ontvang

Boere ontvang soms vanaf die Staat 'n subsidie vir uitgawes aangegaan ten opsigte van grondbewaringswerke soos in artikel 17A na verwys of ontwikkelingskoste kragtens paragraaf 12(1)(a) tot (i). Daardie volle subsidie sal ingevolge paragraaf (l) van die definisie van bruto inkomste in artikel 1 deel vorm van die bruto inkomste van die boer in die jaar waarin dit ontvang is, selfs indien die uitgawe nog nie aangegaan is of nie in die betrokke jaar ten volle afgetrek kan word nie (Inkomstebelastingwet, 58/1962).

Artikel 10(1)(z) het vroeër 'n vrystelling gebied vir sodanige subsidies, maar hierdie artikel is in 2008 geskrap, dus sal die volle subsidie huidig belasbaar wees (Inkomstebelastingwet, 58/1962).

2.3 DIE HANTERING VAN LEWENDE HAWE VIR BELASTINGDOELEINDES

2.3.1 Algemene inligting oor lewende hawe

Die hantering van lewende hawe word in paragrawe 2 tot 11 van die Eerste Bylae tot die Suid-Afrikaanse Wet bespreek, met die uitsluiting van paragraaf 9 wat handel oor die waarde van produkte en paragraaf 10 wat geskrap is (Inkomstebelastingwet 58/1962). Die term lewende hawe word nie in die Suid-Afrikaanse Wet gedefinieer nie. Die houe het egter beslis in *Farmer v COT* (1944) en *R Koster and Son v CIR* (1985) dat daar by lewende hawe ingesluit word alle diere wat deur die boer in sy aktiwiteite gebruik word (Huxham & Haupt, 2010:284). Daardie diere wat egter vir private doeleindes aangehou word, byvoorbeeld skape wat geslag word vir eie gebruik of perde wat bloot gery word vir plesier, is nie onderworpe aan die bepalings van die Eerste Bylae nie (Stiglingh *et al.*, 2010:631).

2.3.2 Insluiting en waardasie van lewende hawe

Paragraaf 2 bepaal dat 'n boer in die inkomstebelastingopgawe die waarde insluit van lewende hawe wat hy aan die begin en einde van elke jaar van aanslag besit en nie verkoop het nie. Hierdie waardes waarna verwys word, is die standaardwaardes van lewende hawe soos bespreek in paragrawe 5 tot 7. Die waardes vandag in gebruik, is soos dit in Oktober 1976 in die Staatskoerant gepubliseer is en is nie gekoppel aan die markwaardes van die onderskeie diere nie. Die relevante waardes vir veeboere word hier onder weergegee (Huxham & Haupt, 2010:285):

a.	Beeste	
i.	Bulle	R50
ii.	Koeie	R40
iii.	Osse	R40
b.	Tollies en verse	
i.	Twee tot drie jaar	R30
ii.	Een tot twee jaar	R14
iii.	Kalwers	R4
c.	Skaap	
i.	Ramme	R6
ii.	Ooie	R6
iii.	Hamels	R6
iv.	Gespeende lammers	R2

Paragraaf 6 bepaal dat 'n boer wel op sy eie stel standaardwaardes mag besluit, maar dat dit nie met meer as 20% van die waardes soos gepubliseer in die Staatskoerant mag verskil nie, terwyl paragraaf 7 stel dat die standaardwaardes konsekwent toegepas moet word.

Ingevolge paragraaf 3(1) word daar by die belasbare inkomste van 'n veeboer aan die einde van die jaar van aanslag die waarde van die lewende hawe op daardie datum besit en wat nie van die hand gesit is nie ingesluit. Daardie selfde waarde word ingevolge paragraaf 4(1)(a)(i) oorgedra en vorm die waarde van beginvoorraad vir die volgende jaar waar dit dan as 'n aftrekking toegelaat word. Die waarde van eindvoorraad word dus in die een jaar as 'n inkomste hanteer, terwyl dit dan in die volgende jaar, as beginvoorraad, afgetrek word. Kragtens paragraaf 3(2) word hierdie waarde van eindvoorraad ook ingesluit by die belasbare

inkomste van 'n persoon wat boerdery staak, totdat die lewende hawe uiteindelik verkoop word (Inkomstebelastingwet 58/1962). Paragraaf 4(1)(a)(ii) stel dat die waarde van beginvoorraad lewende hawe die markwaarde van die diere sal wees indien die boer dit verkry het op 'n ander wyse as aankope of natuurlike aanwas, byvoorbeeld deur middel van 'n skenking, erflating of dividend in spesie. Kragtens paragraaf 4(1)(a)(iii) sal die waarde van lewende hawe aan die begin van die jaar, indien die boer lewende hawe aanhou vir ander doeleindes as vir boerderyaktiwiteite, byvoorbeeld die aanhou van perde vir plesier, maar gedurende die jaar begin om daardie diere vir boerderyaktiwiteite te gebruik, die markwaarde daarvan wees.

2.3.3 Die belastinggevolge van 'n skaappag

Paragraaf 3(3) bespreek die belastinggevolge ten opsigte van 'n skaappag, dit wil sê 'n transaksie ingevolge waarvan die verhuurder aan die huurder lewende hawe voorsien en laasgenoemde verplig is om, ten tyde van die verstryking van die ooreenkoms, dieselfde hoeveelheid en kwaliteit diere aan die verhuurder terug te besorg. Die ooreenkoms bepaal dus dat die eienaarskap van die lewende hawe oorgaan van die verhuurder na die huurder. Vir belastingdoeleindes bepaal die betrokke paragraaf egter dat die eienaarskap nie geag word oor te gaan nie en dat dit nie as 'n verkoopstransaksie beskou word nie. Dit lei daartoe dat die waarde van die lewende hawe as eindvoorraad by die verhuurder se belasbare inkomste ingesluit sal word en weer as beginvoorraad in die volgende jaar afgetrek sal word vir die duur van die ooreenkoms. Stiglingh *et al.* (2010:631) som die belastinggevolge vir die huurder soos volg op (vergelyk De Koker, 2008:15-12 tot 15-14):

- a. Die huurder hoef nie enige aanpassings te maak indien die diere vanaf die bestaande voorraad oorhandig word wanneer die ooreenkoms op 'n einde kom nie.
- b. Die koste van die diere wat deur die huurder aangekoop word ten einde die getal aan te vul na die ooreengekome hoeveelheid kan afgetrek word van inkomste.
- c. Die vergoeding betaalbaar deur die huurder vir die aanvulling van tekorte word toegelaat as 'n aftrekking van inkomste.
- d. Bogenoemde koste vir die aankoop van die diere en die vergoeding betaalbaar kan alleenlik afgetrek word in die jaar waarin dit aangegaan is. Artikel 23(e) bepaal dat die inkomste wat na 'n reserwefonds oorgedra is of gekapitaliseer is, nie as 'n aftrekking toegelaat sal word nie. Dit het tot gevolg dat geen voorsienings vir bogenoemde skadeloosstellings as 'n aftrekking beskikbaar sal wees nie.

- e. Daardie koste aangegaan kort voor die verstryking van die ooreenkoms wat verband hou met die aankoop van diere, is aftrekbaar.
- f. Die huurgeld betaalbaar deur die huurder, hetsy in kontant of andersins, is aftrekbaar.

2.3.4 Die aftrekbaarheid van lewende hawe en beperkings daarop

Die lewende hawe wat deur 'n boer gehou word verteenwoordig bedryfskapitaal. Die opbrengs uit die verkoop daarvan kan dus nie kapitaal van aard wees nie, maar sal altyd inkomste van aard bly. Indien 'n veeboer dus, ter illustrasie, 'n bul koop wat in 'n stoet gebruik word, kan daar nie aangevoer word dat die bul kapitaal van aard is nie, ongeag die feit dat daar nie beplan word om die bul in die afsienbare toekoms te verkoop nie (Stiglingh *et al.*, 2010:631). Soos vroeër vermeld, moet die Eerste Bylae saamgelees word met die res van die Suid-Afrikaanse Wet. Artikel 11(a) van laasgenoemde bepaal dat daar afgetrek mag word van inkomste daardie uitgawes en verliese wat werklik aangegaan of gely is gedurende die jaar van aanslag, mits dit aangegaan is in die voortbrenging van inkomste en nie van kapitale aard is nie (Inkomstebelastingwet 58/1962). Die lewende hawe wat dus gedurende 'n jaar deur 'n veeboer aangekoop word, sal aftrekbaar wees vanaf inkomste, aangesien dit 'n werklike uitgawe is wat aangegaan is vir bedryfsdoeleindes en nie van kapitale aard is nie.

Paragraaf 8(1) beperk egter hierdie aftrekking wat deur artikel 11(a) toegestaan is tot 'n bedrag wat, tesame met die standaardwaarde van die beginvoorraad lewende hawe, nie die boerderyinkomste ontvang gedurende die jaar en die standaardwaarde van die eindvoorraad lewende hawe oorskry nie. Die boerderyinkomste waarna hier verwys word, beteken die bruto inkomste ontvang uit boerderyaktiwiteite, byvoorbeeld veeverkope, minus enige vrystellings toegestaan voor die aftrekking van uitgawes (Inkomstebelastingwet, 58/1962; Stiglingh *et al.*, 2010:634). Die beperking word dus soos volg bereken:

Beginvoorraad lewende hawe	R XXX
Plus lewende hawe aangekoop	R XXX
Min boerdery inkomste	(R XXX)
Min eindvoorraad lewende hawe	<u>(R XXX)</u>
Oormatige uitgawe nie aftrekbaar nie	<u>R XXX</u>

Paragraaf 8(2) bepaal dat die oormatige uitgawe soos hier bo bereken, oorgedra kan word na die volgende jaar van aanslag en geag sal word 'n uitgawe te wees wat in daardie jaar

aangegaan is. Die bedrag word dus by die beginvoorraad en die aankope bygetel alvorens die inkomste en eindvoorraad afgetrek word. In paragraaf 8(3) word die gevalle waar hierdie omheiningsbepaling nie van toepassing sal wees nie bespreek, naamlik in gevalle waar:

- a. die boer kan bewys dat hy wel die lewende hawe aangekoop het, maar aan die einde van die jaar dit nie besit nie en ook nie verkoop het nie – 'n voorbeeld daarvan is wanneer die totale kudde verkoop is of die vee gevrek het weens droogte; of
- b. indien die som van die bedrag ingevolge paragraaf 8(2) oorgebring vanaf die vorige jaar en die beginvoorraad teen standaardwaarde die markwaarde van eindvoorraad oorskry – dit kan gebeur indien die mark vir daardie spesifieke diersoort gedurende die jaar geheel en al in duie stort (Inkomstebelastingwet 58/1962).

2.3.5 Verhalingsbepalings van toepassing onder sekere omstandighede

Paragraaf 11 bevat verhalingsbepalings rakende lewende hawe wat van die hand gesit word op wyses anders as in die normale verloop van boerderyaktiwiteite (Inkomstebelastingwet, 58/1962). Die paragraaf stel dat in sodanige gevalle daar by die inkomste van die boer die volgende bedrae ingesluit sal word:

- a. die kosprys van die lewende hawe wat vir privaatdoeleindes verbruik is, byvoorbeeld skape wat geslag is vir huishoudelike gebruik;
- b. die markwaarde van die lewende hawe wat
 - i. uit die Republiek van Suid-Afrika verwyder is vir ander doeleindes as die generering van inkomste uit 'n bron binne die Republiek,
 - ii. geskenk is,
 - iii. vervreem is teen vergoeding minder as markwaarde, tensy dit in die normale verloop van besigheid plaasgevind het,
 - iv. as 'n dividend in spesie uitgekeer is, of
 - v. vir enige ander doel aangewend is anders as in die normale verloop van besigheid, tensy vir huishoudelike gebruik.

Die paragraaf bevat egter ook 'n voorbehoudsbepaling waarin gestel word dat, indien die lewende hawe in die normale verloop van besigheid verbruik word en 'n verhaling plaasvind, die boer dieselfde bedrag as dié van die verhaling sal kan aftrek as 'n uitgawe. Dit gebeur byvoorbeeld wanneer 'n skaap geslag word as rantsoene vir werknemers – die markwaarde

van die skaap word ingesluit by inkomste terwyl dieselfde bedrag aftrekbaar is ingevolge artikel 11(a) (Huxham & Haupt, 2010:289-290).

2.4 DIE AFTREKBAARHEID VAN BOERDERYUITGAWES

2.4.1 Algemene aftrekkings beskikbaar aan boere en beperkings daarop

Ondanks die spesiale bepalings wat ingevolge die Eerste Bylae aan boere beskikbaar is, bied artikel 11(a) die aftrekking van 'n groot verskeidenheid uitgawes, naamlik:

- a. lewende hawe aankope, tensy die bepalings van paragraaf 8 van toepassing is soos hier bo bespreek;
- b. huuruitgawes ten opsigte van boerderyeiendom;
- c. voere aangekoop vir vee;
- d. veemiddels en veeartsuitgawes;
- e. uitgawes wat met plaaswerkers geassosieer word, byvoorbeeld lone, rantsoene en mediese dienste, tensy dit verband hou met die oprigting van kapitale werke soos in paragraaf 12 bedoel;
- f. uitgawes aangegaan vir die bestryding van onkruid en indringerplante;
- g. eiendomsbelasting; en
- h. rente op lenings en bankoortrekkings, tot die mate wat die krediet verband hou met boerderyaktiwiteite (Inkomstebelastingwet 58/1962).

Artikel 23(a) en (b) is ook op boere van toepassing, dus kan geen privaat of huishoudelike uitgawes afgetrek word nie, byvoorbeeld kruideniersware wat aangekoop word vir eie gebruik of die paalement van 'n huis by die see (Inkomstebelastingwet, 58/1962).

Kragtens artikel 17A is 'n aftrekking beskikbaar aan die verhuurders van grond vir uitgawes aangegaan wat verband hou met grondbewaringswerke, mits

- a. daar gedurende die jaar van aanslag veeboerdery op die grond bedryf is;
- b. die uitgawes deur die verhuurder aangegaan word in die konstruksie van grondbewaringswerke en deur 'n persoon aangewys ingevolge die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne gesertifiseer word; en
- c. die bedrag van die aftrekking beperk word tot die belasbare inkomste verkry deur die verhuurder, waarna die oorskot van die aftrekking oorgedra word na die volgende jaar (Stiglingh *et al.*, 2010:637).

2.4.2 Ontwikkelingskoste aftrekbaar kragtens paragraaf 12 van die Eerste Bylae

In die saak CIR v Zamoyski (1985) het die hof beslis dat alle paragraaf 12-uitgawes afgetrek moet word voordat 'n aangeslane verlies van die vorige jaar oorgedra word ingevolge artikel 20 of enige verliese van die belastingpligtige se nie-boerderyaktiwiteite in berekening gebring word (De Koker, 2008:15-54). Paragraaf 12(1) laat verskeie ontwikkelingskoste as 'n aftrekking toe al besit die boer nie self die eiendom nie, mits dit deur die boer persoonlik aangegaan is en dit verband hou met daardie persoon se boerderyaktiwiteite. Hierdie uitgawes kan in die volgende twee groepe verdeel word:

- a. uitgawes wat afgetrek mag word en 'n aangeslane verlies mag veroorsaak, byvoorbeeld
 - i. onkruidbestryding en die vernietiging van indringerplante;
 - ii. uitgawes aangegaan om grondverspoeling te voorkom; en
- b. uitgawes wat afgetrek mag word maar nie 'n aangeslane verlies mag veroorsaak nie, byvoorbeeld
 - i. dipbakke;
 - ii. damme, besproeiingskemas, boorgate en pompmasjiene;
 - iii. omheinings;
 - iv. werk verrig aan geboue, hetsy oprigtings of verbeterings (behalwe herstelwerk), mits dit nie vir huishoudelike doeleindes aangewend word nie;
 - v. aanleg van paaie en brûe wat in verband met boerderyaktiwiteite gebruik word;
 - vi. uitgawes aangegaan vir die oprigting van 'n kraglyn vir die voorsiening van elektrisiteit, mits daar 'n ooreenkoms tussen die boer en die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie bestaan wat sodanige uitgawes vereis (Inkomstebelastingwet 58/1962; Stigling *et al.*, 2010:637).

Bogenoemde uitgawes moet egter verband hou met die ontwikkelingskoste, met die gevolg dat materiaal en arbeid aftrekbaar sal wees onder paragraaf 12(1), maar die koste van byvoorbeeld 'n boormasjien sal egter ingevolge artikel 12B hanteer moet word. Paragraaf 12(3) bepaal dat die uitgawes onder par. (b) hierbo genoem wat die belasbare boerdery-inkomste oorskry, oorgedra word na die volgende jaar van aanslag en geag sal word uitgawes te wees wat in daardie jaar aangegaan is. Alvorens die oordrag egter plaasvind, word die bedrag verminder met die verhalings op roerende bates wat gedurende die jaar ontstaan het soos bereken kragtens paragraaf 12(1B)(a). Verder word hierdie balans dan verminder met uitgawes uiteengesit in paragraaf 20A van die Agtste Bylae. Hierdie paragraaf stel dat, indien

'n boer die eiendom waarop die ontwikkelingskoste aangegaan is, verkoop terwyl daar nog 'n saldo van ontwikkelingskoste is, wat oorgedra is vanaf die vorige jaar, daardie onafgetrekte bedrag hanteer word asof dit aangegaan is vir kapitaalwinsbelastingdoeleindes en deel sal vorm van die basiskoste, onderhewig aan sekere vereistes (Stiglingh *et al.*, 2010:638). Dit kom daarop neer dat die uitgawe wat oorgedra kan word eerstens verminder word met verhalings van onroerende eiendom en tweedens met die kapitale uitgawes wat verband hou met verkoopte eiendom. Paragraaf 12(2) bepaal dat, indien 'n aftrekking ingevolge paragraaf 12(1) toegestaan is, daar geen artikel 11(e) slytasietoelaag of artikel 11(o) skrappingstoelaag ten opsigte van die betrokke bates geëis mag word nie (Inkomstebelastingwet 58/1962).

Indien die paragraaf 12-aftrekkings wat hierbo bespreek is, verhaal word, sal dit nie aan belasting onderhewig wees nie (Stiglingh *et al.*, 2010:641). Hierdie verhaling sal kragtens paragraaf 12(1B)(a) plaasvind wanneer die bate wat verband hou met die uitgawe vervreem word, ongeag wanneer die uitgawe aangegaan is. Die verhaling word beperk tot die oorspronklike aftrekking. Indien 'n roerende bate vervreem word deur 'n skenking aan 'n ander persoon of teen vergoeding wat nie gelyk is aan die markwaarde van die bate nie, ag paragraaf 12(1C) die vergoeding gelykstaande aan die markwaarde te wees, beperk tot die koste van die bate. Die verhaling word verder kragtens paragraaf 12(3B) beperk tot die oormatige ontwikkelingskoste wat kragtens paragraaf 12(3) vanaf die vorige jaar oorgedra is.

2.4.3 Die 50/30/20 toelaag vervat in artikel 12B

Hierdie toelaag is spesifiek beskikbaar aan boere op enige masjinerie, gereedskap, werktuie of artikels, insluitende verbeteringe op voorgenoemde items, waarvan die belastingpligtige die eienaar is en vir die eerste keer deur die persoon in gebruik geneem word in die beoefening van boerderybedrywighede, uitgesluit persoonlike voertuie en persoonlike bates {paragraaf 12B(1)(f) en (i)}. In subartikel 2 word gestel dat die bedrag van die aftrekking soos volg bereken word:

- a. 50% van die koste van die bate in die jaar waarin dit vir die eerste keer in gebruik geneem word;
- b. 30% in die tweede jaar; en
- c. 20% in die derde en dus finale jaar (Inkomstebelastingwet 58/1962).

Die koste waarna hier bo verwys word, is volgens subartikel 3 die minste van die werklike koste vir die boer of die som van die billike markwaarde en installasiekoste. Die rentekomponent van die transaksie word nie by die koste ingereken nie (Inkomstebelastingwet 58/1962).

Daar word beperkings geplaas op die bedrag van die aftrekking in artikel 12B(4) en (5). Eersgenoemde stel dat geen aftrekking beskikbaar sal wees nie, indien

- a. die betrokke bate verhuur word, tensy:
 - i. die bate ingevolge 'n bedryfshuur verhuur word, dit wil sê aan die algemene publiek terwyl die koste van instandhouding deur die verhuurder gedra word en eienaarskap nie oorgaan na die huurder nie; of
 - ii. indien die bate verhuur word ingevolge 'n ander ooreenkoms, maar die huurder bedrae daarvolgens sal ontvang wat deel sal vorm van inkomste en die tydperk van die ooreenkoms ten minste vyf jaar is of die nuttige lewensduur van die bate;
- b. die bate deur 'n maatskappy in gebruik geneem word en
 - i. dit vroeër in dieselfde jaar deur 'n ander maatskappy in gebruik geneem is;
 - ii. albei maatskappye hoofsaaklik deur dieselfde persone bestuur, beheer of besit word; en
 - iii. 'n artikel 12B-aftrekking reeds aan die eerste maatskappy toegestaan is;
- c. die bate in 'n vorige jaar van aanslag deur die persoon van die hand gesit is;
- d. daar aan die persoon 'n aftrekking kragtens artikel 12E toegestaan is vir die betrokke bate;
- e. die eienaarskap by die verkoper bly ten opsigte van 'n bate verkoop ingevolge 'n paaiementkredietooreenkoms soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde (Wet no. 89 van 1991) (Inkomstebelastingwet 58/1962).

In artikel 12B(5) bepaal die Suid-Afrikaanse Wet dat die totaal van die aftrekkings toegestaan nie die koste soos in subartikel 3 bedoel, mag oorskry nie (Inkomstebelastingwet 58/1962).

Artikel 12B(4B) ag dat, indien 'n artikel 12B-aftrekking in die jaar nadat die bate in gebruik geneem is toegelaat sou word, dit gedurende die betrokke jare toegelaat is, asof die ontvangstes en toevallings by die persoon se inkomste ingesluit is (Stiglingh *et al.*, 2010:644).

Artikel 8(4)(a) van die Suid-Afrikaanse Wet bevat 'n verhalingsbepaling en stel dat, indien die bate waarop die artikel 12B-aftrekking geëis is, verkoop word en die opbrengs met beskikking groter is as die belastingwaarde van die bate, die bedrae wat geëis is, teruggetel moet word by die inkomste van die persoon. Die belastingwaarde is die kosprys van die bate minus die aftrekkings geëis. Net so word die aftrekkings egter ook in berekening gebring indien die opbrengs minder is as die belastingwaarde en 'n artikel 11(o) skrappingstoelaag beskikbaar is (Stiglingh *et al.*, 2010:644).

Hierdie aftrekking word nie pro rata toegedeel vir die jaar nie, dit wil sê dit word ten volle geëis, selfs indien die bate slegs vir 'n gedeelte van die jaar in gebruik geneem is.

2.4.4 Die slytasievermindering ingevolge artikel 11(e)

Hierdie artikel bied aan boere 'n slytasievermindering op daardie bates wat in die boerdery gebruik word, maar wat nie onder artikel 12B vir 'n aftrekking sal kwalifiseer nie. 'n Belastingpligtige kan derhalwe nie beide die artikel 12B-aftrekking sowel as die artikel 11(e) slytasievermindering eis op 'n spesifieke bate nie. Daar moet eers bepaal word of die bate nie ingevolge artikel 12B afgeskryf kan word nie en daarna word artikel 11(e) oorweeg. Laasgenoemde artikel vereis dat die belastingpligtige die eienaar van die bates moet wees en dat die bates in die beoefening van die persoon se bedryf gebruik moet word, maar vereis nie dat die bates vir die eerste keer in gebruik geneem hoef te word nie. 'n Aftrekking sal nie vir persoonlike bates beskikbaar wees onder hierdie artikel nie (Inkomstebelastingwet 58/1962).

Die bedrag van die vermindering word bereken op die waarde van die bate en afgeskryf op die verminderde saldo-metode, maar 'n belastingpligtige mag ingevolge Uitlegnota 47 tot die Suid-Afrikaanse Wet kies dat die reguitlynmetode eerder gevolg word. Hierdie waarde van die bate word bereken as die direkte koste daarvan asof ingevolge 'n markverwante transaksie verkry, ingesluit die installasie- en verskuiwingskoste, maar uitgesluit enige finansieringskoste (Stiglingh *et al.*, 2010:200). Bogenoemde Uitlegnota sit die koerse wat gebruik moet word uiteen in die geval van reguitlynige afskrywing en bepaal dat die bedrag van die vermindering pro rata bereken moet word vir gedeeltes van 'n jaar.

Die verskil tussen artikels 12B en 11(e) kan soos volg geïllustreer word. Gestel 'n boer besit 'n trekker wat vir boerderydoeleindes gebruik word en waarvan die koste/waarde R100 000

beloop. Indien hierdie trekker vir die eerste keer vir boerderyaktiwiteite aangewend word, sal die bedrag van die afskrywing ingevolge artikel 12B R50 000 beloop in die eerste jaar, R30 000 in die tweede jaar en R20 000 in die derde jaar. In teenstelling hiermee bepaal artikel 11(e) saamgelees met Uitlegnota 47 dat die trekker in aanmerking kom vir 'n slytasievermindering van 25% per jaar, dus word die bate oor vier jaar teen R25 000 per jaar afgeskryf. Hierdie voorbeeld neem nie enige proporsionele afskrywing in ag nie, maar illustreer slegs die grootste verskille tussen artikels 12B en 11(e) (Bron: Hipotetiese syfers).

2.4.5 Artikel 13sex aftrekking rakende geboue aangewend vir huishoudelike doeleindes

Kragtens paragraaf 12 van die Eerste Bylae tot die Suid-Afrikaanse Wet kan 'n boer nie daardie uitgawes aftrek wat verband hou met die oprigting van behuising nie, maar hierdie uitgawes kan moontlik kwalifiseer vir aftrekking onder artikel 13sex (Stiglingh *et al.*, 2010:641).

Artikel 13sex bepaal dat 'n boer wel 5% per jaar van die koste van 'n nuwe of ongebruikte wooneenheid mag aftrek, wat verhoog word na 10% per jaar indien die eenheid 'n lae-koste wooneenheid soos omskryf in artikel 1 is. Ten einde te kan kwalifiseer, moet die boer aan die volgende vereistes voldoen:

- a. die boer moet die eienaar van die wooneenheid wees;
- b. die eenheid moet uitsluitlik vir bedryfsdoeleindes aangewend word, byvoorbeeld die verhuring daarvan aan 'n werknemer;
- c. die eenheid moet in Suid-Afrika geleë wees; en
- d. die boer moet die eienaar van ten minste vyf sodanige eenhede wees (Inkomstebelastingwet 58/1962; Stiglingh *et al.*, 2010:222).

Artikel 1 definieer 'n wooneenheid as 'n gebou of selfstandige woonstel wat hoofsaaklik vir woonakkommodasie gebruik word, maar dit sluit geboue of eenhede deur hotelhouders gehou uit. Die sogenaamde lae-koste wooneenheid word in artikel 1 omskryf as 'n wooneenheid met 'n koste laer as R200 000 of R250 000 in die geval van 'n woonstel, en waarvoor die eienaar 'n huur hef van minder as 1% van die genoemde koste. Die koste word bereken as die minste van die werklike uitgawe aangegaan of die billike markwaarde van die gebou (Inkomstebelastingwet 58/1962; Stiglingh *et al.*, 2010:222). 'n Boer wat dus vyf of meer lae-koste wooneenhede oprig vir werknemers en hierdie eenhede dan aan hulle verhuur teen

minder as 1% van die oprigtingskoste, kan 'n aftrekking van 10% van die genoemde oprigtingskoste van daardie eenhede in berekening bring.

2.5 DIE GEMIDDELDE AANSLAGFORMULE

2.5.1 Die gebruik van die gemiddelde aanslagformule

Paragraaf 19 van die Eerste Bylae stel die moontlike gebruik van die gemiddelde aanslagformule aan boere beskikbaar, mits die persoon 'n natuurlike persoon is. Uit die bewoording van subparagraaf 5(a) blyk dit dat die toepassing nie aan natuurlike persone wat begunstigdes van 'n trust wat boerderyaktiwiteite uitvoer, beskikbaar sal wees nie, aangesien hierdie aktiwiteite nie deur hulle vir hul eie voordeel uitgevoer word nie (Stiglingh *et al.*, 2010:646).

Artikel 5(10) bevat die bepalings van die formule en is van toepassing op 'n boer indien

- a. daar gedurende die jaar van aanslag boerderyinkomste ontvang is deur die boer;
- b. die belasbare inkomste vir die betrokke jaar van aanslag die gemiddelde belasbare inkomste bereken kragtens paragraaf 19(2) oorskry; en
- c. die boer die keuse vervat in paragraaf 19(5) uitgeoefen het vir die spesifieke jaar van aanslag, dit wil sê 'n natuurlike persoon of die eksekuteur van 'n boer se boedel is en binne drie maande na die einde van die jaar van aanslag kies om die gemiddelde aanslagformule toe te pas.

Indien 'n boer die keuse uitoefen om hierdie paragraaf toe te pas, sal die verligting wat deur paragraaf 13 gebied word (kyk par. 2.2.3, p. 12, hier bo) nie meer beskikbaar wees nie. Die keuse sal bindend wees vir die betrokke jaar van aanslag sowel as elke daaropvolgende jaar en is onherroepbaar (Inkomstebelastingwet 58/1962; Huxham & Haupt, 2010:293-294).

2.5.2 Die werking van die formule

Die formule word in Praktyknota 29 van die Suid-Afrikaanse Wet bespreek en is soos volg (Inkomstebelastingwet 58/1962):

$$Y = \left(\frac{A}{B + D - (C + L)} \times (B - L) \right) + (L \times R)$$

Die simbole in die formule verteenwoordig die volgende waardes:

- a. Y = die normale belasting wat bereken moet word voor die aftrekking van kortings;
- b. A = die normale belasting voor die aftrekking van kortings bereken op die belasbare inkomste van $B + D - (C - L)$;
- c. B = die belasbare inkomste vir die jaar;
- d. C = die bedrag waarmee die boer se belasbare inkomste vir die jaar die gemiddelde belasbare inkomste bepaal kragtens paragraaf 19(2) oorskry;
- e. D = die bedrag van uittredingannuïteitsfondsbydraes wat aftrekbaar is ingevolge artikel 11(n)(aa)(A) vanweë die insluiting van die buitengewone inkomste wat vir die gemiddelde aanslagformule kwalifiseer;
- f. L = die bedrag van enkelbedrae ontvang uit hoofde van aftrede (Inkomstebelastingwet 58/1962). In die geval van 'n boer wat geen enkelbedrag ontvang het nie, sal die simbole D en L in bogenoemde formule nul wees.

Die gemiddelde belasbare inkomste, dus simbool C hier bo, word soos volg bereken:

- a. Die belasbare boerderyinkomste vir die huidige en voorafgaande vier jaar van aanslag word deur vyf gedeel. Gedeeltes van 'n jaar word as 'n volle jaar hanteer.
- b. In die geval waar 'n boer nog nie vir vyf jaar boer nie, word die gemiddelde dan bereken vir die huidige en voorafgaande jare sedert boerdery 'n aanvang geneem het.
- c. Verliese in die voorafgaande vier jare van aanslag word nie in berekening gebring nie, kragtens die uitspraak in die saak CIR v Zamoyski (1985).
- d. Die gemiddelde jaarlikse inkomste mag nie kleiner as nul wees nie (Inkomstebelastingwet, 58/1962; Huxham & Haupt, 2010:299).

Die toepassing hiervan sal tot gevolg hê dat die boer effektiewelik belasting betaal teen 'n skaal wat bereken is volgens sy gemiddelde inkomste (Huxham & Haupt, 2010:203).

2.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die belasting van veeboere in Suid-Afrika bespreek en sodoende is die doelwitte met betrekking tot hierdie land, soos uiteengesit in par. 1.4.a (p. 4), aangeraak. Die volgende bevindinge is onder die onderskeie afdelings gemaak:

- a. Inleiding

- i. Die Eerste Bylae tot die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet hanteer spesifiek die belasting van plaaslike boere, maar moet saam met die Hoofwet gelees word en nie in isolasie beskou word nie.
- b. Boerdery vanuit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt
 - i. Daar is bevind dat, aangesien die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet nie die term 'boerdery' definieer nie, die houe oor die jare in dié verband geraadpleeg is.
 - ii. Uitsprake het bepaal dat die belastingpligtige darem 'n plan moet hê om boerderyaktiwiteite uit te voer en uiteindelik 'n wins te genereer. Hierdie plan moet ondersteun kan word deur redelike gronde, met die gevolg dat die subjektiewe toets sterk steun op die objektiewe bewyse beskikbaar.
 - iii. Ten opsigte van toelaes ontvang vir die gedwonge vervreemding van vee is gevind dat paragraaf 13 aan boere die opsie bied om die koste van die vervangende vee later af te trek in die jaar waarin die vee aanvanklik verkoop is.
 - iv. Paragraaf 13A bied as alternatief die opsie om die opbrengs by die Landboubank van Suid-Afrika te belê, in welke geval die boer eers belas sal word tydens die onttrekking van die deposito.
- c. Die hantering van lewende hawe vir belastingdoeleindes
 - i. Daar is gevind dat, hoewel die term nie in paragrawe 2 tot 11 van die Eerste Bylae gedefinieer word nie, die houe beslis het dat dit alle diere insluit wat deur die boer in boerderyaktiwiteite gebruik word, uitgesluit daardie diere wat aangehou word vir privaatdoeleindes.
 - ii. Die waarde van lewende hawe word ingesluit in die belastingberekening aan die begin van die jaar, wanneer dit afgetrek word, en aan einde van die jaar, wanneer dit bygetel word, teen die standaardwaardes van die onderskeie diere.
 - iii. Die aankoop van lewende hawe sal normaalweg onder artikel 11(a) aftrekbaar wees, maar sodanige aftrekking word beperk deur paragraaf 8.
- d. Die aftrekbaarheid van boerderyuitgawes
 - i. Paragraaf 12 van die Eerste Bylae bespreek die spesiale bepalinge vir boere in die aftrekking van ontwikkelingskoste. Sommige van hierdie uitgawes mag aangeslane verliese veroorsaak en ander nie, waarvan die oorskot, onderhewig aan sekere aanpassings, dan na 'n volgende jaar van aanslag oorgedra sal word.
 - ii. Artikel 12B stel, onder sekere omstandighede, 'n beperkte toelaag aan boere beskikbaar vir die aftrekking van die koste van kapitale bates.

- iii. Artikel 11(e) bied aan boere die geleentheid om daardie bates wat nie onder artikel 12B aftrekbaar is nie, oor 'n tydperk soos uiteengesit in Uitlegnota 47 af te skryf, onderhewig aan sekere vereistes.
- e. Die gemiddelde aanslagformule
 - i. Paragraaf 19 bepaal dat 'n boer die gemiddelde aanslagformule mag gebruik, onderhewig aan sekere vereistes.
 - ii. Die toepassing van die formule sal daarop neerkom dat die boer oor 'n aantal jare belasting betaal teen die gemiddelde belastingkoers.

In die volgende twee hoofstukke sal dieselfde bestudering ten opsigte van Australië en Nieu-Seeland plaasvind en sodoende sal die relevante doelwitte aangespreek word.

HOOFSTUK 3

INKOMSTEBELASTING VAN VEEBOERE IN AUSTRALIË

3.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk behels die aanspreek van die doelwit uiteengesit in par. 1.4.b (p. 4). Die belastingbepalings van boerdery, of ‘primêre produksie’ soos dit in Australië bekend staan, word uiteengesit in artikels 40-510 tot 40-675 van die Australiese ‘Income Tax Assessment Act 1997’ (hierna die Australiese Wet genoem) (Income Tax Assessment Act 1997). Hierdie artikels bied egter slegs die spesifieke bepalinge wat op boere van toepassing is, met die gevolg dat hierdie afdeling van die Australiese Wet nie in isolasie gelees moet word nie. Australiese veeboere kan steeds in aanmerking kom vir aftrekkings wat aan ander belastingpligtiges beskikbaar is, byvoorbeeld uitgawes aangegaan vir herstelwerk en die waardevermindering van bates, mits aan die nodige vereistes voldoen word.

In hierdie hoofstuk sal daar op stadiums verwys word na onderskeidelik die 1936- en 1997-weergawe van die Australiese Wet. Die rede daarvoor is dat die wysigings aan eersgenoemde genoodsaak het dat die Wet herskryf moes word en vandaar die 1997-weergawe. Hierdie weergawe het egter nie die volledige 1936-weergawe vervang nie (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:1 tot 5).

Die Australiese Wet maak gebruik van belastingterme wat in artikels 6 tot 8 gedefinieer word en wat relevant is vir die studie, maar verskil van die Suid-Afrikaanse terme. Hier onder volg ’n uiteensetting daarvan:

- a. belasbare inkomste – hierdie bedrag word bereken as assesseerbare inkomste min aftrekkings, en word gebruik om die belasting betaalbaar te bereken.
- b. assesseerbare inkomste – die bedrag sluit in inkomste volgens die gewone betekenis daarvan en ander spesifieke insluitings, byvoorbeeld statutêre inkomste in die vorm van netto kapitaalwinste, maar vrygestelde inkomste en nie-assesseerbare nie-vrygestelde inkomste word uitgesluit.
- c. vrygestelde inkomste – dit verwys na daardie bedrae wat wel ontvang word as inkomste, maar kragtens die Australiese Wet vrygestel is.
- d. nie-assesseerbare nie-vrygestelde inkomste – dit sluit in gewone inkomste sowel as statutêre inkomste wat spesifiek volgens die Australiese Wet as sodanig gedefinieer

word, byvoorbeeld bedrae vanaf die Australiese Regering ontvang vir verliese gelyk as gevolg van die veldbrande in die Victoria-provinsie in Februarie 2009.

- e. aftrekkings – dit verwys na enige aftrekkings, hetsy spesifiek of algemeen, soos gedefinieer in artikel 8 van die Australiese Wet (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:14 tot 15 en 1077).

Neem in hierdie hoofstuk in ag dat die Australiese inkomstejaar jaarliks vanaf 1 Julie tot 30 Junie loop.

3.2 PRIMÊRE PRODUKSIE VANUIT 'N AUSTRALIESE OOGPUNT

3.2.1 Definisie volgens die Australiese Wet en verdere riglyne

Die 1997 Australiese Wet definieer in artikel 995-1(1) 'n primêre produksiebesigheid as 'n besigheid wat onder andere die onderhoud van diere behels, met die doel om óf die diere self, insluitende natuurlike aanwas, óf die liggaamlike produkte van die diere te verkoop (Income Tax Assessment Act 1997). Belastingbeslissingnommer TR97/11 uitgereik deur die Australiese Belastingkantoor (soortgelyk aan die plaaslike Suid-Afrikaanse Inkomstediens) getiteld 'Income tax: am I carrying on a business of primary production?' bied riglyne rakende die toepassing van die definisie (Australian Taxation Office, 1997). Die dokument stel dat 'n persoon 'n primêre produksiebesigheid soos bedoel in die Australiese Wet bedryf indien die persoon by primêre produksie-aktiwiteite betrokke is en daardie aktiwiteite as die voortsetting van 'n besigheid beskou kan word. Kragtens die omskrywing van 'n besigheid in artikel 6(1) van die 1936 Australiese Wet sluit dit enige professie, handel, diens, beroep of roeping in, maar nie dienslewering as 'n werknemer nie (Income Tax Assessment Act 1936). Die feit dat hierdie definisie nie 'n duidelike antwoord bied nie het daartoe gelei dat die hof ook in Australië verskeie kere 'n uitspraak oor die aangeleentheid moes lewer.

Die hof het bepaal dat elke situasie op eie meriete beoordeel moet word, maar deur die jare is sekere algemene riglyne neergelê. In die hofsake *Evans v. FC of T* (1989), *Martin v. FC of T* (1953) en *Ferguson v. FC of T* (1979) is bepaal dat geen enkele riglyn beslissend is nie en dat die riglyne in geheel geëvalueer moet word ten einde 'n algemene indruk te verkry (Australian Taxation Office, 1997). Dit is egter praktyk dat, indien die winsmotief nie teenwoordig is nie en dit blyk dat die aktiwiteite nie 'n wins sal genereer nie, dit

onwaarskynlik is dat die aktiwiteite as 'n besigheid sal kan kwalifiseer. Verdere riglyne word hier onder gelys en behels dat daar met betrekking tot die primêre produksie-aktiwiteite

- a. wesenlike kommersiële aktiwiteite moet plaasvind,
- b. die doel en bedoeling van die betrokke belastingpligtige oorweeg moet word,
- c. dit herhaaldelik en reëlmatig moet plaasvind,
- d. dit op 'n soortgelyke manier as 'n normale besigheid uitgevoer moet word,
- e. dit georganiseer en op 'n besigheidswyse uitgevoer moet word, dit wil sê rekordhouding moet plaasvind,
- f. die grootte en aard daarvan oorweeg moet word,
- g. dit nie uitgevoer moet word bloot as 'n stokperdjie of as ontspanning nie,
- h. daar 'n besigheidplan moet bestaan,
- i. verkope van produkte moet plaasvind aan kommersiële ondernemings, dit wil sê nie aan vriende en familie nie, en
- j. die belastingpligtige oor die nodige kennis en vaardigheid moet beskik ten einde dit te kan uitvoer (Australian Taxation Office, 1997).

'n Belastingpligtige hoef dus nie permanent by die aktiwiteite betrokke te wees nie, maar kan byvoorbeeld 'n beroep elders beoefen en 'n plaasbestuurder aanstel om na die boerdery om te sien. Eersgenoemde sal kwalifiseer as 'n persoon wat 'n primêre produksiebesigheid beoefen terwyl laasgenoemde egter, as 'n gesalarieerde werknemer, nie as sodanig sal kwalifiseer nie. Die feit dat die belastingpligtige ook 'n ander besigheid beoefen, beteken dus nie noodwendig dat die primêre produksie-aktiwiteite nie ook 'n besigheid is nie (Australian Taxation Office, 1997).

Die aktiwiteite hoef nie jaar na jaar 'n wins op te lewer nie. In *Tweedle v FC of T* (1942) en *FC of T v JR Walker* (1985) is bepaal dat korttermynverliese verwag kan word en dat die aktiwiteite waaruit dit voortspruit nie, op grond daarvan, nie as 'n besigheid kan kwalifiseer nie (Australian Taxation Office, 1997).

3.2.2 Inkomste afkomstig vanaf 'n primêre produksiebesigheid

Dit is belangrik om vas te stel watter inkomste afkomstig is vanaf boerdery en watter nie, spesifiek met die oog op die berekening van 'n gemiddelde inkomste (kyk par. 3.5, p. 41), aangesien daar in hierdie berekening onderskei word tussen belasbare primêre produksie-

inkomste en belasbare nie-primêre produksie-inkomste. Sullivan *et al.* (2009:1081) noem onder andere die volgende voorbeelde van primêre produksie-inkomste wat relevant is ten opsigte van hierdie studie:

- a. opbrengs uit die verkoop van lewende hawe;
- b. opbrengs uit die verkoop van huide en velle; en
- c. assesseerbare balanserende aansuiwerings uit die beskikking oor depresieerbare bates.

Hoewel die onderskeid tussen primêre produksie-inkomste en nie-primêre produksie-inkomste belangrik is, wil dit nie voorkom asof Australiese howe in die verband 'n uitspraak moes lewer nie, maar dat die inkomste afkomstig vanuit enige aktiwiteit wat met boerdery geassosieer kan word, primêre produksie-inkomste sal wees. Die situasie wat in par. 2.2.2 (p. 10) in die vorige hoofstuk bespreek is, naamlik inkomste waarvan die bron die lewering van boerderyverwante dienste is, blyk dus wel te kwalifiseer as primêre produksie-inkomste, mits die aktiwiteite kan kwalifiseer as 'n besigheid.

Individue met belastingverliese vanuit nie-kommersiële besigheidsaktiwiteite moet daardie verliese uitstel kragtens die sogenaamde Nie-Kommersiële Besigheidsverliesbepalings soos uiteengesit in Belastingbeslissingnommers TR2001/14 en TR 2007/6. Indien hierdie bepalinge geld, kan daardie verliese nie afgetrek word in die huidige jaar nie, maar moet dit oorgedra word na 'n toekomstige jaar waarin 'n wins vanuit daardie nie-kommersiële besigheid gegeneer word. Hierdie bepalinge geld egter nie indien

- a. die belastingpligtige 'n primêre produksiebesigheid beoefen en die assesseerbare inkomste vanuit ander bronne minder is as A\$40 000, uitgesluit enige netto kapitaalwinste, of
- b. die Kommissaris van Inkomste die aftrekking van die verlies toegelaat het (Australian Taxation Office, 2009; Sullivan *et al.*, 2009:1076).

3.2.3 Die belastinghantering van die opbrengs uit die gedwonge vervreemding van vee

'n Belastingpligtige kan 'n keuse uitoefen ingevolge artikel 385-90 tot 385-125 van die 1997 Australiese Wet om die bogenoemde opbrengs te versprei oor vyf jare van aanslag, of alternatiewelik om dit uit te stel en later af te speel teen die uitgawes aangegaan in die vervanging van die genoemde vee vir 'n tydperk van vyf jaar (Australian Taxation Office, 2009; Sullivan *et al.*, 2009:1095).

Hierdie keuse kan uitgeoefen word indien een van die volgende gebeur:

- a. die grond waarop die boerderyaktiwiteite uitgevoer word, vervreem moet word as gevolg van die bepalinge van enige Wet;
- b. die Australiese Regering of 'n Provinsiale Regering die grond huur met die doel om bosluis uit te roei;
- c. weiveld vernietig is as gevolg van 'n brand, droogte of oorstromings en die opbrengs hoofsaaklik gebruik sal word vir die aankoop van vervangende vee of vir die onderhoud van bestaande vee wat gebruik word om diere te teel wat die vervreemde vee sal vervang;
- d. die vee kragtens 'n Australiese Wet vernietig moet word ten einde 'n siekte, byvoorbeeld tuberkulose, te beheer; of
- e. 'n kennisgewing kragtens 'n Australiese Wet ontvang word wat stel dat die grond besmet is (Australian Taxation Office, 2009).

Die verspreiding van die opbrengs oor vyf jare van aanslag word uiteengesit in artikel 385-105 waar bepaal word dat daar

- a. in die jaar waarin die gedwonge verkoop plaasvind, die opbrengs uit die transaksie, verminder met die belastingwinst, by assesseerbare inkomste ingesluit word,
- b. 20% van die belastingwinst in die jaar waarin die gedwonge verkoop plaasvind by die assesseerbare inkomste ingesluit word, en
- c. 20% van die belastingwinst in elk van die volgende vier jare van aanslag by die assesseerbare inkomste ingesluit word (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:1095).

Die belastingwinst waarna hierbo verwys word, is die bedrag van die opbrengs uit die gedwonge verkoop verminder met die som van die aankoopprys van lewende hawe verkry in die verkoopjaar en die waarde van die beginvoorraad lewende hawe vir die verkoopjaar (Sullivan *et al.*, 2009:1095).

Die verspreidingskeuse kan geïllustreer word deur middel van die volgende voorbeeld. Gestel 'n boer moet alle vee verkoop as gevolg van 'n brand wat die weiveld vernietig het. Die opbrengs uit hierdie verkoop is A\$150 000, terwyl die waarde van die vee aan die begin van die jaar A\$25 000 was en A\$75 000 se vee gedurende die jaar aangekoop is. In die

verkoopsjaar sal daar by die assesseerbare inkomste 'n bedrag van A\$110 000 ingesluit word, naamlik die opbrengs verminder met die belastingwins van A\$50 000 ($150\,000 - 25\,000 - 75\,000$), plus 20% van die belastingwins, dus A\$10 000 ($50\,000 * 20\%$). In elk van die volgende vier jare van aanslag sal A\$10 000 per jaar ingesluit word. Die effek is dus dat die volle opbrengs belas word, maar oor 'n tydperk van vyf jaar met die grootste gedeelte in die eerste jaar (Bron: Hipotetiese syfers).

Die ander opsie is om die opbrengs uit te stel en dit dan te gebruik ten einde die koste van die vervangende vee in die huidige en die volgende vyf jare van aanslag te verminder. Artikel 385-110 en 385-120 bevat die bepalinge van hierdie alternatief en stel dat

- a. die opbrengs uit die gedwonge verkoop, verminder met die belastingwins, by die verkoopsjaar se assesseerbare inkomste ingesluit word,
- b. die uitgawes aangaande met die aankoop van vervangende vee in die verkoopsjaar en die volgende vyf jare van aanslag verminder word, beperk tot die bedrag van die belastingwins, en
- c. die saldo van die opbrengs wat nie teen die einde van die vyfde jaar benut is op die wyse soos hier bo uiteengesit is nie, by die assesseerbare inkomste van die spesifieke jaar ingesluit word (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:1096).

Oorweeg weer die voorbeeld hier bo ter illustrasie. Die opbrengs uit die verkoop bedra A\$150 000 en die belastingwins A\$50 000. Gestel nou dat die boer in die verkoopsjaar (jaar 1) en in elk van die volgende vyf jare van aanslag 50 beeste per jaar ter vervanging teen 'n waarde van A\$150 elk aankoop. Neem die standaardwaarde van 'n bees as A\$20 (kyk par. 3.3.2, p. 35, hier onder). In jaar 1 word daar A\$100 000 by die assesseerbare inkomste ingesluit, naamlik die opbrengs verminder met die belastingwins. In jaar een tot ses word die koste van die vervangende vee in berekening gebring as A\$6 500, naamlik die kosprys van A\$7 500 verminder met A\$1 000 (50×20). Aan die einde van jaar ses word die oorblywende deel van die belastingwins, naamlik A\$44 000 ($50\,000 - 6\,000$), by die assesseerbare inkomste ingesluit. Die effek is soortgelyk aan die eerste opsie, dit wil sê die volle opbrengs word belas, net op 'n ander wyse (Bron: Hipotetiese syfers).

Laasgenoemde alternatief kan alleenlik uitgevoer word indien die belastingpligtige die opbrengs uit die gedwonge verkoop hoofsaaklik, dit wil sê meer as twee derdes daarvan,

gebruik om die uitgawes aangegaan met die verkryging van vervangende lewende hawe te finansier. Indien hierdie keuse uitgevoer word in die geval van verkoop as gevolg van beestuberkulose, word die tydperk van vyf jaar na tien jaar verleng ingevolge artikel 385-125, dus is die totaal dan elf jaar (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:1096).

Bedrae ontvang vanaf versekering vir die verlies van vee as gevolg van 'n natuurlike ramp word ingesluit by assesseerbare inkomste, maar kan kragtens artikel 385-130 versprei word oor 'n tydperk van vyf jaar. Hierdie verspreiding vind egter nie outomaties plaas nie, maar die boer moet 'n keuse uitoefen om dit so uit te voer. Indien hierdie keuse nie uitgeoefen word nie, word die volle bedrag van die uitbetaling belas in die jaar waarin dit ontvang word (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:1094 tot 1095).

3.2.4 Toekennings en subsidies

Kragtens artikels 6-5 en 15-10 van die 1936 Australiese Wet sal die bedrae deur die Australiese Regering aan boere betaal ten einde hulle in staat te stel om voort te gaan met hul besighede wel deel vorm van assesseerbare inkomste, tensy daardie bedrae ontvang is as vergoeding vir die beëindiging of gedeeltelike beëindiging van die besigheid. Die bedrae wat aan Australiese veeboere betaal word as hulp tydens droogtetyp, die sogenaamde 'buitengewone omstandighede verligtingsbetalings', sal dus ingesluit word by assesseerbare inkomste. Aan die ander kant sal die toekennings van die Uittredebystandsprogram uitgesluit word in daardie gevalle waar daar van die belastingpligtige vereis word om eienaarskap van die grond aan iemand anders te oorhandig, met die gevolg dat die belastingpligtige se besigheid tot 'n einde kom (Australian Taxation Office, 2009; Sullivan *et al.*, 2009:1083).

3.3 DIE HANTERING EN WAARDERING VAN LEWENDE HAWE

3.3.1 Definisie van lewende hawe

Lewende hawe word in verskeie dele van die 1997 Australiese Wet bespreek – die term word gedefinieer in artikel 995-1(1), terwyl die waardasie daarvan deur artikel 70-55 gereguleer word en ander artikels, soos artikels 385-110 tot 385-125 hier bo bespreek, dit ook aanraak. In artikel 995-1(1) word dit gedefinieer as spesifiek deel te wees van handelsvoorraad, maar dat dit nie troeteldiere insluit nie. As 'n algemene riglyn word verder genoem dat enige dier wat deel vorm van handelsvoorraad in die gewone loop van besigheid, dit wil sê aangehou word met die doel om te verkoop of om die aanwas daarvan te verkoop, ingesluit word by

lewende hawe. Soortgelyk aan die Suid-Afrikaanse situasie sal perde wat aangehou word vir plesier dus nie deel uitmaak van lewende hawe nie (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:372).

3.3.2 Insluiting van lewende hawe teen spesifieke waardes

Ingevolge artikel 70-35 van die 1997 Australiese Wet word lewende hawe vir belastingdoeleindes in berekening gebring deur effektiewelik die waarde van eindvoorraad as 'n inkomste te hanteer en die waarde van beginvoorraad as 'n aftrekking te hanteer (Income Tax Assessment Act 1997).

Artikel 70-45 bepaal dat die boer kan kies of die waarde van eindvoorraad die kosprys, markwaarde of vervangingsprys daarvan moet wees. Verder word bepaal dat hierdie metode van waardasie jaar na jaar verander kan word en dat dit kan verskil tussen verskillende klasse lewende hawe. Uit die aard van die saak sal die waarde van eindvoorraad die waarde van die volgende jaar se beginvoorraad wees (Income Tax Assessment Act 1997).

Die kosprys van lewende hawe word bereken as 'n geweegde gemiddelde koste vir die jaar, insluitende uitgawes wat verband hou met voer en veemiddels. In die bepaling hiervan word die waardes en hoeveelhede van beginvoorraad, aankope en natuurlike aanwas bymekaargetel en die geweegde gemiddelde dan bereken (Sullivan *et al.*, 2009:384). Neem die volgende voorbeeld ter illustrasie:

Item	Hoeveelheid	Waarde (A\$)
Beginvoorraad (2000 teen 50.00 elk)	2000	100 000
Aankope (500 teen 75.00 elk)	500	37 500
Natuurlike aanwas (1500 teen 20.00 elk)	1500	30 000
	<u>4000</u>	<u>167 500</u>

Die geweegde gemiddelde koste is dus A\$41.88 ($167500 \div 4000$) (Bron: Hipotetiese syfers).

Daar is in die hofsaak *Australasian Jam Co Pty Ltd v FC of T* (1953) bepaal dat die markwaarde van voorraad daardie waarde is wat in 'n verkoopstransaksie, wat onder normale besigheidsomstandighede plaasvind en nie 'n gedwonge verkoop is nie, verkry kan word (Sullivan *et al.*, 2009:380). In die praktyk sal 'n belastingpligtige waarskynlik

ondersteunende bewyse moet kan lewer van die markwaarde van lewende hawe indien hierdie metode van waardasie gekies word.

Kragtens Belastingbepalingnommer TD92/198 is die vervangingsprys van handelsvoorraad daardie bedrag wat die belastingpligtige sal moet betaal vir 'n soortgelyke, beskikbare item in 'n normale, markverwante aankooptransaksie op die laaste dag van die jaar van aanslag (Sullivan *et al.*, 2009:381).

Artikel 70-55 bepaal dat, indien natuurlike aanwas waardeer word teen kosprys, die belastingpligtige die werklike kosprys mag gebruik, of die kosprys soos voorgeskryf deur die Australiese Wet. Die voorgeskrewe pryse wat relevant sal wees met betrekking tot hierdie studie is soos volg (Sullivan *et al.*, 2009:384):

- | | |
|-----------|-------|
| a. Beeste | A\$20 |
| b. Skape | A\$4 |

Anders as in Suid-Afrika word daar dus nie in Australië onderskei tussen manlike en vroulike diere en diere van verskillende ouderdomme nie. In Australië kan dieselfde klas diere egter op verskillende wyses waardeer word, byvoorbeeld een pasgebore kalfie kan waardeer word teen die voorgeskrewe prys, terwyl die volgende kalfie teen die werklike kosprys waardeer kan word (Sullivan *et al.*, 2009:384). In die praktyk sal sodanige afsonderlike waardasie baie administratiewe werk verg.

3.3.3 Die aftrekbaarheid van lewende hawe aankope

Artikel 8-1 van die 1997 Australiese Wet bevat die bepalings rakende die algemene aftrekbaarheid van uitgawes. Hierin word gestel dat uitgawes en verliese afgetrek mag word van assesserbare inkomste tot die mate wat dit aangegaan is in die voortbrenging van sodanige inkomste, of noodwendig aangegaan is in die beoefening van 'n besigheid met die doel om sodanige inkomste voort te bring. Geen aftrekking word egter toegelaat tot die mate wat die uitgawes van 'n kapitale, private of huishoudelike aard is, dit vrygestelde inkomste sal voortbring of dit spesifiek verbied word deur die Australiese Wet nie (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:884).

Lewende hawe word deur 'n boer aangekoop met die doel om die diere self of die natuurlike aanwas daarvan te verkoop en sodoende assesseerbare inkomste voort te bring. Verder is die uitgawe nie van 'n kapitale, private of huishoudelike aard nie, sal die inkomste uit die verkoop daarvan nie vrygestel wees nie en word die aftrekking daarvan nie spesifiek verbied deur die Australiese Wet nie. Die gevolg is dus dat die kosprys daarvan aftrekbaar sal wees ingevolge artikel 8-1. Die enigste beperking op die aankope van lewende hawe is dat, alvorens die aankoopprys afgetrek kan word, die boer eers die voorraad op hande moet hê, met ander woorde die eienaar daarvan moet wees, of die verbandhoudende inkomste uit die verkoop daarvan ingesluit moet wees by assesseerbare inkomste (Sullivan *et al.*, 2009:377). Dit is dus in Australië moontlik dat die aankoopprys van lewende hawe 'n aangeslane verlies kan veroorsaak.

3.3.4 Verhaling van die waarde van lewende hawe

Indien die belastingpligtige lewende hawe van die hand sit op 'n wyse anders as in die normale verloop van besigheid, stel artikel 70-90 van die 1997 Australiese Wet dat daar by die assesseerbare inkomste 'n bedrag as verhaling ingesluit sal word. Hierdie bedrag wissel soos volg na gelang van omstandighede:

- a. Indien lewende hawe geneem word vir eie gebruik of gebruik deur 'n familielid, byvoorbeeld 'n skaap wat geslag word vir huishoudelike doeleindes, sal die bedrag wat ingesluit word gelykstaande wees aan die kosprys van die spesifieke dier.
- b. Indien daar egter op enige ander wyse as eie gebruik van lewende hawe afstand gedoen word, byvoorbeeld die skenking daarvan aan 'n derde party of die uitkering daarvan as 'n oordrag in spesie aan 'n aandeelhouer, sal die bedrag gelykstaande wees aan die markwaarde van die spesifieke dier (Australian Taxation Office, 2009; Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:385)

Artikel 70-90 bepaal verder dat die markwaarde hier bo genoem vir belastingdoeleindes die kosprys van die voorraad sal wees vir die oordragnemer soos op datum van die transaksie (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:385).

3.4 SPESIALE AFTREKKINGS BESKIKBAAR VIR KAPITALE UITGAWES

3.4.1 Algemene aftrekkings beskikbaar teenoor spesiale aftrekkings

Die meeste van 'n Australiese boer se uitgawes sal, soortgelyk aan die lys van uitgawes in par. 2.4.1 (p. 18) van die vorige hoofstuk en die bepalings van artikel 11(a) van die Suid-Afrikaanse Wet, aftrekbaar wees ingevolge artikel 8-1 van die 1997 Australiese Wet. Laasgenoemde artikel bepaal verder dat die private uitgawes van 'n boer, byvoorbeeld kruideniersware, ook in Australië nie aftrekbaar sal wees nie (Income Tax Assessment Act 1997).

Artikel 8-1 bepaal ook dat uitgawes wat van 'n kapitale aard is nie aftrekbaar sal wees as 'n algemene uitgawe nie, maar sekere kapitale toelaes is wel beskikbaar as spesiale aftrekkings soos uiteengesit in artikel 40-510 tot 40-675 van die 1997 Australiese Wet (Income Tax Assessment Act 1997).

3.4.2 Uitgawes aangegaan in die oprigting van waterfasiliteite

Artikel 40-515 tot 40-575 bepaal dat 'n belastingpligtige die kapitale uitgawe aangegaan met betrekking tot waterfasiliteite mag terugeis in gelyke paaielemente oor 'n tydperk van drie jaar, beperk tot die bedrag van die kapitale uitgawe. Waterfasiliteite sluit in onder andere damme, boorgate, pyplyne en windpompe. Geen proporsionele toedeling vir gedeeltes van 'n jaar vind plaas nie (Australian Taxation Office, 2009; Sullivan *et al.*, 2009:1088).

Die aftrekking is van toepassing op die oprigting, vervaardiging, verkryging, installasie of strukturele verbetering van 'n item met die hoofsaaklike doel om water te stoor of te vervoer in die loop van 'n primêre produksiebesigheid wat die belastingpligtige op grond in Australië uitvoer. Dit is belangrik dat die uitgawes hoofsaaklik aangegaan is met die doel om die waterfasiliteit beskikbaar te stel vir boerderyaktiwiteite, aangesien dit die grondslag is waarop die aftrekbaarheid van die uitgawe berus. Uitgawes wat 'n boer dus aangaan om 'n swembad by 'n huis te bou, sal nie kwalifiseer vir die aftrekking nie, aangesien dit nie verband hou met die primêre produksiebesigheid nie. Die aftrekking is ook beskikbaar vir enige toevoeging tot of verandering aan sodanige fasiliteit, byvoorbeeld 'n heining om 'n windpomp. Dit sluit selfs die oprigtingskoste van 'n kraglyn na 'n waterpomp in en is dus nie beperk tot uitgawes wat direk verband hou met die waterfasiliteit self nie (Sullivan *et al.*, 2009:1088).

Die belastingpligtige moet wel 'n primêre produksiebesigheid bedryf ten einde die aftrekking te mag eis, maar hoef nie die eienaar van die grond te wees waarop geboer word nie. Die waterfasiliteit hoef ook nie op dieselfde grond opgerig te word as waarop geboer word nie. Boer A wat die eienaar is van Plaas A kan dus 'n dam oprig op Boer B se grond (Plaas B) omdat die grond op Plaas A nie geskik is vir bouwerk nie. Artikel 40-555 bepaal egter dat sodanige aftrekking slegs een maal geëis kan word, dus kan slegs Boer A die oprigtingskoste as 'n aftrekking eis. Indien Boer B die dam sou koop, sal laasgenoemde derhalwe nie die kosprys daarvan kan eis as 'n aftrekking nie. Net so sal daardie deel van die koopsom van 'n plaas wat toeskryfbaar is aan die waterfasiliteite, nie as 'n aftrekking geëis kan word nie. Indien Boer A egter binne drie jaar na oprigting die dam aan Boer B sou verkoop, kan Boer A voortgaan om die aftrekking te eis, mits die dam steeds gebruik word vir primêre produksie-doeleindes (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:1089).

3.4.3 Aftrekking van uitgawes wat verband hou met grondbewaring

Artikel 40-630 tot 40-675 bepaal dat enige kapitale uitgawes wat deur 'n belastingpligtige betrokke in 'n primêre produksiebesigheid aangegaan is, hetsy of die persoon die eienaar van die grond is waarop dit uitgevoer word al dan nie, en wat verband hou met grondbewaring, ten volle aftrekbaar is in die jaar waarin dit aangegaan is (Income Tax Assessment Act 1997).

Sullivan *et al.* (2009:1090) noem onder andere die volgende uitgawes wat relevant is met betrekking tot hierdie studie:

- a. die uitroei en vernietiging van enige dierlike of plantagtige plaë;
- b. onkruidbestryding;
- c. die voorkoming van gronderosie, uitgesluit die oprigting van heinings maar ingesluit uitgawes aangegaan om die agteruitgang van natuurlike plantegroei te voorkom;
- d. die oprigting van heinings ten einde lewende hawe weg te keer vanaf dele van die plaas wat deur gronderosie beïnvloed word; en
- e. die oprigting van heinings ten einde verskillende klasse van grond te onderskei en sodoende die agteruitgang van die grond te voorkom, indien sodanige oprigting plaasvind ingevolge 'n goedgekeurde grondbestuurplan.

Net soos in die geval van uitgawes wat verband hou met waterfasiliteite, moet bogenoemde uitgawes hoofsaaklik aangegaan word vir primêre produksiedoeleindes ten einde aftrekbaar te

kan wees. Die oogmerk daarmee is om te verhoed dat 'n uitgawe afgetrek word as 'n uitgawe wat verband hou met grondbewaring sowel as een wat verband hou met waterfasiliteite (Sullivan *et al.*, 2009:1090). 'n Boer dan dus nie aanvoer dat die heining wat om 'n dam opgerig is met die hoofdoel om diere van die dam af weg te hou ook die diere keer om in die aangrensende kamp, waar gronderosie plaasvind, te wei nie. Dit voorkom dus dat die boer verkeerdelik die uitgawe ten volle sou kon aftrek in die jaar waarin dit aangegaan is, sowel as oor 'n tydperk van drie jaar soos in die geval met waterfasiliteite.

3.4.4. Die Uniforme Kapitaaltoelaagstelsel

Aangesien die kosprys van 'n bate kapitaal van aard is en derhalwe nie aftrekbaar is nie, word 'n aftrekking kragtens artikel 40 van die 1997 Australiese Wet beskikbaar gestel vir die waardevermindering van depresiërende bates wat vir belasbare doeleindes aangewend word. 'n Depresiërende bate word in artikel 40-30 gedefinieer as 'n bate met 'n beperkte effektiewe leeftyd en wat na verwagting in daardie leeftyd in waarde sal verminder namate dit gebruik word. 'n Bate word vir belasbare doeleindes gebruik indien dit ingevolge artikel 40-25(7) gebruik word met die doel om assesseerbare inkomste voort te bring (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:1020)

Die aftrekking word gebaseer op die kosprys van die bate, met inagneming van die nuttige lewensduur daarvan, en bereken op die reguitlynige metode of op die verminderde saldo-metode. Die kosprys van die bate is kragtens artikel 40-175 gelyk aan die direkte koste verbonde aan die aankoop van die bate, plus daardie uitgawes aangegaan om die bate tot die huidige ligging en toestand te bring. In die geval van voertuie word die koste kragtens artikel 40-230 egter beperk tot A\$57 180 in die 2009/2010 belastingjaar. Indien die voertuig dus A\$70 000 kos, sal A\$12 820 nie vir die aftrekking in berekening gebring word nie (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:1038) (Bron: Hipotetiese syfers).

Die nuttige lewensduur van die bate kan óf deur die belastingpligtige self bepaal word, óf die riglyne soos deur die Kommissaris vasgestel kan gebruik word ingevolge artikel 40-100. 'n Voorbeeld van sodanige riglyn is die vyf jaar lewensduur van 'n vierwielvoertuig wat vir boerderyaktiwiteite aangewend word. Hierdie riglyne word gereeld hersien en hoewel die aantal jare nie oral ooreenstem nie, is dit soortgelyk in konsep as dié van Suid-Afrika soos uiteengesit in Uitlegnota 47 tot die Suid-Afrikaanse Wet. Verder word hierdie aftrekking

kragtens artikel 40-75 wel pro rata bereken vir gedeeltes van 'n jaar, gebaseer op 'n dag tot dag grondslag (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:1040).

Artikel 40-75 sit die formule vir die berekening van die aftrekking op die reguitlynige metode soos volg uiteen (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:1050):

$$\frac{\text{Koste}}{\text{Nuttige lewensduur}} \quad \times \quad \frac{\text{Dae gehou}}{365}$$

Artikel 40-72 bevat die formule vir die berekening van die aftrekking op die verminderde saldo-metode. Die 200% in die formule verteenwoordig 'n vasgestelde koers wat gebruik word vir bates aangekoop na 10 Mei 2006. Vir bates voor daardie datum aangekoop, word 150% gebruik (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:1052):

$$\frac{\text{Koste}}{\text{Nuttige lewensduur}} \quad \times \quad \frac{\text{Dae gehou}}{365} \quad \times \quad 200\%$$

Kragtens artikel 40-295 vind 'n balanserende aansuiweringsgebeurtenis plaas indien die bate waarop die Uniforme Kapitaaltoelaag geëis is van die hand gesit word, op welke wyse ook al, en die bedrag wat as opbrengs verkry word, verskil van die aansuiweringswaarde van die bate. Met ander woorde 'n verhaling of skrapping van die toelaag sal plaasvind wanneer die belastingwaarde van die bate verskil van die opbrengs verkry. Die aansuiweringswaarde word, soortgelyk aan die Suid-Afrikaanse belastingwaarde, bereken as die kosprys van die bate verminder met alle slytasietoelae geëis tot op datum van vervreemding. Hierdie vervreemding sluit 'n verskeidenheid van gebeurtenisse in, byvoorbeeld die verkoop van die bate of die vernietiging daarvan in 'n natuurramp. Indien die opbrengs die aansuiweringswaarde oorskry, word die verskil bygetel by die assesseerbare inkomste, terwyl die verskil afgetrek word wanneer die teenoorgestelde plaasvind (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:1055 tot 1058).

3.5 DIE BEPALING VAN 'N GEMIDDELDE INKOMSTE

3.5.1 Die werking van die stelsel en die persone wat daarvoor kwalifiseer

Die werking van hierdie stelsel word bespreek in artikel 392-1 tot 392-95 van die 1997 Australiese Wet. Die doel daarvan is om boere met wisselvallige belasbare inkomste tegemoet te kom deur te verseker dat hulle nie meer belasting betaal as daardie belastingpligtiges met meer konstante inkomste nie. In daardie jare waarin die belasbare

inkomste die gemiddelde inkomste oorskry, word eersgenoemde afwaarts aangepas, terwyl 'n opwaartse aanpassing plaasvind indien die teenoorgestelde sou gebeur (Australian Taxation Office, 2009; Income Tax Assessment Act 1997). Hierdie tegemoetkoming is beskikbaar aan individue wat 'n primêre produksiebesigheid beoefen sowel as aan die begunstigdes van 'n trust, mits die volgende vereistes met betrekking tot die trust nagekom word (Sullivan *et al.*, 2009:1097):

- a. die trust moet 'n primêre produksiebesigheid beoefen, en
- b. die begunstigde moet geregtig wees op 'n toedeling van ten minste A\$1 040, of
- c. die Kommissaris moet tevrede gestel word dat die begunstigde se belang in die trust nie bloot die beskikbaarstelling van hierdie tegemoetkoming behels nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat die begunstigde 'n gevestigde reg op die inkomste moet hê. In die geval van 'n diskresionêre trust sal die begunstigdes wel kan kwalifiseer vir die toepassing van die stelsel, maar daar moet sorg gedra word dat die begunstigde dan wel die voorgeskrewe bedrae ontvang. Daar word nie outomaties geag dat daar aan die vereistes voldoen word nie en dus sal die tegemoetkoming, indien die trustees nie 'n toedeling aan die begunstigde maak nie of die toedeling nie A\$1 040 oorskry nie, nie beskikbaar wees nie (Sullivan *et al.*, 2009:1097).

3.5.2 Die proses van berekening van gemiddelde inkomste

Sullivan *et al.* (2009:1098 tot 1101) bespreek ses stappe in die proses om die gemiddelde inkomste te bepaal. Eerstens word die basiese belasbare inkomste vir die huidige jaar bereken. Hierdie bedrag is die belastingpligtige se belasbare inkomste, uitgesluit enige pensioenverwante voordele, betalings vir ampsverlies en netto kapitale winste, verminder met enige bedrae van bogemiddelde spesiale professionele inkomste. In die geval van 'n normale boer sal alle bedrae behalwe die netto kapitale winste gelyk wees aan nul.

Tweedens word die vergelykende belastingkoers bereken. Dit word gedoen deur die belasting betaalbaar volgens die tabelle op die gemiddelde belasbare inkomste te deel deur daardie gemiddelde belasbare inkomste. Vir die vasstelling van die gemiddelde belasbare inkomste word die belasbare inkomste van die huidige en vier voorafgaande jare van aanslag deur vyf gedeel, of deur 'n kleiner syfer indien die persoon nog nie so lank boer nie. 'n Minimum van twee jaar word vereis waarin die belasbare inkomste van die eerste jaar nie dié van die

tweede jaar mag oorskry nie. Indien die inkomste van jaar een dus dié van jaar twee oorskry, word jaar een nie in die berekening ingesluit nie, maar die tydperk vanaf jaar twee bereken (Sullivan *et al.*, 2009:1098).

In die derde plek word die gemiddelde komponent bereken; dit wil sê daardie deel van die belastingpligtige se basiese belasbare inkomste wat onderhewig is aan die aanpassing. Dit is hier waar die onderskeid tussen primêre produksie-inkomste en nie-primêre produksie-inkomste soos in par. 3.2.2 (p. 30) genoem ter sprake kom, aangesien slegs 'n deel van laasgenoemde by die gemiddelde komponent ingesluit word. Daardie deel word soos volg bepaal:

- a. Indien die nie-primêre produksie-inkomste minder is as A\$5 000, word dit ten volle ingesluit.
- b. Vir bedrae tussen A\$5 000 en A\$10 000 word 'n bedrag van A\$10 000 min die nie-primêre produksie-inkomste ingesluit.
- c. Geen bedrag word ingesluit indien die nie-primêre produksie-inkomste A\$10 000 oorskry nie (Sullivan *et al.*, 2009:1100).

In die vierde plek word die belasting betaalbaar op die basiese belasbare inkomste vir die huidige jaar teen die vergelykende koerse vergelyk met die belasting betaalbaar vir dieselfde jaar teen die normale koers volgens die tabelle. Die verskil staan bekend as die bruto gemiddelde bedrag. Indien die belasting volgens die vergelykende koers die belasting volgens die normale koerse oorskry, word die belasting betaalbaar afwaarts aangepas. Indien die teenoorgestelde egter plaasvind, sal die belastingpligtige die verskil moet inbetaal (Sullivan *et al.*, 2009:1101).

Vyfdens word die sogenaamde aweryreëling bereken deur die bruto gemiddelde bedrag in stap vier hier bo bereken te vermenigvuldig met die kwosiënt van die gemiddelde komponent in stap drie bereken en die basiese belasbare inkomste. Die formule vertoon dus soos volg (Sullivan *et al.*, 2009:1101):

$$\text{Bruto gemiddelde bedrag (stap 4)} \quad \times \quad \frac{\text{Gemiddelde komponent (stap 3)}}{\text{Basiese belasbare inkomste (stap 1)}}$$

Laastens word die belasting betaalbaar bereken nadat die aweryreëling soos in stap vyf bereken in ag geneem is. Dit word gedoen deur die belasting betaalbaar op die basiese

belasbare inkomste te vermeerder met die bedrag van die aweryreëling vir opwaartse aanpassings en te verminder vir afwaartse aanpassings (Sullivan *et al.*, 2009:1102).

Die volgende voorbeeld dien ter illustrasie. Gestel 'n boer se belasbare inkomste vir die 2010 jaar van aanslag is R500 000, wat alles bestaan uit boerdery-inkomste, en dat die gemiddelde belasbare inkomste R250 000 bedra. Die toepassing van die stelsel is dus soos volg:

- a. Stap 1 (basiese belasbare inkomste) : R500 000;
- b. Stap 2 (vergelykende belastingkoers) : $R55\,260 [43\,260 + \{30\% * (250\,000 - 210\,000)\}] / R250\,000 = 22.10\%$;
- c. Stap 3 (gemiddelde komponent) : R500 000;
- d. Stap 4 (vergelyking van belasting betaalbaar) : belasting teen vergelykende belastingkoers bedra R110 500 ($500\,000 * 22.10\%$), teenoor belasting volgens tabelle van R143 460 [$109\,260 + \{38\% * (500\,000 - 410\,000)\}]$];
- e. Stap 5 (aweryreëling) : $(143\,460 - 110\,500) * (500\,000 / 500\,000) = R32\,960$;
- f. Stap 6 (belasting betaalbaar) : $143\,460 - 32\,960 = R110\,500$.

Die effek hiervan is dat die boer dus belasting betaal teen 22.10%, teenoor die 28.69% ($143\,460 / 500\,000$) wat dit sou gewees het indien die belasting betaalbaar volgens die tabelle bereken is. Die gemiddelde inkomstestelsel het dus in die betrokke geval verligting van 6.59% ($28.69\% - 22.10\%$) gebied (Bron: Hipotetiese syfers).

Kragtens artikel 392-25 kan 'n belastingpligtige die keuse uitoefen om nie meer op die gemiddelde inkomste belas te word nie, aangesien dit die persoon kan benadeel. 'n Skriftelike versoek van sodanige keuse moet saam met die betrokke jaar se belastingopgawe ingedien word. Die keuse sal bindend wees en is nie herroepbaar nie (Income Tax Assessment Act 1997; Sullivan *et al.*, 2009:1103).

3.6 DIE PLAASBESTUURSDEPOSITOSTELSEL

Skedule 2G en artikel 393-1 tot 393-65 van die 1936 Australiese Wet stel boere in staat om deur middel van die plaasbestuursdepositostelsel, inkomste te skuif na swakker jare ten einde te kompenseer vir seisoenale veranderinge en ekonomiese toestande (Anon., 1998:39). Dit bied aan boere 'n aftrekking teen assesserbare inkomste vir bedrae gedeponeer ingevolge die bepalings van die stelsel (Australian Taxation Office, 2007; Australian Taxation Office, 2009; Income Tax Assessment Act 1936; Sullivan *et al.*, 2009:1104).

Ten einde aan die stelsel te kan deelneem, moet die volgende vereistes nagekom word (Australian Taxation Office, 2007; Australian Taxation Office, 2009; Sullivan *et al.*, 2009:1104):

- a. Die persoon wat die geld deponeer moet iemand wees wat 'n primêre produksie-besigheid beoefen.
- b. Die geld moet by 'n erkende finansiële instelling belê word.
- c. Dit kan slegs ten bate van een persoon belê word.
- d. Die minimum bedrag van 'n deposito en onttrekking is A\$1 000 en die totale belegging mag nie meer as A\$400 000 wees nie.
- e. Die belastingpligtige mag slegs by een instelling belê.
- f. Rente op die belegging word ingesluit by assesserbare inkomste in die jaar waarin dit betaal word.

Die deposito's kan afgetrek word van assesserbare inkomste in die jaar waarin dit gemaak word, onderhewig aan twee beperkings, naamlik eerstens tot die bedrag van die deposito's gemaak en tweedens tot die belasbare inkomste vanuit primêre produksie vir die betrokke jaar. Indien die belastingpligtige se nie-primêre produksie-inkomste vir die betrokke jaar A\$65 000 oorskry, sal geen aftrekking toegelaat word nie. Die aftrekking sal ook nie beskikbaar wees indien die persoon gedurende die jaar te sterwe kom, bankrot verklaar word of vir meer as 120 dae nie aktief in boerdery betrokke is nie. In sodanige gevalle word die bedrae van die deposito's vir die betrokke jaar terugbetaal aan die belastingpligtige (Australian Taxation Office, 2007; Sullivan *et al.*, 2009:1105).

Indien die deposito as 'n aftrekking beskikbaar is en geld daarna onttrek word, word die onttrekking hanteer as deel van assesserbare inkomste. Die bedrag van die onttrekking vorm deel van primêre produksie-inkomste vir die doeleindes van die gemiddelde inkomstestelsel in par. 3.5 (p. 41) hier bo bespreek en vir die deponering van verdere bedrae as plaasbestuursdeposito's. Indien die geld binne twaalf maande na die deponering daarvan onttrek is, word die aftrekking van die deposito nie toegestaan nie, wat sal beteken dat die vorige jaar se aanslag heropen moet word (Australian Taxation Office, 2007; Sullivan *et al.*, 2009:1106).

3.7 SAMEVATTING

Die doelwit uiteengesit in par. 1.4.b (p. 4) word in hierdie hoofstuk aangeraak deur die bespreking van die belastingbepalings van 'n primêre produksiebesigheid. Bevindinge onder die onderskeie afdelings gemaak, is soos volg:

- a. Inleiding
 - i. Die spesifieke bepalinge van die Australiese Wet wat op boere van toepassing is, moet nie in isolasie gelees word nie.
 - ii. Daardie bepalinge wat spesifiek handel oor boere word vervat in artikel 40-510 tot 40-675 van die Australiese 'Income Tax Assessment Act 1997'.
- b. Primêre produksie vanuit 'n Australiese oogpunt
 - i. Daar is gevind dat die Australiese Wet primêre produksie definieer as die onderhoud van diere met die doel om die diere self of die natuurlike aanwas daarvan te verkoop.
 - ii. Verder is gevind dat dit baie belangrik is dat die belastingpligtige 'n besigheid moet bedryf, waarvan die belangrikste riglyn is dat die belastingpligtige ten doel moet hê om 'n wins uit die boerderyaktiwiteit te genereer.
 - iii. Boere het twee opsies beskikbaar in die geval van die gedwonge verkoop van vee, naamlik die verspreiding van die opbrengs oor 'n tydperk van vyf jaar, of die uitstel daarvan gevolg deur die latere afspeling teen die vervangingskoste van die vee. In elk van die gevalle is 'n voorbeeld ter illustrasie getoon, waarna bevind is dat die volle opbrengs met sodanige verkope in beide gevalle belas sal word, elke keer net op 'n ander wyse.
 - iv. Bevindinge toon dat staatstoekennings en subsidies belas word indien dit verband hou met die voortsetting van 'n besigheid, maar dat dit nie-asseesbare nie-vrygestelde inkomste is indien dit uitbetaal word aan die boer uit hoofde van die beëindiging van die primêre produksiebesigheid.
- c. Die hantering en waardasie van lewende hawe
 - i. Daar is bevind dat lewende hawe gedefinieer word as alle diere wat aangehou word met die doel om die dier self of die natuurlike aanwas daarvan te verkoop.
 - ii. Boere kan kies om lewende hawe te waardeer op een van drie metodes, naamlik teen kosprys, markwaarde of vervangingsprys.

- iii. Die aankope van lewende hawe is bevind om aftrekbaar vir belasting te wees en, anders as dat die boer eers die eienaar daarvan moet wees, is daar geen beperkings op die aftrekbaarheid daarvan nie.
- d. Spesiale aftrekkings beskikbaar vir kapitale uitgawes
 - i. Artikel 8-1 bied 'n algemene aftrekking aan belastingpligtiges en die meeste van 'n boer se normale uitgawes sal hieronder val.
 - ii. Uitgawes wat egter van kapitale aard is, moet opgeweeg word teen die bepaling elders van toepassing en daar is bevind dat daardie uitgawes wat verband hou met waterfasiliteite oor 'n drie jaar tydperk afgetrek kan word, terwyl uitgawes aangegaan vir grondbewaring ten volle aftrekbaar is in die jaar waarin dit aangegaan word.
 - iii. Onder die bespreking van die Uniforme Kapitaaltoelaagstelsel is bevind dat die aftrekking vir waardevermindering óf reguitlynig óf volgens die verminderde saldo bereken word op die kosprys van die bate, nadat die lewensduur in ag geneem is en dat dit proporsioneel toegedeel word vir gedeeltes van 'n jaar.
- e. Die bepaling van gemiddelde inkomste
 - i. Vanuit die bespreking is bevind dat die gemiddelde inkomste aan die hand van ses stappe bereken word.
 - ii. In die eerste stap word die basiese belasbare inkomste bereken, waarna 'n vergelykende belastingkoers bereken word. In stappe drie en vier word die gemiddelde komponent en die belasting betaalbaar op die basiese belasbare inkomste onderskeidelik bereken. Stap vyf behels die bepaling van die sogenaamde aweryreëling, waarna die finale stap uitgevoer word, naamlik die aanpassing van die belasting betaalbaar met die bedrag van die aweryreëling.
- f. Die plaasbestuursdepositostelsel
 - i. Die bespreking van die rede vir die stelsel en die vereistes vir die toelating van deposito's as aftrekkings teen assesserbare inkomste het getoon dat boere toelaatbare deposito's tot die stelsel mag aftrek vanaf assesserbare inkomste.
 - ii. Beperkings op die aftrekbaarheid van deposito's sluit in 'n beperking op nie-primêre produksie-inkomste, sowel as sekere bepalinge in die geval van afsterwe, bankrotskap of indien die belastingpligtige ophou boer.

- iii. Onttrekkings van die belegging word by assesseerbare inkomste ingesluit en daar is bevind dat spesiale bepalings van toepassing is op onttrekkings binne twaalf maande na deponering.

In die volgende hoofstuk sal die doelwitte met betrekking tot Nieu-Seeland aangespreek word deur 'n soortgelyke studie uit te voer.

HOOFSTUK 4

INKOMSTEBELASTING VAN VEEBOERE IN NIEU-SEELAND

4.1 INLEIDING

Die sekondêre doelwit vervat in par. 1.4.c (p. 5) word in hierdie hoofstuk aangespreek. Die Nieu-Seelandse 'Income Tax Act 2007' (hierna die Nieu-Seelandse Wet genoem) hanteer die belasting van boere op verskeie plekke in die betrokke Wet (Income Tax Act 2007). Hoewel afdeling EC van die betrokke Wet baie van die aspekte wat op boere van toepassing is bespreek, is daar nie 'n spesifieke afdeling wat, soos die Eerste Bylae van die Suid-Afrikaanse Wet, alleenlik oor hierdie onderwerp handel nie. Soortgelyk aan die bepalinge van die Suid-Afrikaanse en Australiese Inkomstebelastingwette moet die dele wat wel meer spesifiek oor boere handel, egter nie in isolasie geles word nie, maar moet die hele Nieu-Seelandse Wet in ag geneem word.

Die belastingterme van die Nieu-Seelandse Wet soos uiteengesit in artikel BD 1 verskil van dié van Suid-Afrika, waarvan die belangrikste terme die volgende is:

- a. vrygestelde inkomste – dit verwys na daardie bedrae wat deel vorm van normale inkomste, maar wat nie belasbaar is nie omdat dit spesifiek vrygestel word kragtens die Nieu-Seelandse Wet.
- b. uitgeslote inkomste – hierdie bedrae word geïgnoreer vir belastingdoeleindes en dus glad nie in berekening gebring nie.
- c. assesserbare inkomste – dit verteenwoordig die bedrag van inkomste wat nie onder bogenoemde twee kategorieë val nie en dus belasbaar sal wees (Income Tax Act 2007; Veal *et al.*, 2010:799)

Wat in gedagte gehou moet word, is dat die Nieu-Seelandse inkomstejaar, oftewel jaar van aanslag soos dit in Suid-Afrika bekend staan, vanaf 1 April tot 31 Maart loop (Income Tax Act 2007).

4.2 WANNEER INKOMSTE AS BOERDERYINKOMSTE KWALIFISEER

4.2.1 Die Nieu-Seelandse definisie van 'n besigheid vir boerderydoeleindes

Veal *et al.* (2010:486) en CCH Editors (2010:1115) dui twee faktore aan wat bepaal wanneer 'n aktiwiteit as boerdery kwalifiseer. Eerstens moet oorweeg word of die aktiwiteit 'n

besigheid is vir belastingdoeleindes, en tweedens of hierdie besigheid bedryf word vir boerderydoeleindes. Die teenwoordigheid van 'n winsmotief dui daarop dat die aktiwiteite waarskynlik 'n besigheid sal daarstel, met die gevolg dat, indien sodanige motief afwesig is, daardie aktiwiteite nie as 'n besigheid sal kwalifiseer nie. Indien daar nie 'n besigheid is nie, bepaal artikel DA 1 dat geen uitgawes afgetrek mag word nie (Income Tax Act 2007). Die hofsaak *Grieve v CIR* (1984) handel spesifiek oor die vraag of die betrokke aktiwiteite kwalifiseer as 'n boerderybesigheid. In hierdie saak is bepaal dat die bedoeling van die belastingpligtige 'n baie belangrike rol speel, maar die volgende faktore word ook genoem wat in ag geneem kan word in die bepaling van die teenwoordigheid van 'n winsmotief:

- a. die aard en duur van die aktiwiteite;
- b. die omvang van bedrywighede en die volume van transaksies;
- c. die hoeveelheid tyd, geld en hulpbronne wat daaraan bestee word;
- d. die patroon van die aktiwiteite en finansiële resultate; en
- e. of die aktiwiteite soortgelyk is aan dié wat deur 'n “winsgewende” boer uitgevoer sou word (Veal *et al.*, 2010:99).

In die saak *Horniblow v Napier* (1955) is die tweede been van die vraag aangespreek en bepaal dat 'n boerderybesigheid onder andere die gebruik van grond met die doel om vee daarop te versorg en veeteelt toe te pas insluit. Die verskaffing van boerderyverwante dienste en die handeldrywe in of verhuring van lewende hawe word egter uitgesluit (Veal *et al.*, 2010:486). Die belastingpligtige betrokke in die hofsaak *ITC 1548* (1991) in par. 2.2.2 (p. 10) genoem, sou dus in Nieu-Seeland ook nie daarop kon aanspraak maak dat 'n boerdery bedryf word nie.

4.2.2 Spesifieke bedrae wat by boerderyinkomste ingesluit word

Sekere bedrae word, bo en behalwe die normale inkomste vanuit die boerderyaktiwiteite, spesifiek by die boer se inkomste ingesluit, naamlik:

- a. 'n verhaling vir die gebruik van lewende hawe vir privaatdoeleindes;
- b. die prysgeld wat op 'n landbouskou gewen is, nadat toegangsfooie en verbandhoudende uitgawes afgetrek is;
- c. bedrae ontvang uit hoofde van die verhuring van grond;
- d. vergoeding ontvang vir die verlies van lewende hawe, om welke rede ook al, insluitende bedrae ontvang vanaf versekering, kragtens artikel CG 6;

- e. waardevermindering verhaal tydens die verkoop van bates waarop 'n slytasietoelae geëis is ingevolge artikel EE 40;
- f. deposito's uitbetaal sowel as die rente daarop ingevolge die inkomste-gelykstellingskema;
- g. die waarde van lewende hawe voorhande op jaareinde kragtens artikels EA 1 en EB 3; en
- h. ander inkomste soos ook op normale belastingpligtiges van toepassing, byvoorbeeld rente en dividende (CCH Editors, 2010:1116; Veal *et al.*, 2010:487).

In die saak Maclean v CIR (1985) is beslis dat 'n bedrag wat deur die 'Otago-Southland Flood Relief Trust Fund' aan 'n boer betaal is as vergoeding vir die verlies van lewende hawe tydens 'n oorstroming, wel deel vorm van inkomste. Artikel CG 6 van die Nieu-Seelandse Wet is sedertdien ingevoeg en stel dat enige vergoeding vir die verlies van lewende hawe geag sal word deel van inkomste te wees (Veal *et al.*, 2010:487).

4.2.3 Subsidies ontvang deur boere

Die sogenaamde 'nuwe begin toekenningsprogram' bied verligting aan boere betrokke by veeteelt wat deur 'n noodgebeurtenis geraak is. Hierdie gebeurtenis sal deur die Goewerneur Generaal as sodanig geklassifiseer word. Let daarop dat hierdie gebeurtenis nie dieselfde is as die ongunstige gebeurtenis waarna in par. 4.5.3 (p. 66) verwys word nie. Die voorsiening het ten doel om die kwytskelding van 'n verpligting uit inkomste te verwyder, indien die kwytskelding 'n voorvereiste vir die toekenning is (Veal *et al.*, 2010:485).

Die program funksioneer soos volg:

- a. Die belastingpligtige gaan verpligtinge aan voordat die Regering die situasie as 'n noodgebeurtenis verklaar.
- b. Die verpligting is aftrekbaar binne drie maande nadat die gebeurtenis tot 'n einde gekom het.
- c. Die verpligting word kwytsgeskel binne 18 maande nadat die gebeurtenis tot 'n einde gekom het as 'n voorvereiste vir die betaling van 'n nuwe begin toekenning.
- d. Die bedrag van die kwytskelding word belas ingevolge artikel CG 2 (Veal *et al.*, 2010:485).

Die bedrag van die kwytskelding word as uitgeslote inkomste hanteer tot die mate wat die antwoord in die volgende formule meer is as nul:

Kwytsgeskelde bedrag - Huidige verlies - Verlies saldo - Ander verliese

In hierdie formule verteenwoordig die bedrae die volgende:

- a. Kwytsgeskelde bedrag – die bedrag van die kwytsgeskelde aanspreeklikheid;
- b. Huidige verlies – die bedrag van die netto verlies wat die belastingpligtige sal hê vir die jaar van kwytskelding;
- c. Verlies saldo – enige verlies wat deur die belastingpligtige oorgebring is vanaf 'n vorige jaar;
- d. Ander verliese – verliese aangegaan deur 'n geassosieerde persoon met betrekking tot die belastingpligtige, tot die mate wat dit toelaatbaar is deur die Kommissaris en mits daardie persoon
 - i. die besigheid bedryf of die grond waarop die besigheid bedryf word, besit, ten opsigte waarvan die toekenning betaal word;
 - ii. onder 'n wesenlike mate van beheer van die belastingpligtige verkeer en oor wesenlike identiteitsbelange met betrekking tot die belastingpligtige beskik; en
 - iii. die verlies aangegaan is vanuit die besigheid of die grond waarop die besigheid bedryf word (Veal *et al.*, 2010:485).

Veal *et al.* (2010:485) stel dat die formule kan veroorsaak dat die belastingpligtige verliese verbeur, maar dat die effek daarvan nie die direkte betaling van addisionele belasting tot gevolg sal hê nie.

Kragtens artikel 177D van die Nieu-Seelandse 'Tax Administration Act 1994' moet die Kommissaris verligting toestaan aan 'n belastingpligtige aan wie hierdie toekenning betaalbaar is tot die mate wat die Kommissaris dit redelik ag. Die bedrag van die verligting word bereken asof die relevante inkomste die enigste inkomste is wat aan die persoon toeval. Die verligting is afkomstig vanuit die onbetaalde belasting wat verband hou met 'n inkomstebelastingaanspreeklikheid voortspruitend uit:

- a. die boerderybesigheid waarvoor die toekenning betaalbaar was;
- b. die grond wat gebruik word in die voortsetting van sodanige besigheid; of
- c. die verkoop van die plaas (Tax Administration Act 1994; Veal *et al.*, 2010:485).

4.3 DIE WAARDASIE VAN LEWENDE HAWE

4.3.1 Tipes lewende hawe as handelsvoorraad en relevante definisies

Handelsvoorraad word in artikel EB 2 omskryf as daardie eiendom waarmee 'n persoon in die loop van 'n besigheid handel drywe. Die beslissings in die hofsake TRA Case B15 (1975) en Land Projects Ltd v CIR (1964) het bepaal dat lewende hawe spesifiek ingesluit word by die definisie van handelsvoorraad, aangesien dit gehou word met die doel om dit te verkoop, of vee daaruit te teel wat verkoop sal word. (Income Tax Act 2007; Veal *et al.*, 2010:483 en 1515).

Artikel EC 1 van die Nieu-Seelandse Wet verdeel lewende hawe in vier kategorieë, waarvan drie relevant is tot hierdie studie, naamlik:

- a. gespesifiseerde lewende hawe – skape en beeste wat nie as hoë-waarde lewende hawe geklassifiseer word nie en wat nie onderhewig is aan 'n pag nie;
- b. hoë-waarde lewende hawe – skape en beeste wat geskik is vir teeldoeleindes en wat aangekoop is vir meer as:
 - i. NS\$500; of
 - ii. vyf keer die grootste van die Nasionale Gemiddelde Markwaarde aan die einde van die huidige of vorige jaar; en
- c. nie-gespesifiseerde lewende hawe – alle lewende hawe wat nie onder die bogenoemde twee kategorieë geklassifiseer word nie (CCH Editors, 2010:1141; Income Tax Act 2007; Veal *et al.*, 2010:472).

In artikel EC 27 word sekere terme met betrekking tot lewende hawe gedefinieer, naamlik (Income Tax Act 2007; Veal *et al.*, 2010:472):

- a. korttermyn pag – dit verwys na 'n tipe skaappag waarop die volgende aspekte van toepassing is:
 - i. ten tyde van die skaappag word die lewende hawe deur een persoon aan 'n ander oorgedra, waar die eerste persoon verwag om dieselfde vee terug te ontvang;
 - ii. die oordragnemer ontvang die lewende hawe, sonder om vergoeding aan die oordraggewer te betaal; en
 - iii. die ooreenkoms verstryk nie later nie as die einde van die jaar wat volg op die jaar waarin die ooreenkoms aangegaan is;

- b. langtermyn pag – hierdie tipe skaappag duur langer as twee jaar en die oordraggewer verwag nie om aan die einde van die ooreenkoms dieselfde vee terug te ontvang nie, maar slegs vee van dieselfde soort en kwaliteit;
- c. winsdeelooreenkoms – ’n ooreenkoms waaronder
 - i. ’n persoon gespesifiseerde lewende hawe beskikbaar stel aan ’n ander persoon wat ’n besigheid bedryf waarin die vee gebruik sal word, sonder die vasstelling van ’n spesifieke bedrag van vergoeding;
 - ii. die oordraggewer se opbrengs word bepaal deur die winsgewendheid van die oordragnemer se besigheid;
 - iii. die oordraggewer deel in die wins van die besigheid; en
 - iv. indien ’n vennootskap tussen die twee persone tot stand sou kom, sal die oordraggewer onderworpe wees aan die bepalings van toepassing op derde partye soos uiteengesit in die Nieu-Seelandse Vennootskapswet van 1908.

4.3.2 Waardasiemetodes in gebruik vir lewende hawe

Artikel EB 3 bepaal, soortgelyk aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse en Australiese Wette, dat die waarde van lewende hawe voorhande aan die begin van die jaar van aanslag as ’n aftrekking teen inkomste toegelaat word. Die waarde van eindvoorraad word egter as ’n inkomste hanteer in die belastingberekening (Income Tax Act 2007).

Afdeling EC van die Nieu-Seelandse Wet reguleer die waardasie van lewende hawe vir belastingdoeleindes. Hierdie afdeling bespreek vier metodes van waardasie waaruit ’n belastingpligtige kan kies, naamlik die kuddeskema-, die markwaarde-, kosprys- of vervangingsprysopsie, die nasionale standaardwaardeskema en die selfassesseringsopsie (CCH Editors, 2010:1138; Income Tax Act 2007; Veal *et al.*, 2010:473). Slegs die eersgenoemde drie opsies is beskikbaar ten opsigte van gespesifiseerde lewende hawe terwyl spesiale reëls van toepassing is op daardie lewende hawe wat onderworpe is aan ’n pag.

4.3.2.1 Die kuddeskemawaardasiemetode

Hierdie waardasiemetode bepaal dat die lewende hawe waardeur word teen die Nasionale Gemiddelde Markwaarde vir die spesifieke klas en ouderdom van vee. Hierdie waarde word jaarliks deur die Kommissaris vasgestel en reflekteer die gemiddelde markwaarde regdeur Nieu-Seeland soos op 30 April. Die beginsaldo en eindsaldo word bereken teen dieselfde stel

waardes, dus kan 'n verandering in waardes nie die totale waarde en derhalwe die inkomste beïnvloed nie, maar 'n verandering in getalle kan wel. Die verskil in die waardes van lewende hawe op hande aan die einde van die vorige jaar en aan die begin van die huidige jaar, word in die staat van finansiële posisie getoon as 'n 'lewende hawe herwaardasiereserwe'. Die filosofie agter hierdie metode is dat lewende hawe in effek dan as 'n kapitale bate hanteer word, met die gevolg dat veranderinge in die Nasionale Gemiddelde Markwaarde as 'n kapitale wins of verlies hanteer word (CCH Editors, 2010:1139 en 1142; Veal *et al.*, 2010:474).

Alle lewende hawe kan volgens die kuddeskemametode waardeur word, maar dit is nie 'n vereiste nie. Die volgende beperkings is egter op hierdie metode van toepassing:

- a. die vee van 'n spesifieke klas lewende hawe wat volgens hierdie metode waardeur word, mag nie minder wees nie as die minste van die aantal vee van dieselfde klas
 - i. voorhande op jaareinde; of
 - ii. wat in die vorige jaar op hierdie metode waardeur is; en
- b. indien die nasionale standaardwaardemetode of die vervangingsprysmetode in dieselfde jaar van aanslag gebruik word, moet alle manlike vee wat vir teelldoeleindes aangehou word volgens die kuddeskemametode waardeur word; en
- c. die waardasie van vee van 'n spesifieke klas moet opwaarts aangepas word namate die vee ouer word, met die gevolg dat die metode toegepas word van dier tot dier (CCH Editors, 2010:1139; Veal *et al.*, 2010:474).

Waardes tussen 90% en 130% van die gegewe Nasionale Gemiddelde Markwaardes mag gebruik word, mits dit vergesel word van 'n onafhanklike waardasie van 'n lewende hawe waardeerder. Dit stel die boer in staat om te kompenseer vir verskille in die kwaliteit en gehalte van lewende hawe teenoor die gegewe waardes. Die verskille tussen die gekose en gegewe waardes word as 'n aftrekking of inkomste vir belasting hanteer. 'n Sogenaamde 'kudde waarde faktor' word gebruik vir die aanpassing van die Nasionale Gemiddelde Markwaardes. Hierdie faktor word soos volg bereken (CCH Editors, 2010:1139 en 1146; Veal *et al.*, 2010:474):

$$\frac{\sum (\text{Gemiddelde waarde} \quad X \quad \text{Aantal})}{\sum (\text{Kuddewaarde} \quad X \quad \text{Aantal})}$$

In bogenoemde formule verteenwoordig die waardes die volgende:

- a. Σ – die som van die individuele berekeninge vir alle toepaslike klasse lewende hawe wat op hierdie metode waardeer word;
- b. Gemiddelde waarde – die gemiddelde waarde van 'n dier in 'n klas lewende hawe;
- c. Kuddewaarde – die gegewe Nasionale Gemiddelde Markwaarde van die relevante klas lewende hawe;
- d. Aantal – die totaal van alle lewende hawe van die spesifieke klas op hande aan die einde van die jaar van aanslag, insluitende lewende hawe wat nie volgens hierdie metode waardeer word nie, maar uitgesluit hoë-waarde lewende hawe.

Die antwoord van die formule word afgerond tot die naaste tiende van 'n eenheid, dit wil sê 90%, 100%, 110%, 120% of 130%. Die Kommissaris is by magte om 'n persoon te vra om die faktor te herbereken indien daar twyfel bestaan oor die korrektheid daarvan (Veal *et al.*, 2010:474).

Indien 'n belastingpligtige ophou om inkomste uit 'n spesifieke klas van lewende hawe te genereer en daardie kudde diere word verkoop voor 1 Februarie, kan die persoon die keuse uitoefen om die vee te waardeer teen die vorige jaar se waardes. Vroeër is genoem dat die waardes wat gebruik word vir die inkomstejaar geëindig 31 Maart 2010, eers op 30 April 2010 bepaal word. Dit kan voordelig wees indien die waardes soos deur die Kommissaris vasgestel aan die einde van April na verwagting sal daal. Nog 'n geval waar die vorige jaar se waardes gebruik kan word, is wanneer 'n boer te sterwe kom voor 1 Februarie van 'n inkomstejaar, mits die inkomstebelastingopgawe van die betrokke persoon ingedien word voordat die waardes vasgestel word (Veal *et al.*, 2010:474).

Die Nasionale Gemiddelde Markwaarde vir die 2008/2009 inkomstejaar ingevolge artikel EC 15 is soos volg vir die onderskeie klasse van diere relevant tot hierdie studie (CCH Editors, 2010:1143 tot 1145; Veal *et al.*, 2010:475 tot 477):

- a. Vleisbeeste
 - i. Eenjarige verse NS\$429
 - ii. Tweejarige verse NS\$663
 - iii. Koeie van gemengde ouderdomme NS\$770
 - iv. Eenjarige osse en bulle NS\$534
 - v. Tweejarige osse en bulle NS\$748

vi.	Driejarige osse en bulle	NS\$908
vii.	Teelbulle	NS\$1 743
b.	Skape	
i.	Eenjarige ooie	NS\$94
ii.	Eenjarige hamels en ramme	NS\$88
iii.	Tweetandooie	NS\$116
iv.	Ooie van gemengde ouderdomme	NS\$99
v.	Ooie van vyf jaar of ouer	NS\$81
vi.	Hamels van gemengde ouderdomme	NS\$56
vii.	Teelramme	NS\$218

4.3.2.2 Die markwaarde-, kosprys- of vervangingsprysopsie

Onderhewig aan sekere beperkings kan belastingpligtiges kies om lewende hawe te waardeer teen enige van die markwaarde, kosprys of vervangingsprys daarvan (CCH Editors, 2010:1147; Veal *et al.*, 2010:479). Die markwaarde van lewende hawe verwys na die waarde van die vee in 'n ope mark indien dit in 'n armlengtetransaksie op jaareinde verkoop sou word. Daar behoort nie 'n verskil tussen die markwaarde en die vervangingsprys te wees nie, aangesien laasgenoemde verwys na die prys wat 'n boer op jaareinde vir dieselfde klas en kwaliteit vee wat voorhande is, sal betaal (CCH Editors, 2010:1147).

Daar is egter beperkings op die kosprysopsie van toepassing waarvolgens bepaal word dat hierdie metode nie gebruik kan word nie indien –

- a. die boer gedurende dieselfde inkomstejaar ook die nasionale standaardwaardeskema gebruik;
- b. die boer in die vorige jaar van die nasionale standaardwaardes gebruik gemaak het en nie aan die Kommissaris twee jaar skriftelike kennisgewing oorhandig het van die voorneme om die kosprys te gebruik nie;
- c. die lewende hawe onderworpe is aan 'n pag of ander huurooreenkoms, tensy dit ingevolge 'n winsdeelooreenkoms geskied;
- d. die lewende hawe aan 'n korttermyn- of langtermynpag onderworpe is tussen geassosieerde persone vir 'n bedrag anders as die markwaarde daarvan; of
- e. die lewende hawe ingevolge 'n winsdeelooreenkoms aan 'n ander boer beskikbaar gestel is wat van die nasionale standaardwaardes gebruik maak, of enige party tot die

ooreenkoms van die genoemde waardes gebruik maak (CCH Editors, 2010:1147; Veal *et al.*, 2010:479).

4.3.2.3 Die nasionale standaardwaardemetode

Ingevolge hierdie metode word lewende hawe waardeer teen die kosprys daarvan, aangepas vir produksiekoste, dit wil sê daardie uitgawes wat met die teel van die vee verband hou. Vee wat aangekoop word, word teen daardie aankoopprys waardeer. Natuurlike aanwas word waardeer op die eerste jaareinde na geboorte teen die sogenaamde ‘teel, grootmaak en groei’ (TGG) waarde van die vee, waarna dit vermeerder word met ’n ‘grootmaak en groei’ (GG) waarde, tot op ’n ouderdom van twee jaar. Die waarde van manlike beeste wat nie vir teeldoeleindes gebruik word nie, word egter aangepas tot op ’n ouderdom van drie jaar. Hierdie TGG- en GG-waardes word jaarliks deur die Kommissaris gepubliseer (CCH Editors, 2010:1148; Veal *et al.*, 2010:477).

Dieselfde beperkings wat op die kosprysmetode in par. 4.3.2.2 (p. 57) bespreek is, is ook op hierdie metode van toepassing indien die eersgenoemde metode gedurende ’n jaar gebruik word. Verder sal hierdie metode nie beskikbaar wees indien die Kommissaris spesifiek bepaal dat sekere lewende hawe nie hiervolgens waardeer mag word nie. Alle hoë-waarde lewende hawe moet egter op die nasionale standaardwaardemetode waardeer word (CCH Editors, 2010:1148; Veal *et al.*, 2010:477).

Die waardes deur die Kommissaris weergegee is soos volg vir die relevante klasse van lewende hawe (Veal *et al.*, 2010:478):

- | | | |
|------|---|------------|
| a. | Beeste | |
| i. | Een jaar oud | NS\$242.20 |
| ii. | Twee jaar oud | NS\$135.70 |
| iii. | Manlike diere drie jaar en ouer (nie teelbulle nie) | NS\$135.70 |
| b. | Skape | |
| i. | Een jaar oud | NS\$24.20 |
| ii. | Twee jaar oud | NS\$16.10 |

4.3.2.4 Die selfassesseringsopsie

Hierdie metode is 'n alternatief tot die nasionale standaardwaardemetode, aangesien dit aan die boer die geleentheid bied om, in die plek van die gegewe waardes, die plaas se werklike produksiekoste te gebruik. Dieselfde reëls as in die geval van die nasionale standaardwaardemetode is ook op hierdie metode van toepassing (CCH Editors, 2010:1151).

4.3.2.5 Lewende hawe onderworpe aan 'n pag of huurooreenkoms

Die tipe transaksie wat hier ter sprake is, is soortgelyk aan dié soos bespreek in par. 2.3.3 (p. 15) maar die reëls ten opsigte van die waardasie van hierdie lewende hawe word uitgebrei na enige vee wat die eiendom van die boer is, maar wat nie op daardie stadium voorhande is nie. Dit kan byvoorbeeld gebeur tydens 'n huurooreenkoms waar vee op 'n ander plaas wei, of selfs indien die boer sekere vee by 'n veearts laat vir ondersoek. Die lewende hawe word geag deur die oordragnemer/huurder gehou te wees, met die gevolg dat hierdie persoon dit moet insluit by die waarde van eindvoorraad (CCH Editors, 2010:1151; Veal *et al.*, 2010:481).

Die oordragnemer/huurder kan óf die nasionale standaardwaardemetode óf die self-assesseringsopsie gebruik om hierdie lewende hawe te waardeer. Die volgende vereistes moet egter nagekom word ten einde van laasgenoemde metode gebruik te kan maak:

- a. Die oordragnemer moet verwag om ten tyde van die verstryking van die ooreenkoms dieselfde klas en kwaliteit vee terug te besorg aan die oordraggewer;
- b. Geen vergoeding moet deur die oordraggewer betaalbaar wees nie;
- c. Die ooreenkoms mag nie oor twee balansstaatdatums verloop nie; en
- d. Indien die ooreenkoms tussen geassosieerde persone plaasvind, moet die vergoeding betaalbaar markverwant wees (CCH Editors, 2010:1151; Veal *et al.*, 2010:481).

4.3.2.6 Die waardasie van hoë-waarde lewende hawe

Die lewende hawe wat in hierdie kategorie val en aangekoop word, word op 'n waardeverminderingstipemetode waardeer, terwyl die natuurlike aanwas van hierdie kategorie waardeer word op een van die metodes hier bo bespreek. Die boer kan kies om die lewende hawe óf reguitlynig óf volgens die verminderde saldo-metode te waardeer, waar die keuse van laasgenoemde metode bindend sal wees. Die koerse wat gebruik word, word kragtens artikel EC 33 deur die Kommissaris bepaal nadat die gemiddelde koste, verwagte

lewensduur en verwagte markwaarde van die klas lewende hawe in ag geneem is. Die relevante koerse vir hierdie studie is soos volg (CCH Editors, 2010:1153 en 1154; Veal *et al.*, 2010:481 en 482):

Soort lewende hawe	Reguitlynige koers	Verminderde saldo-koers
Beeste	20%	26%
Skape	25%	33%

4.3.3 Lewende hawe aankope as 'n aftrekking

Artikel DA 1 van die Nieu-Seelandse Wet bevat die sogenaamde 'algemene toestemming' vir die aftrekking van uitgawes en bepaal dat uitgawes aftrekbaar is tot die mate wat dit verband hou met die voortbrenging van assesserbare inkomste of met die voortsetting van 'n besigheid. Die uitgawes mag egter nie kapitaal van aard of private uitgawes wees nie. Aangesien 'n boer lewende hawe koop met die doel om die lewende hawe self of die natuurlike aanwas daarvan te verkoop en dus assesserbare inkomste te verdien, sal die aankope aftrekbaar wees (Veal *et al.*, 2010:214). Dit wil nie voorkom of daar beperkings op die aftrekbaarheid van lewende hawe is nie.

4.3.4 Die insluiting by inkomste van 'n verhaling van lewende hawe

'n Boer moet by inkomste 'n bedrag gelykstaande aan die kosprys van die lewende hawe gebruik vir huishoudelike doeleindes insluit, dit wil sê 'n skaap wat vir eie gebruik geslag is (CCH Editors, 2010:1116; Inland Revenue Department, 2010). Indien lewende hawe op enige ander wyse van die hand gesit word, teen geen vergoeding nie of teen vergoeding wat minder is as die markwaarde daarvan, ag artikels CB 2 en EB 24 dat die verkoop teen markwaarde plaasgevind het en daardie bedrag sal dus by inkomste ingesluit word (Income Tax Act 2007; Veal *et al.*, 2010:1525).

4.4 WATTER ONTWIKKELINGSKOSTE AFTREKBAAR IS VIR BELASTING

4.4.1 Die aftrekking van algemene en sekere spesifieke uitgawes

Die algemene toestemmingbepaling soos in artikel DA 1 vervat sal 'n boer in staat stel om verskeie algemene uitgawes af te trek, mits aan die nodige vereistes voldoen word. Ander artikels in die Nieu-Seelandse Wet sowel as sekere hofsake stel egter die boer in staat om spesifieke uitgawes te mag aftrek, byvoorbeeld –

- a. artikels DB 5 en DB 18 – regskoste aangegaan in die verkryging van fondse om 'n plaas mee te koop, sowel as regskoste aangegaan in die hernuwing van 'n huurkontrak vir 'n plaas;
- b. artikels DE 1 tot 11 – uitgawes wat verband hou met brandstof- en motorkoste;
- c. hofsaak TRA Case K57 (1988) – 25% van die uitgawes wat verband hou met die boer se woonhuis, mits daardie huis op die plaas geleë is;
- d. artikels DA 1 en DO 1 – uitgawes wat verband hou met die onderhoud van krale, dipbakke en drade;
- e. artikel DO 3 – tot NS\$7 500 van die uitgawes aangegaan in die plant van bome vir beskutting vir diere of vir die bekamping van gronderosie;
- f. lone van 'n kok wat maaltye aan werknemers voorsien, hetsy of daardie kok die boer se vrou of 'n derde party is;
- g. hofsaak TRA Case 90 (1982) – voer aangekoop vir lewende hawe, maar nie met die doel om te herverkoop nie, in welke geval dit as eindvoorraad in berekening gebring moet word;
- h. uitgawes aangegaan in die vervoer van werknemers se kinders na 'n skool, maar hierdie aftrekking is nie beskikbaar vir die boer se eie kinders nie; en
- i. uitgawes aangegaan rakende lone, rantsoene en die voorsiening van behuising aan werknemers (CCH Editors, 2010:1136; Income Tax Act 2007; Veal *et al.*, 2010:488 tot 489, 498 tot 499).

4.4.2 Waardevermindering op woonhuise

Die waardevermindering wat op woonhuise afgeskryf word, is aftrekbaar vir belasting. Indien die boer se plaashuis op die plaas self geleë is, mag 25% van die waardevermindering daarop afgetrek word, bereken op die koste van die huis en mits die persoon 'n voltydse boer is. Indien die persoon nie 'n voltydse boer is nie, mag 'n proporsionele berekening uitgevoer word ten einde die aftrekking te kan eis (Veal *et al.*, 2010:490).

In die geval waar 'n trust of 'n geassosieerde persoon met betrekking tot die boer die huis waarin die boer woon besit, mag 25% van die huur betaalbaar by die belastingpligtige se boerderyinkomste afgetrek word. Die persentasie word bereken op die produk van die kosprys van die huis en die plaas, gedeel deur die jaarlikse huur betaalbaar vir die totale eiendom (Veal *et al.*, 2010:491).

4.4.3 Kapitale uitgawes aftrekbaar

Daardie uitgawes wat verband hou met kapitale verbeteringe op die plaas is ten volle aftrekbaar in die jaar waarin dit aangegaan is ingevolge artikels DO 1 tot 3, onderhewig aan die volgende bepalings:

- a. die persoon moet betrokke wees by boerdery in Nieu-Seeland;
- b. die uitgawes moet aangegaan wees op die plaas self;
- c. boerdery hoef nie die hoof aktiwiteit te wees wat op die plaas uitgevoer word nie; en
- d. daar is geen monetêre beperking op die aftrekking nie (Income Tax Act 2007; Veal *et al.*, 2010:491).

Hierdie uitgawes sluit die volgende in:

- a. onkruidbestryding;
- b. die vernietiging van dierlike plaë;
- c. die herstel van vloed- of erosieskade; en
- d. die oprigting van drade, insluitende die aankoopkoste van materiaal (Veal *et al.*, 2010:492).

Artikels DO 4 en 10 bied 'n aftrekking teen inkomste van daardie uitgawes wat deur 'n boer aangegaan is ten opsigte van verbeteringe, mits die persoon betrokke is by boerdery in Nieu-Seeland. Verder moet die uitgawe aan die volgende vereistes voldoen:

- a. dit mag nie onmiddellik ten volle aftrekbaar wees onder artikels DO 1 tot 3 nie;
- b. dit moet aangegaan wees ten opsigte van die grond wat die belastingpligtige vir boerderydoeleindes aanwend;
- c. dit mag nie aangegaan gewees het in die jaar waarin die plaas verkoop word, of, indien die grond gehuur word, die jaar waarin die huurkontrak verstryk nie;
- d. dit moet aangegaan wees met die doel om die grond te ontwikkel en moet tot voordeel wees van die besigheid in die jaar waarin die aftrekking geëis word (CCH Editors, 2010:1137; Veal *et al.*, 2010:493).

Die bedrag van die aftrekking word ingevolge Deel A van Skedule 20 van die Nieu-Seelandse Wet bereken as 'n persentasie van die verminderde saldo van die uitgawe. Die relevante jaarlikse persentasies tot hierdie studie is soos volg (CCH Editors, 2010:1137; Veal *et al.*, 2010:493):

- | | | |
|----|---|-----|
| a. | Die konstruksie van paaie na of op die plaas, damme en boorgate | 6% |
| b. | Die konstruksie van voerkrale, dipbakke en store | 12% |

Die aftrekking kan soos volg geïllustreer word. Gestel 'n boer bou in 2009 'n dam en 'n stoor teen 'n totale koste van onderskeidelik NS\$15 000 en NS\$50 000 en dat aan alle nodige vereistes voldoen word. In die betrokke inkomstejaar sal daar ten opsigte van die dam en die stoor aftrekkings van onderskeidelik NS\$900 ($15000 \times 6\%$) en NS\$6 000 ($50000 \times 12\%$) geëis kan word. In die daaropvolgende inkomstejaar word die aftrekkings bereken as NS\$846 $\{(15000 - 900) \times 6\%$ vir die dam en NS\$5 280 $\{(50000 - 6000) \times 12\%$ vir die stoor (Bron: Hipotetiese syfers).

4.4.4 Die aftrekbaarheid van waardevermindering

Die waardevermindering van daardie kapitale bates wat nie onder die bogenoemde artikels afgetrek kan word nie, kan moontlik onder artikels EE 1 tot 58 afgetrek word, mits dit 'depresieerbare eiendom' is. Die term verwys na bates waarvan daar redelikerwys verwag kan word dat dit onder normale omstandighede in waarde sal daal terwyl dit gebruik word om assesseerbare inkomste voort te bring. Die genoemde artikels bepaal onder andere dat –

- a. bates wat minder as NS\$500 kos ten volle afgetrek kan word; en
- b. dat die meeste bates teen 20% per jaar afgeskryf mag word in gevalle waar 'n spesifieke koers nie voorsien word nie (Income Tax Act 2007; Veal *et al.*, 2010:243 en 248).

Belastingpligtiges het 'n keuse om die waardevermindering reguitlynig, op die verminderde saldo-metode of volgens die poelmetode af te skryf. Die koerse wat gebruik word vir eersgenoemde twee metodes hang af van die tipe bate en die verwagte lewensduur daarvan. Die aftrekking word kragtens artikel EE 16 proporsioneel bereken vir gedeeltes van 'n jaar. Artikel EE 27 saamgelees met artikel 91AAF van die Nieu-Seelandse Belasting-administrasiewet stel dat die Kommissaris 'n bepaling van die koerse in gebruik vir bates anders as geboue uitreik. Die koers in gebruik vir die verminderde saldo-metode word bepaal as twee gedeeltes deur die verwagte nuttige lewensduur. Dit wil sê 'n bate met 'n lewensduur van 50 jaar sal teen 'n koers van 4% per jaar ($2 / 50$) afgeskryf word. Die verminderde saldo-koers word dan aangepas ten einde die reguitlynige koers te bereken. Artikel EE 28 saamgelees met dieselfde artikel 91AAF reguleer die reguitlynige koers van toepassing op

geboue. Hierdie koers word bereken as een gedeel deur die nuttige lewensduur van die gebou, waarna 'n aanpassing gedoen word na die koers in gebruik vir die verminderde saldo-metode. 'n Gebou met 'n lewensduur van 50 jaar sal dus teen 2% per jaar ($1 / 50$) reguitlynig afgeskryf word (Income Tax Act 2007; Tax Administration Act 1994; Veal *et al.*, 2010:250, 259 tot 260).

Ingevolge die poelmetode kan 'n belastingpligtige bates wat in totaal nie NS\$2 000 oorskry nie, saamvoeg en dan die waardevermindering op hierdie groep bereken. Die aftrekking word op die volgende wyse bereken:

$$\text{koers} \times \frac{(\text{begin aangepaste belastingwaarde} + \text{eind aangepaste belastingwaarde})}{2} \times \frac{\text{maande}}{12}$$

Die 'aangepaste belastingwaarde' verwys na die kosprys van die bate, min enige waardevermindering wat vir belastingdoeleindes afgetrek is (Veal *et al.*, 2010:267 tot 268).

Artikel EE 48 van die Nieu-Seelandse Wet bepaal dat 'n verhaling of skrapping uitgevoer word indien die bate waarop waardevermindering as 'n aftrekking geëis is, verkoop of vernietig word en die bedrag van die vergoeding ontvang, verskil van die aangepaste belastingwaarde van die bate. Die bedrag van die verhaling word beperk tot die waardevermindering geëis (Income Tax Act 2007; Veal *et al.*, 2010:284 tot 285). Indien 'n bate met 'n aangepaste belastingwaarde van NS\$10 000 dus verkoop word vir NS\$12 000, bepaal subartikel (1) dat 'n verhaling van NS\$2 000 by inkomste ingesluit word. Indien die verkoopprijs egter NS\$7 000 was, bepaal subartikel (2) dat 'n skrapping van NS\$3 000 afgetrek mag word van inkomste (Bron: Hipotetiese syfers).

4.5 WAT DIE INKOMSTEGELYKSTELLINGSKEMA BEHELS

4.5.1 Besikbaarheid van die skema

Die oogmerk met hierdie skema is om aan belastingpligtiges wat 'n boerderybesigheid in Nieu-Seeland bedryf die geleentheid te bied om belasbare inkomste ewerediger te versprei. Dit word bereik deur inkomste te verminder met deposito's tot die skema, terwyl onttrekkings belasbaar is. Die twee relevantste keuses van skemas waaruit die boer kan kies, word in artikel EH 1 en 2 tot die Nieu-Seelandse Wet genoem, naamlik:

- a. die hoof inkomstegelykstellingskema beskikbaar aan boere onder normale omstandighede; en

- b. die ongunstige gebeurtenisinkomstegelykstellingskema beskikbaar aan boere wat lewende hawe verkoop maar dit nie vervang nie as gevolg van 'n ongunstige gebeurtenis (CCH Editors, 2010:1129; Inland Revenue Department, 2006; Inland Revenue Department, 2009; Veal *et al.*, 2010:501).

4.5.2 Die hoof inkomstegelykstellingskema

Die deposito's wat onder hierdie skema gemaak word, is aftrekbaar in die betrokke inkomstejaar, of in die vorige inkomstejaar indien die deponering binne die 'gespesifiseerde tydperk' plaasvind. Hierdie tydperk verwys na die kortste van ses maande na balansstaatdatum of een maand na die sperdatum vir die inhandiging van die inkomstebelastingopgawe. Die bedrag van die aftrekking word in die geval van veeboere beperk tot die inkomste afkomstig vanuit die boerderybesigheid vir die spesifieke jaar, nadat dit verminder is met enige deposito's gemaak onder die ongunstige gebeurtenisskema. 'n Minimum van NS\$200 moet gedeponeer word. Die geld word gedeponeer by die Kommissaris self, wat 'n afsonderlike rekening vir elke belastingpligtige wat aan die skema deelneem, administreer (CCH Editors, 2010:1130; Veal *et al.*, 2010:502).

Rente op die deposito's word op 'n daaglikse basis bereken teen 3% per jaar. Dit val aan die belastingpligtige toe op die vroegste van onttrekking of 31 Maart, oftewel die einde van die inkomstejaar. Geen rente sal egter betaalbaar wees in gevalle waar die deposito binne twaalf maande na deponering onttrek word nie (CCH Editors, 2010:1133; Veal *et al.*, 2010:503).

Die belastingpligtiges moet 'n skriftelike versoek vir terugbetaling by die Kommissaris indien, met die datum van ontvangs daarvan deur laasgenoemde dan ook die datum waarop dit by die belastingpligtige se inkomste ingesluit word. Terugbetalings vind, in verhouding tot die deposito's, op 'n eerste-in-eerste-uit-basis plaas, met 'n minimum bedrag van NS\$200 of die saldo van die rekening, welke ook al die minste is. Onder normale omstandighede sal geen bedrag terugbetaalbaar wees binne twaalf maande na die deponering daarvan nie (Inland Revenue Department, 2008; Veal *et al.*, 2010:503). Indien die belastingpligtige egter die Kommissaris kan oortuig dat die fondse aangewend sal word ten einde vervangende lewende hawe aan te koop, kan 'n terugbetaling binne ses maande na die deposito plaasvind. Verder kan 'n terugbetaling gedoen word tussen ses en twaalf maande na deponering, mits die persoon van plan is om oprigtingskoste of herstelwerk aan te gaan, of om lewende hawe aan

te koop anders as vir vervangende doeleindes. Terugbetaling van die saldo van die rekening sal outomaties plaasvind indien die belastingpligtige –

- a. die boerderybesigheid staak en/of aftree, kragtens artikel EH 17;
- b. te sterwe kom, kragtens artikel EH 19;
- c. insolvent verklaar word, kragtens artikel EH 23; of
- d. 'n tydperk van vyf jaar na deponering verstryk het, kragtens artikel EH 10 (CCH Editors, 2010:1131; Income Tax Act 2007).

'n Belastingkrediet is beskikbaar indien die beslastingsbesparing wat deur die deposito teweeggebring is, minder is as die belasting betaalbaar op die terugbetaling daarvan wanneer dit plaasvind (Inland Revenue Department, 2008; Veal *et al.*, 2010:504 tot 505). Die volgende voorbeeld dien ter illustrasie. Gestel die belastingpligtige deponeer NS\$50 000 en spaar sodoende NS\$20 000. 'n Paar jaar later word die bedrag uitbetaal en die belastingpligtige is aanspreeklik vir NS\$22 000 op die terugbetaling. Die NS\$2 000 waarmee die belastingaanspreeklikheid die belastingbesparing oorskry, kan as 'n belastingkrediet geëis word (Bron: Hipotetiese syfers).

4.5.3 Die ongunstige gebeurtenisinkomstegelykstellingskema

Hierdie skema is beskikbaar aan belastingpligtiges wat gedwing was om vee te verkoop as gevolg van 'n 'ongunstige gebeurtenis'. Sodanige gebeurtenis word omskryf as 'n gebeurtenis wat 'n wesenlike invloed op die besigheid van die persoon het, byvoorbeeld droogte of siekte onder lewende hawe. Deposito's onder hierdie skema is ook aftrekbaar vir belasting en mag onmiddellik onttrek word, mits dit nie later nie as een maand na balansstaatdatum gedeponeer word. Indien dit nie binne twaalf maande terugbetaal word nie, word die gedeponeerde bedrae egter na die hoof inkomstegelykstellingskema oorgeplaas. Die minimum bedrag vir 'n deposito is NS\$200, terwyl rente teen 6.5% per jaar bereken word (CCH Editors, 2010:1134 tot 1135; Inland Revenue Department, 2006).

Die bedrag van die deposito word beperk tot 'n 'maksimum deposito'. Hierdie bedrag word bereken met behulp van die volgende formule (CCH Editors, 2010:1135; Veal *et al.*, 2010:505 tot 506):

$$\frac{(\text{aantal begin X waarde}) + (\text{aantal gekoop X prys})}{(\text{aantal begin} + \text{aantal gekoop})}$$

Die syfers in bogenoemde formule verteenwoordig die volgende:

- a. aantal begin – die hoeveelheid van die spesifieke klas lewende hawe wat die boer aan die begin van die jaar waarin die gedwonge verkope plaasgevind het, besit;
- b. waarde – die openingsaldo van die klas lewende hawe, bepaal sonder die toepassing van die kuddeskema;
- c. aantal gekoop – die aantal van die klas lewende hawe wat aangekoop is in die inkomstejaar voordat die gedwonge verkoop plaasgevind het; en
- d. prys – die gemiddelde aankoopprys van die lewende hawe.

Dieselfde regulasies wat op die hoof inkomstegelykstelingskema van toepassing is rakende terugbetaling is ook op hierdie skema van toepassing (CCH Editors, 2010:1136; Veal *et al.*, 2010:506 tot 507).

4.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die inkomstebelasting van veeboere in Nieu-Seeland bespreek, soos uiteengesit in sekondêre doelwit (c) in par. 1.4 (p. 5), en wel onder die volgende afdelings:

- a. Inleiding
 - i. Die Nieu-Seelandse ‘Income Tax Act 2007’ bespreek die belasting van veeboere op verskeie plekke, waarvan die relevantste gedeeltes in afdeling EC aangetref word, maar hierdie gedeeltes moet nie in isolasie gelees word nie.
- b. Wanneer inkomste as boerderyinkomste kwalifiseer
 - i. Daar is gevind dat die uitsprake van howe bepaal dat hierdie vraag twee bene het.
 - ii. Eerstens is gelet op die Nieu-Seelandse definisie van ’n besigheid en gevind dat verskeie faktore ’n rol speel in die bepaling van of aktiwiteite as ’n besigheid kan kwalifiseer al dan nie, waarvan die teenwoordigheid van ’n winsmotief die deurslaggewendste is.
 - iii. Die tweede been van die vraag behels die tipes aktiwiteite en daar is bevind dat die gebruik van grond met die doel om vee daarop te versorg en om veeteelt toe te pas, wel as boerderyaktiwiteite kwalifiseer.

- iv. Subsidies wat aan boere betaal word ingevolge die ‘nuwe begin toekenningsprogram’ bied aan boere verligting vir geïdentifiseerde nood-gebeurtenisse.
- c. Die waardasie van lewende hawe
 - i. Bevindinge het getoon die term lewende hawe omvat al die vee wat die boer besit met die doel om daarmee handel te dryf.
 - ii. Lewende hawe word in vier kategorieë verdeel waarvan drie relevant is tot hierdie studie, naamlik gespesifiseerde lewende hawe, hoë-waarde lewende hawe en nie-gespesifiseerde lewende hawe.
 - iii. Afdeling EC van die Nieu-Seelandse Wet bespreek vier metodes van waardasie waaruit die boer kan kies, naamlik –
 - A. die kuddeskemametode,
 - B. die markwaarde-, kosprys- of vervangingsprysopsie,
 - C. die nasionale standaardwaardemetode, en
 - D. die selfassesseringsopsie.
 - iv. Hoë-waarde lewende hawe word waardeur, soortgelyk aan kapitale bates, deur middel van óf ’n reguitlynige óf ’n verminderde saldo-waardeverminderingstipe metode.
 - v. Lewende hawe aankope is ingevolge die algemene toestemmingbeginsels van aftrekking soos vervat in artikel DA 1 van die Nieu-Seelandse Wet gevind om aftrekbaar te wees, sonder enige monetêre beperking daarop.
- d. Watter ontwikkelingskoste aftrekbaar is vir belasting
 - i. Daar is bevind dat die meeste van ’n boer se uitgawes aftrekbaar sal wees ingevolge artikel DA 1, terwyl ’n aantal artikels en hofsake die aftrekking van ander uitgawes soos sekere regskoste en lone toelaat.
 - ii. Artikels DO 1 tot 3 bied die volle aftrekking van uitgawes aangegaan rakende kapitale verbeteringe, byvoorbeeld onkruidbestryding en die oprigting van drade.
 - iii. Artikels DO 4 en 10 bied ’n aftrekking van daardie uitgawes wat nie onder artikels DO 1 tot 3 aftrekbaar is nie, bereken teen ’n koers van 6% per jaar in die geval van die bou van damme en die sink van boorgate, en 12% per jaar in die geval van die oprigting van dipbakke en store.
 - iv. Artikel EE 1 tot 58 stel die boer in staat om waardevermindering op depresieerbare eiendom, dit wil sê bates wat na verwagting oor hul lewensduur in

waarde sal verminder namate dit gebruik word, af te trek teen 20% per jaar reguitlynig oor vyf jaar.

- e. Wat die inkomstegelykstellingskema behels
 - i. Hierdie skema is bevind om aan belastingpligtiges wat 'n boerderybesigheid in Nieu-Seeland bedryf beskikbaar te wees en stel hulle in staat om inkomste ewerediger te versprei, deur deposito's tot die skema te kan aftrek vir belasting, terwyl terugbetalings belas word.
 - ii. Daar is twee skemas beskikbaar waaraan boere kan deelneem, naamlik –
 - A. die hoof inkomstegelykstellingskema, en
 - B. die ongunstige gebeurtenisinkomstegelykstellingskema.

In die volgende hoofstuk word die inkomstebelastingwette van Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland soos in Hoofstukke 2 tot 4 bespreek, met mekaar vergelyk deur middel van 'n hipotetiese gevallestudie.

HOOFSTUK 5

'N VERGELYKENDE ANALISE

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die aspekte van die Inkomstebelastingwette van Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland wat spesifiek op veeboere van toepassing is, met mekaar vergelyk om sodoende die doelwit in par. 1.4.d (p. 5) aan te spreek. Dit vind plaas deur 'n vergelyking van die teoretiese beginsels soos in die vorige drie hoofstukke bespreek in tabelformaat, waarna elk van die onderskeie inkomstebelastingwette op 'n hipotetiese gevallestudie toegepas word. Die oogmerk daarmee is dus om te toon hoe die onderskeie inkomstebelastingwette met mekaar sou vergelyk in 'n praktiese situasie ten einde dit in konteks te evalueer.

5.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE

In paragraaf 1.6 (p. 5) is verwys na die literatuurstudie wat in hoofsaak die metode van ondersoek in hierdie studie is asook die vergelykende analise tussen die geselekteerde lande ten opsigte van die aspekte wat veeboere se belasting beïnvloed. Vervolgens 'n beskrywing van die genoemde metodes van ondersoek.

5.2.1 Literatuurstudie

Die literatuurstudie is uitgevoer ten opsigte van die Inkomstebelastingwette van drie verskillende lande soos gemotiveer in paragraaf 1.2 (p. 3 en 4). Die ooreenkomste en verskille tussen die genoemde drie lande is geanaliseer en word hieronder in tabelformaat in paragraaf 5.3 aangebied. Die voordeel van 'n literatuurstudie is dat dit 'n deeglike begrip van die aspekte van belang weergee ten opsigte van die huidige teorie asook van die verlede. Die beperkings ten opsigte van 'n literatuurstudie is dat selfs 'n kritiese literatuuroorsig slegs die bestaande inligting kan weergee en nie nuwe literatuur kan skep of bestaande literatuur valideer of geldig maak nie (Mouton, 2001:180).

5.2.2 Inhoud-analise

Die analise van die inhoud van die drie verskillende lande se Inkomstebelastingwette met spesiale verwysing na veeboere het plaasgevind in hoofstukke 2 tot 4 terwyl die vergelyking in paragraaf 5.3 sal plaasvind en in paragraaf 5.4 (p. 77) word die vergelyking van die aspekte geraak deur die Inkomstebelastingwette in 'n hipotetiese gevallestudie toegepas.

Inhoud-analise kan plaasvind op 'n kwalitatiewe (tematies en chronologies) (Mouton, 2001:166) sowel as 'n kwantitatiewe wyse met ander woorde beskrywend ten opsigte van die toepassing van die Inkomstebelastingwette. Die inhoud-analise tegniek is 'n navorsingstegniek waar herhaalbare (dupliseerbare) en geldige afleidings gemaak kan word uit inhoud vir die gebruik in konteks. As navorsingstegniek bring inhoud-analise nuwe insigte, verhoog die navorser se begrip van spesifieke sake of lig praktiese aksies toe. As navorsingstegniek is dit dus betroubaar en geldig (Krippendorff, 2004:18). Die voordeel van die gebruik van die inhoud of tekstuele analyse as tegniek is dat die Inkomstebelastingwet 'n gegewe is en as uitgangspunt of voorskrif behoort toegepas te word. Die beperkings ten opsigte van 'n inhoud-analise tegniek is dat die verteenwoordiging van inhoud geanaliseer die algehele eksterne geldigheid van die bevindinge kan beperk.

5.3 OPSOMMENDE VERGELYKING VAN GESELEKTEERDE LANDE SE INKOMSTEBELASTINGWETTE OP VEEBOERE IN TABELFORMAAT

In Hoofstukke 2 tot 4 is die belastingaspekte van toepassing op veeboere van onderskeidelik Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland bespreek. Daar is telkens spesifiek op gelet wat boerdery en boerderyinkomste vir belastingdoeleindes in elk van die lande is, hoe lewende hawe vir belasting hanteer word, watter kapitale uitgawes aftrekbaar is vir belasting en die beskikbaarheid van enige spesiale belastingverligting in die betrokke lande. Ter wille van vergelykende doeleindes word daardie teorie hier onder in tabelformaat tussen die drie lande vergelyk.

Aspek	Suid-Afrika	Australië	Nieu-Seeland
Verloop van die jaar van aanslag / inkomstejaar.	1 Maart tot 28 Februarie (par. 2.1, p. 9)	1 Julie tot 30 Junie (par. 3.1, p. 28)	1 April tot 31 Maart (par. 4.1, p. 49)
Plek in die betrokke Inkomstebelastingwet waar die regulasies van toepassing op veeboere aangetref word	Artikel 26(1) van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet (Wet no. 58 van 1962), waar verwys word na die Eerste Bylae. Laasgenoemde	Artikels 40-510 tot 40-675 van die Australiese 'Income Tax Assessment Act 1997' hanteer spesifiek primêre produksie, maar moet nie in isolasie gelees	Afdeling EC van die Nieu-Seelandse 'Income Tax Act 2007' bespreek grotendeels die belasting van boere, maar moet nie in isolasie gelees word

Aspek	Suid-Afrika	Australië	Nieu-Seeland
	moet egter nie in isolasie gelees word nie (par. 2.1, p. 9)	word nie (par. 3.1, p. 28)	nie (par. 4.1, p. 49)
Die term 'boerdery' volgens die onderskeie Inkomstebelasting-wette	Die gebrek aan 'n definisie het genoodsaak dat howe in die verband 'n uitspraak moes lewer. In ITC 1319 (1980) is bepaal dat die belastingpligtige 'n besliste plan moet hê om te boer, met die maak van wins as oogmerk, alvorens dit as 'n boerdery bestempel kan word (par. 2.2.1, p. 9)	Die belastingpligtige moet by primêre produksie-aktiwiteite betrokke wees wat as 'n besigheid beskou kan word. Dit wil sê betrokkenheid by aktiwiteite wat die onderhoud van diere behels met die doel om dit te verkoop en 'n wins daaruit te genereer (par. 3.2.1, p. 29)	Hier word eerstens gefokus op of die aktiwiteite wel 'n besigheid is en tweedens of dit bedryf word vir boerderydoeleindes. Verskeie faktore word tydens die eerste deel van die vraag oorweeg, waarvan die teenwoordigheid van 'n winsmotief die belangrikste is. Die tweede been is deur die hof gedefinieer as die gebruik van grond vir veeteelt (par. 4.2.1, p. 49)
Items wat ingesluit word by boerdery-inkomste	Die kwessie is in howe aangespreek. Spesifieke insluitings behels lewende hawe wat in ag geneem is in die vasstelling van belasbare inkomste, sekere verhalings en	Relevante vorms van inkomste sluit in die opbrengs uit die verkoop van lewende hawe, huide en velle, assesseerbare balanserende aansuiwerings en onttrekkings vanuit die	Inkomste sluit in verhalings rakende lewende hawe, prysgeld gewen op landbouskoue, huur ontvang, vergoeding vir die verlies van lewende hawe, waardevermindering

Aspek	Suid-Afrika	Australië	Nieu-Seeland
	ontwikkelingskoste wat teruggetel word (par. 2.2.2, p. 10)	plaasbestuursdeposito-stelsel (par. 3.2.2, p. 30)	verhaal en terugbetalings vanuit die inkomste-gelykstellingskema (par. 4.2.2, p. 50)
Die hantering van gedwonge veeverkope	Paragrafe 13 en 13A bied die keuse om die aankoopprys van vervangende vee af te trek in die verkoopsjaar of in die jaar van aankoop, of om die opbrengs uit die gedwonge verkope by die Land- en Landboubank te belê en dan eers by onttrekking daarop belasting te betaal (par. 2.2.3, p. 12)	Kragtens artikel 385-90 tot 385-125 kan die opbrengs uit sodanige verkope óf versprei word oor vyf inkomstejare, óf afgespeel word teen die kosprys van vervangende vee oor 'n tydperk van vyf jaar (par. 3.2.3, p. 31)	'n Spesiale inkomste gelykstellingskema is beskikbaar vir sodanige verkope, waaronder deposito's tot die skema aftrekbaar is en eers belas word by terugbetaling (par. 4.5.3, p. 66)
Subsidies ontvang deur veeboere	Ingevolge paragraaf (l) van die definisie van bruto inkomste in artikel 1 van die Wet is subsidies belasbaar. Artikel 10(1)(z) het 'n vrystelling gebied, maar is egter in 2008 geskrap (par. 2.2.4, p. 13)	Subsidies betaal aan boere ten einde voort te gaan met hul besighede is belasbaar kragtens artikels 6-5 en 15-10, terwyl subsidies betaal vir die beëindiging van bedrywighede vrygestel is (par. 3.2.4, p. 34)	Daardie subsidies wat ingevolge die 'nuwe begin toekenningsprogram' aan boere betaal is, is vrygestel tot die mate wat die Kommissaris dit redelik ag (par. 4.2.3, p. 51)

Aspek	Suid-Afrika	Australië	Nieu-Seeland
Definisie van lewende hawe	Die howe het beslis dat lewende hawe alle diere insluit wat deur die boer in sy aktiwiteite gebruik word, met die uitsondering van diere wat vir private doeleindes aangehou word (par. 2.3.1, p. 13)	Artikel 995-1 stel dat lewende hawe deel vorm van handelsvoorraad, dus word enige dier wat aangehou word met die doel om die dier self of die aanwas daarvan te verkoop, beskou as lewende hawe (par. 3.3.1, p. 34)	Die Nieu-Seelandse Wet en howe het beslis dat lewende hawe daardie diere is waarmee in die normale verloop van besigheid handel gedryf word. Verder word lewende hawe verdeel in gespesifiseerde lewende hawe, hoë-waarde lewende hawe en nie-gespesifiseerde lewende hawe (par. 4.3.1, p. 53)
Die waardasie van lewende hawe	Lewende hawe word waardeer met behulp van die sogenaamde standaardwaardes soos gepubliseer in die Staatskoerant (par. 2.3.2, p. 14)	Waardasie kan plaasvind teen die kosprys, markwaarde of vervangingsprys van lewende hawe en kan jaar na jaar verander word (par. 3.3.2, p. 35)	Een van vier metodes van waardasie kan gekies word, naamlik die kuddeskemametode, die markwaarde-, kosprys- of vervangingsprysopsie, die nasionale standaardwaardeskema of die self-assesseringsopsie (par. 4.3.2, p. 54)

Aspek	Suid-Afrika	Australië	Nieu-Seeland
Beperkings op die aftrekbaarheid van lewende hawe	Aankope van lewende hawe is aftrekbaar onder artikel 11(a), maar word kragtens paragraaf 8 beperk tot die som van boerdery-inkomste en eindvoorraad min beginvoorraad (par. 2.3.4, p. 16)	Aankope is aftrekbaar kragtens artikel 8-1, sonder enige monetêre beperking (par. 3.3.3, p. 36)	Artikel DA 1 bepaal dat alle aankope van lewende hawe aftrekbaar sal wees, dus is daar geen beperking daarop nie (par. 4.3.3, p. 60)
Verhalingsbepalings rakende lewende hawe	'n Verhaling ten bedrae van die kosprys van lewende hawe sal plaasvind indien dit vir eie gebruik benut word, andersins bedra die verhaling die markwaarde daarvan (par. 2.3.5, p. 17)	Bepalings rakende verhaling soortgelyk aan dié van Suid-Afrika (par. 3.3.4, p. 37)	Bepalings rakende verhaling soortgelyk aan dié van Suid-Afrika (par. 4.3.4, p. 60)
Aftrekbaarheid van kapitale uitgawes	Ontwikkelingskoste is aftrekbaar ingevolge paragraaf 12, maar slegs sekere uitgawes mag 'n aangeslane verlies veroorsaak (par. 2.4.2, p. 19)	Uitgawes rakende die oprigting van water-fasiliteite is aftrekbaar oor drie jaar, terwyl uitgawes rakende grondbewaring onmiddellik ten volle aftrekbaar is (par. 3.4.2 en 3.4.3, p. 38)	Sekere uitgawes is onmiddellik ten volle aftrekbaar, terwyl ander teen 'n vasgestelde persentasie op 'n verminderde saldo- wyse afgetrek word (par. 4.4.3, p. 62)

Aspek	Suid-Afrika	Australië	Nieu-Seeland
Die aftrekbaarheid van waardevermindering	Artikels 12B en 11(e) bied die opsie om bates óf op 'n 50/30/20 grondslag af te skryf, óf teen koerse soos in Uitlegnota 47 voorgeskryf (par. 2.4.3 en 2.4.4, p. 20)	Afdeling 40 bespreek die Uniforme Kapitaaltoelaagstelsel, waarvolgens bates proporsioneel oor die nuttige lewensduur daarvan afgeskryf word (par. 3.4.4, p. 40)	Waardevermindering is aftrekbaar en word proporsioneel bereken op die reguitlynige, verminderde saldo- of poelmetode teen koerse deur die Kommissaris voorgeskryf (par. 4.4.4, p. 63)
Spesiale verligting beskikbaar aan veeboere	Die gemiddelde aanslagformule word gebruik om 'n skaal op te stel ten einde die boer effektiewelik op die gemiddelde inkomste te belas (par. 2.5, p. 24)	Met behulp van die bepaling van 'n gemiddelde inkomste word afwykings van daardie gemiddelde aangepas ten einde wisselvallige belasbare inkomste egaliger te belas (par. 3.5, p. 41). Verder bied die plaas bestuursdepositostelsel die geleentheid om deposito's in die stelsel af te trek, terwyl dit eers by terugbetaling belas sal word (par. 3.6, p. 44)	Die inkomste-gelykstellingskema stel boere in staat om inkomste ewerediger te versprei, deurdat inkomste verminder word met deposito's tot die skema en onttrekkings daaruit belas word (par. 4.5, p. 64)

5.4 VERGELYKING DEUR MIDDEL VAN 'N HIPOTETIESE GEVALLESTUDIE

Om 'n vergelyking van die verskillende lande te doen ten opsigte van belasbare boerdery-inkomste word die volgende hipotetiese inligting aanvaar in 'n gevallestudie hier onder.

5.4.1 Gevallestudie

Meneer A is 'n 50-jarige Suid-Afrikaanse veeboer. Hy boer al die afgelope 25 jaar in Suid-Afrika, maar as gevolg van verskeie faktore oorweeg hy dit om na Australië of Nieu-Seeland te emigreer en sy boerdery daar te gaan voortsit. Hy is egter nie vertrouwd met die inkomstebelastingwette van die onderskeie lande nie, en is bekommerd dat hy dalk daar meer belasting sal moet betaal.

Alle syfers in hierdie gevallestudie is hipoteties van aard met die doel om die beginsels ter sprake te illustreer. Ten einde die effek van die bepalinge van die onderskeie inkomstebelastingwette te illustreer word sekere syfers as veranderlike syfers hanteer (par. f, h, n en o), met die doel om winste sowel as verliese te toon. Illustrasies in die oplossing word uiteengesit onder drie afdelings, naamlik A (Suid-Afrika), B (Australië) en C (Nieu-Seeland). Die relevante inligting vir die 2010 jaar van aanslag sien soos volg daar uit:

Algemene inligting

- a. Meneer A boer met beeste en skape. Alle kuddes word op 'n kommersiële basis bedryf, behalwe die beeste, waar hy ook 'n stoet bestuur. Hy verkoop beide speenkalwers aan spekulante sowel as osse wat hy direk aan die abattoir bemark.
- b. Daar is besluit om die stoetery uit te brei, met die gevolg dat sekere uitgawes in die verband aangegaan is.
- c. Daar is 10 permanente werknemers op die plaas, aan wie hy maandeliks 'n skaap voorsien as deel van hulle vergoeding.
- d. Voorraadsyfers aan die begin en einde van die jaar is soos volg:

Beeste	Begin	Einde
Bulle	45	57
Koeie	300	480
Verse	130	150
Osse	75	92
Kalwers	280	285

Skape

Ramme	5	7
Ooie	250	280
Hamels	50	55
Lammers	225	230

- e. Wisselkoerse wat gedurende die gevallestudie gebruik word, is soos op 1 September 2010, naamlik R6.6279/A\$1 en R5.1699/NS\$1 (ABSA Bank Beperk, 2010).

Inkomste

- f. Inkomste uit die verkoop van lewende hawe bedra R1 866 000.
- g. Ingesluit by bogenoemde R1 866 000 is R106 000 wat ontvang is nadat Meneer A dringend 'n klomp van sy skape moes verkoop, omdat die deel van die plaas waarop hierdie diere gewei het, afgebrand het.
- h. Die waarde van eindvoorraad beloop R35 382.
- i. As aandeelhouer van die plaaslike Koöperasie het Meneer A 'n dividend van R5 000 ontvang.
- j. Meneer A het R1 000 000 se opgelope fondse by die bank in 'n vaste depositorekening gedeponeer, waarop rente van 5% per jaar ontvang word.
- k. Hy besit nog 'n plaas, maar omdat die plaas nie grens aan die plaas waar hy bly nie, het hy besluit om dit tydelik te verhuur. Die huur ontvang bedra R600 000.
- l. Daar is deur die loop van die jaar 3 osse en 15 hamels geslag vir huishoudelike doeleindes. Die kosprys hiervan bedra R19 500.
- m. Die belasbare inkomste vir die vorige jare van aanslag is soos volg:

Jaar van aanslag	Wins / (Verlies)
2009	120 000
2008	250 000
2007	(50 000)
2006	(100 000)

Uitgawes

- n. Lewende hawe ten bedrae van R1 910 000 is gedurende die jaar aangekoop.
- o. Die waarde van beginvoorraad beloop R25 850.
- p. Bemarkingskoste ten bedrae van R15 000 is aangegaan. Hierdie uitgawe hou verband met die jaarlikse produksieveiling van die stoet.
- q. Brandstof- en motorkoste vir die jaar bedra R75 000. Meneer A het 'n nuwe vierwiel-aangedrewe bakkie aangekoop vir R400 000.

- r. Ledegeld van R2 500 is betaal aan die onderskeie telersgenootskappe en Meneer A se inskrywingsgeld op 'n landboutydskrif bedra R500.
- s. Lone en rantsoene bedra R265 200, wat bestaan uit lone vir die 10 permanente werknemers van R200 200 en R65 000 vir die skape wat aan hulle gegee is.
- t. Onkruidodder is aangekoop ten einde die indringerbome op die plaas onder beheer te bring. Die uitgawe bedra R10 000.
- u. Die uitbreiding van die stoet het genoodsaak dat rekenaarsagteware ten bedrae van R5 000 aangekoop moes word ten einde die administrasie daarvan te kan behartig.
- v. Rente van R4 000 is betaal op die oortrokke bankrekening.
- w. Meneer A boer in 'n gebied wat gedurende Augustus elke jaar onder baie sterk winde gebuk gaan. Hierdie winde veroorsaak dat plante vrek as gevolg van die sand wat daarteen vaswaai en dat erosie in die proses plaasvind. Hy het uitgawes van R5 000 aangegaan ten einde die effek van hierdie winde te bekamp.
- x. Drie nuwe damme is opgerig teen R10 000 elk, terwyl die lê van pyplyne na die damme R15 000 gekos het. Uitgawes rakende die instandhouding en oprigting van drade bedra R55 000.
- y. Veevoer en medisyne ter waarde van R30 000 is aangekoop. Die uitgawes wat verband hou met die veearts se ondersoek van die diere voor die produksieveiling bedra R10 000.
- z. Meneer A het besluit om nog 'n stoor op die plaas op te rig. In totaal het die oprigtingskoste R200 000 bedra.

Suid-Afrikaanse belastingberekening

Met bogenoemde inligting in ag genome sal Meneer A se belastingberekening dus soos volg vertoon:

Bruto boerdery-inkomste	1 920 882
Verkope lewende hawe	1 866 000
Eindvoorraad lewende hawe (par. 5.4.4, p. 83)	35 382
Verhaling eie gebruik	19 500
Bruto diverse inkomste	655 000
Dividend ontvang	5 000
Rente ontvang	50 000
Huur ontvang	600 000
Min vrystellings	26 000
Dividende ontvang	5 000

Rente ontvang	21 000
Inkomste	2 549 882
Min boerderyaftrekkings	2 484 082
Aankope lewende hawe (par. 5.4.3, p. 82)	1 895 032
Beginvoorraad lewende hawe (par. 5.4.4, p. 83)	25 850
Bemarkingskoste	15 000
Brandstof- en motorkoste	75 000
Ledegeld	3 000
Lone en rantsoene	265 200
Rekenaarkoste	5 000
Waardevermindering (par. 5.4.6, p. 91)	200 000
Min diverse aftrekkings	4 000
Rente betaal	4 000
Belasbare inkomste voor kapitale ontwikkelingskoste	61 800
Kapitale ontwikkelingskoste (par. 5.4.5, p. 89)	61 800
Netto belasbare inkomste	0

5.4.2 Illustrasie van belastingverligting rakende gedwonge veeverkope

Die relevante inligting met betrekking tot hierdie illustrasie word uiteengesit in par. (g) (p. 78) van die gevallestudie, naamlik dat Meneer A R106 000 ontvang het vir skape wat hy dringend moes verkoop nadat 'n deel van die weiding afgebrand het. Omstandighede buite sy beheer het dus veroorsaak dat hierdie verkope nie opsioneel was nie, maar noodgedwonge moes plaasvind.

- A. Paragraaf 13 van die Eerste Bylae tot die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet bied aan Meneer A die opsie om in die toekoms, wanneer vervangende vee aangekoop word, die R106 000 teen die aankoopprys van daardie vee af te speel (Inkomstebelastingwet 58/1962). Dit sal egter bloot die heropening van die 2010 aanslag vereis en word dus nie verder geïllustreer nie. Paragraaf 13A stel Meneer A in staat om die bedrag by die Land- en Landboubank van Suid-Afrika te deponeer. Dit sal tot gevolg hê dat die bruto inkomste afneem met R106 000 en dat Meneer A eers op die bedrag belas sal word op die vroegste van onttrekking of die verstryking van ses jaar (Inkomstebelastingwet 58/1962).

- B. Die Australiese Inkomstebelastingwet bied aan Meneer A in artikel 385-105 die geleentheid om die R106 000 te versprei oor vyf jare van aanslag (Income Tax Assessment Act 1997). Die standaardwaarde van skape ingesluit by die beginvoorraad bedra R2 280 (sien par. 5.4.4, p. 83), terwyl aankope van skape R5 000 bedra het. Die belastingwins is die verskil tussen die opbrengs en die som van die beginvoorraad en aankope, dus R98 720 ($106\,000 - 2\,280 - 5\,000$). Onder die eerste opsie sal daar by die huidige jaar se belasbare inkomste 'n bedrag van R27 024 ingesluit word. Hierdie bedrag bestaan uit die opbrengs van R106 000 verminder met die belastingwins van R98 720, plus 20% van die belastingwins, dus R19 744 ($20\% \times 98\,720$). In die 2011 tot 2014 jare van aanslag sal daar telkens R19 744 by die belasbare inkomste ingesluit word, met die gevolg dat teen die einde van die 2014 jaar van aanslag Meneer A op die volle opbrengs belas is.

Artikel 385-110 van die Australiese Inkomstebelastingwet bied alternatiewelik die opsie om die belastingwins van R98 720 uit te stel en oor die volgende vyf jaar af te speel teen die aankope van lewende hawe. Aan die einde van die vyfde jaar na die gedwonge verkope sal die saldo van die ongebruikte belastingwins by belasbare inkomste ingesluit word (Income Tax Assessment Act 1997). Gestel Meneer A koop oor die volgende vyf jaar elke jaar 1 ram en 50 ooie aan ter vervanging van die vee wat hy noodgedwonge moes verkoop, teen 'n prys van R45 000 per jaar. In 2010 sal slegs R7 280 by belasbare inkomste ingesluit word, naamlik die opbrengs verminder met die belastingwins. Die aankoopprys sal in 2011 tot 2015 verminder word met die standaardwaarde van die vee, dus R306 (51×6), met die gevolg dat slegs R44 694 ($45\,000 - 306$) aftrekbaar sal wees. In 2015 sal daar egter by belasbare inkomste 'n bedrag van R97 190 ingesluit word, naamlik die balans van die onbenutte belastingwins $\{98\,720 - (5 \times 306)\}$. Effektiewelik word Meneer A dus op die totale opbrengs van R106 000 belas, net soos in die voorbeeld hier bo, bloot op 'n ander wyse.

- C. Ingevolge die Nieu-Seelandse Inkomstebelastingwet kan Meneer A die opbrengs van R106 000 deponeer in 'n ongunstige gebeurtenisinkomstegelykstellingskema teen 6.5% rente per jaar (Income Tax Act 2007). Die bedrag sal dan, soortgelyk aan die bepalings van paragraaf 13A van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet, aftrekbaar wees in die 2010 jaar van aanslag. Meneer A sal eers daarop belas word op die vroegste van

onttrekking of die verstryking van vyf jaar na deposito. Na een jaar sal die bedrag egter oorgeplaas word na die hoof inkomstegelykstellingskema, waar rente teen 3% per jaar verdien word. Die rente ontvang sal natuurlik ingesluit word by bruto inkomste.

5.4.3 Illustrasie van die monetêre beperking op die aankope van lewende hawe

Die uitgawe bespreek onder par. (n) (p. 78) van die gevallestudie het betrekking, naamlik die aankoop van lewende hawe ten bedrae van R1 910 000. Die effek van die monetêre beperking op die aftrekbaarheid van die bedrag is dat die uitbreiding van die hoeveelheid lewende hawe deur middel van aankope beperk word tot die inkomste uit boerdery gegenereer, soos hier onder geïllustreer word.

- A. Die beperking wat in paragraaf 8 van die Eerste Bylae tot die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet uiteengesit word, word soos volg bereken (Inkomstebelastingwet 58/1962):

Verkope lewende hawe	1 866 000
Verhaling eie gebruik	19 500
Eindvoorraad	35 382
Beginvoorraad	(25 850)
Bedrag van beperking	1 895 032
Aankope lewende hawe	1 910 000
Verskil oorgedra	(14 968)

Die bedrag van R14 968 word dus oorgedra na die volgende jaar van aanslag en word hanteer asof dit in daardie jaar aangegaan is. In die praktyk verg dit egter noukeurige rekordhouding om te verseker dat sodanige bedrag nie per abuis uitgelaat word uit die berekening nie.

- B. Geen van die Australiese of Nieu-Seelandse Inkomstebelastingwette bevat 'n monetêre beperking op die aftrekbaarheid van lewende hawe aankope nie. In die bogenoemde illustrasie sou die volle bedrag van R1 910 000 dus toegelaat word as 'n aftrekking, met die gevolg dat die R14 968 as 'n verlies hanteer sou word ten opsigte van die res van die belastingberekening.
- C. Kyk par. (B) hier bo.

5.4.4 Illustrasie van die verskillende waardasiemetodes van lewende hawe in die drie lande

Par. (d) (p. 77) van die gevallestudie word hier verder geïllustreer deur die toepassing van die onderskeie waardasiemetodes van lewende hawe in gebruik vir belastingdoeleindes van Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland.

- A. Die Inkomstebelastingwette van Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland is dit eens dat die waarde van beginvoorraad as 'n aftrekking toegestaan word, terwyl die waarde van eindvoorraad as 'n inkomste hanteer word. Dit is egter in die waardasie van daardie voorraad waar verskille na vore tree. Kragtens paragrawe 5 tot 7 van die Eerste Bylae tot die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet word die voorraad soos volg in Suid-Afrika waardeur (Inkomstebelastingwet 58/1962):

Beginvoorraad

Klas lewende hawe	Aantal	Standaardwaarde	Totaal
Beeste			
Bulle	45	50.00	2 250
Koeie	300	40.00	12 000
Verse	130	40.00	5 200
Osse	75	40.00	3 000
Kalwers	280	4.00	1 120
			<u>23 570</u>
Skape			
Ramme	5	6.00	30
Ooie	250	6.00	1 500
Hamels	50	6.00	300
Lammers	225	2.00	450
			<u>2 280</u>
Totaal			<u>25 850</u>

Eindvoorraad

Klas lewende hawe	Aantal	Standaardwaarde	Totaal
Beeste			
Bulle	57	50.00	2 850
Koeie	480	40.00	19 200
Verse	150	40.00	6 000
Osse	92	40.00	3 680
Kalwers	285	4.00	1 140
			<u>32 870</u>

Skape			
Ramme	7	6.00	42
Ooie	280	6.00	1 680
Hamels	55	6.00	330
Lammers	230	2.00	460
			<u>2 512</u>
Totaal			<u>35 382</u>

Die netto effek van hierdie waardes is dus 'n inkomste van R9 532 (35 382 – 25 850) (Bron van standaardwaardes: Inkomstebelastingwet 58/1962).

- B. Ingevolge artikel 70-45 van die Australiese Inkomstebelastingwet kan die kosprys, markwaarde of vervangingsprys van die voorraad gebruik word vir die waardasie daarvan (Income Tax Assessment Act 1997). Eersgenoemde metode behels die bepaling van 'n geweegde gemiddelde koste vir voorraad (kyk par. 3.3.2, p. 35) wat nie hier bespreek word nie. Die rede daarvoor is dat die waardes van beginvoorraad en natuurlike aanwas moeilik bepaalbaar is, met die gevolg dat 'n finansiële berekening uitgevoer sal word en daar dan wegbeweeg word van die illustrasie van die beginsel ter sprake. Die markwaarde en vervangingsprys van die voorraad sal in hierdie geval dieselfde bedrag wees aangesien dit bepaal word na aanleiding van 'n markverwante aankooptransaksie. Indien die berekening op grond van markwaardes uitgevoer word, sal dit soos volg vertoon:

<u>Beginvoorraad</u>			
Klas lewende hawe	Aantal	Markwaarde	Totaal
Beeste			
Bulle	45	35 000.00	1 575 000
Koeie	300	6 000.00	1 800 000
Verse	130	6 461.54	840 000
Osse	75	5 500.00	412 500
Kalwers	280	3 339.29	935 000
			<u>5 562 500</u>

Skape			
Ramme	5	5 000.00	25 000
Ooie	250	800.00	200 000
Hamels	50	700.00	35 000
Lammers	225	600.00	135 000

			<u>395 000</u>
Totaal			<u>5 957 500</u>

Eindvoorraad

Klas lewende hawe	Aantal	Markwaarde	Totaal
Beeste			
Bulle	57	35 000.00	1 995 000
Koeie	480	6 000.00	2 880 000
Verse	150	6 461.54	969 231
Osse	92	5 500.00	506 000
Kalwers	285	3 339.29	951 696
			<u>7 301 927</u>

Scape			
Ramme	7	5 000.00	35 000
Ooie	280	800.00	224 000
Hamels	55	700.00	38 500
Lammers	230	600.00	138 000
			<u>435 500</u>
Totaal			<u>7 737 427</u>

{Bron van markwaardes: Noordkaap Lewende Hawe (Edms) Bpk (2010); Heyns (2010); Fourie (2010)}.

Die gebruik van die markwaardes van die lewende hawe as waardasiemetode sal dus 'n inkomste van R1 779 927 (7 737 427 – 5 957 500) tot gevolg hê. Aanvanklik mag dit negatief vertoon aangesien dit dus een van die grootste inkomstes op Meneer A se inkomstestaat sal wees. Dit sal egter in die volgende jaar weer as 'n aftrekking hanteer word. Die rede vir die groot inkomste is die feit dat Meneer A baie stoetdiere teen hoë pryse aangekoop het. 'n Verdere aspek om te oorweeg is die effek van kapitaalwinsbelasting ten tyde van afsterwe. Die geagte opbrengs van lewende hawe sou, indien Meneer A nou sou sterf, die markwaarde van die voorraad wees, dit wil sê R7 737 427. Daarteenoor sal die basiskoste die standaardwaarde daarvan wees, dus R35 382 (p. 84). Dit veroorsaak dus 'n kapitaalwins van R7 702 045 (7 737 427 – 35 382). Gestel Meneer A val in die hoogste belastingkerf van 40% vir die doel van hierdie illustrasie. Sy aanspreeklikheid vir kapitaalwinsbelasting, met die inagneming van die R120 000 vrystelling in die jaar van afsterwe, is dus R758 205 {(7 737 427 – 35 382) – 120 000} * 25% * 40%). Die normale belastingeffek van die inkomste sou

egter R711 971 wees ($1\,779\,927 \times 40\%$). Dit kan derhalwe op die langtermyn voordelig wees om die markwaardemetode vir waardasiedoeleindes te gebruik.

- C. Die waardasiemetodes tot beskikking van die Nieu-Seelandse veeboer is die kudde-skemametode, die markwaarde-, kosprys- of vervangingsprysopsie, die nasionale standaardwaarde en die selfassesseringsopsie (Income Tax Act 2007). Die markwaarde-kosprys- of vervangingsprysopsie wat aan veeboere beskikbaar is, word nie hier bespreek nie, aangesien die waardasie van lewende hawe teen markwaardes reeds hier bo geïllustreer is. Voordat enige waardasie egter kan plaasvind, moet daar bepaal word of die lewende hawe nie miskien as hoë-waarde lewende hawe geklassifiseer kan word nie (kyk par. 4.3.1, p. 53). Vir lewende hawe om as sodanig geklassifiseer te kan word, moes dit aangekoop gewees het vir meer as NS\$500 of vyf keer die Nasionale Gemiddelde Markwaarde van die betrokke dier. Die berekening van die Suid-Afrikaanse ekwivalent met behulp van die Rand-Nieu-Seelandse Dollar-wisselkoers soos op 1 September 2010 word hier onder getoon deur die Nieu-Seelandse waarde met die faktor en daarna die wisselkoers te vermenigvuldig:

Klas lewende hawe	Waarde NS\$	Faktor	Totaal	Wisselkoers	RSA Ekwivalent
Beeste					
Bulle	1 743	5	8 715	5.1699	45 056
Koeie	770	5	3 850	5.1699	19 904
Verse	663	5	3 315	5.1699	17 138
Osse	748	5	3 740	5.1699	19 335
Kalwers	482	5	2 408	5.1699	12 460
Skape					
Ramme	218	5	1 090	5.1699	5 635
Ooie	99	5	495	5.1699	2 559
Hamels	56	5	280	5.1699	1 448
Lammers	91	5	455	5.1699	2 352

(Bron van Nieu-Seelandse waardes: Income Tax Act 2007).

Aangesien alle diere dus aangekoop is teen bedrae onder die Suid-Afrikaanse ekwivalent van vyf keer die Nasionale Gemiddelde Markwaarde, word geen diere as hoë-waarde lewende hawe geklassifiseer nie. Dus hoef geen diere op 'n waarde-verminderingsgrondslag afgeskryf te word nie.

Die waardasie van lewende hawe ingevolge die kuddeskemametode vereis die gebruik van die Nasionale Gemiddelde Markwaardes van die onderskeie klasse van lewende hawe. Hier onder volg die waardasie van Meneer A se begin- en eindvoorraad volgens dié spesifieke metode:

Beginvoorraad

Klas lewende hawe	Aantal	Markwaarde	Totaal
Beeste			
Bulle	45	1 743	78 435
Koeie	300	770	231 000
Verse	130	663	86 190
Osse	75	748	56 100
Kalwers	280	482	134 960
			<u>586 685</u>
Skape			
Ramme	5	218	1 090
Ooie	250	99	24 750
Hamels	50	56	2 800
Lammers	225	91	20 475
			<u>49 115</u>
Totaal			<u>635 800</u>

Eindvoorraad

Klas lewende hawe	Aantal	Markwaarde	Totaal
Beeste			
Bulle	57	1 743	99 351
Koeie	480	770	369 600
Verse	150	663	99 450
Osse	92	748	68 816
Kalwers	285	482	137 370
			<u>774 587</u>
Skape			
Ramme	7	218	1 526
Ooie	280	99	27 720
Hamels	55	56	3 080
Lammers	230	91	20 930
			<u>53 256</u>
Totaal			<u>827 843</u>

(Bron van Nasionale Gemiddelde Markwaardes: Income Tax Act 2007; Veal *et al.*, 2010:475 tot 477).

Die Randekwivalent van bogenoemde waardasie is onderskeidelik R3 287 022 (635 800 * 5.1699) vir beginvoorraad en R4 279 866 (827 843 * 5.1699) vir eindvoorraad, dus 'n netto inkomste van R992 844. Net soos met die vorige berekening waar markwaardes betrokke was, vertoon hierdie syfer aanvanklik baie negatief vir die boer. Dit moet egter opgeweeg word teen die potensiële voordele in die geval van kapitaalwinsbelasting.

Indien die waardasie uitgevoer word met behulp van die Nieu-Seelandse nasionale standaardwaardes, word die volgende resultate verkry:

Beginvoorraad

Klas lewende hawe	Aantal	Standaardwaarde	Totaal
Beeste			
Bulle	45	135.70	6 106
Koeie	300	135.70	40 710
Verse	130	135.70	17 641
Osse	75	135.70	10 178
Kalwers	280	242.20	67 816
			<u>142 451</u>
Skape			
Ramme	5	218.00	1 090
Ooie	250	99.00	24 750
Hamels	50	56.00	2 800
Lammers	225	91.00	20 475
			<u>49 115</u>
Totaal			<u>191 566</u>

Eindvoorraad

Klas lewende hawe	Aantal	Standaardwaarde	Totaal
Beeste			
Bulle	57	135.70	7 735
Koeie	480	135.70	65 136
Verse	150	135.70	20 355
Osse	92	135.70	12 484
Kalwers	285	242.20	69 027
			<u>174 737</u>

Skape			
Ramme	7	218.00	1 526
Ooie	280	99.00	27 720
Hamels	55	56.00	3 080
Lammers	230	91.00	20 930
			<u>53 256</u>
Totaal			<u>227 993</u>

(Bron van nasionale standaardwaardes: Income Tax Act 2007; Veal *et al.*, 2010:478).

In hierdie geval is die Randekwivalent R990 377 ($191\,566 \times 5.1699$) vir beginvoorraad en R1 178 701 ($227\,993 \times 5.1699$) vir eindvoorraad. Daar is dus 'n netto inkomste van R188 324 ($1\,178\,701 - 990\,377$).

Die gebruik en illustrasie van die selfassesseringsopsie sal in hierdie konteks bloot wiskundig van aard wees, aangesien die syfers van die nasionale standaardwaarde-metode bloot verander sal word na die werklike produksiekoste van die plaas. Dit tesame met die feit dat sodanige produksiekoste moeilik bepaalbaar is, is die rede waarom hierdie metode nie hier geïllustreer word nie.

5.4.5 Illustrasie van die aftrekbaarheid van kapitale uitgawes

Die onderstaande kapitale ontwikkelingskoste soos uiteengesit in par. (t), (w), (x) en (z) (p. 79) van die gevallestudie is deur Meneer A aangegaan, waarna die drie lande se toepassings daaronder geïllustreer word:

Onkruidbestryding	10 000
Gronderosievoorkoming	5 000
Oprigting van drie nuwe damme	30 000
Pyplyne na bogenoemde damme	15 000
Instandhouding en oprigting van drade	55 000
Oprigting van stoor	<u>200 000</u>
Totale kapitale ontwikkelingskoste	<u>315 000</u>

- A. Ingevolge paragraaf 12 van die Eerste Bylae tot die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet is die uitgawes rakende onkruidbestryding en gronderosievoorkoming ten volle aftrekbaar, aangesien dit 'n verlies mag veroorsaak (Inkomstebelastingwet 58/1962). Die ander uitgawes word egter beperk deurdat dit nie

'n aangeslane verlies mag veroorsaak nie. Die bedrag van die beperking is dus die belasbare inkomste voor die kapitale ontwikkelingskoste, min daardie ontwikkelingskoste wat wel ten volle aftrekbaar is, dit wil sê R46 800 (61 800 – 15 000). Die oorblywende R253 200 (315 000 – 15 000 – 46 800) word oorgedra na die volgende jaar en word hanteer asof dit in daardie jaar aangegaan is. Soortgelyk aan die beperking op die aankope van lewende hawe verg hierdie oordrag in die praktyk noukeurige rekordhouding.

- B. Kragtens die Australiese Inkomstebelastingwet sal die eerste twee uitgawes ook onmiddellik ten volle aftrekbaar wees, terwyl die damme en pyplyne oor drie jaar afgetrek word, die drade oor 30 jaar en die stoor oor 40 jaar (Income Tax Assessment Act 1997). Die bedrag wat dus in die huidige jaar afgetrek sal word, is soos volg:

Onkruidbestryding	10 000
Gronderosievoorkoming	5 000
Oprigting van drie nuwe damme ($30\,000 \times \frac{1}{3}$)	10 000
Pyplyne na bogenoemde damme ($15\,000 \times \frac{1}{3}$)	5 000
Instandhouding en oprigting van drade ($55\,000 / 30$)	1 833
Oprigting van stoor ($200\,000 / 40$)	5 000
Totale aftrekbare kapitale ontwikkelingskoste	<u>36 833</u>

Hierdie bedrag is wesenlik minder as die R61 800 wat aftrekbaar is onder die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet (par. 5.4.5.A, p. 89). Daar moet egter in gedagte gehou word dat, indien Meneer A in die toekoms weer kapitale ontwikkelingskoste aangaan, daardie uitgawes weereens nie 'n aangeslane verlies mag veroorsaak nie. Daarteenoor sal die jaarlikse komponent van dieselfde nie-aftrekbare uitgawes onder die Australiese Inkomstebelastingwet wel aftrekbaar wees. Die R1 833 en R5 000 soos hier bo bereken vir die instandhouding en oprigting van drade en die oprigting van die stoor is dus jaarliks aftrekbaar en word nie beperk tot die belasbare inkomste nie.

- C. Die Nieu-Seelandse Inkomstebelastingwet bepaal dat die eersgenoemde twee uitgawes sowel as die uitgawes rakende die oprigting en instandhouding van drade ten volle aftrekbaar is in die 2010 jaar van aanslag. Die uitgawes wat verband hou met damme en pyplyne en die nuwe stoor sal egter teen onderskeidelik 6% en 12% op die verminderde saldo-metode afgeskryf word (Income Tax Act 2007). Die aftrekbare bedrag word hier onder bereken:

Onkruidbestryding	10 000
Gronderosievoorkoming	5 000
Oprigting van drie nuwe damme (30 000 * 6%)	1 800
Pyplyne na bogenoemde damme (15 000 * 6%)	900
Instandhouding en oprigting van drade	55 000
Oprigting van stoor (200 000 * 12%)	24 000
Totale aftrekbare kapitale ontwikkelingskoste	<u>96 700</u>

Wat betref kapitale ontwikkelingskoste sal Meneer A dus onder die bepalinge van die Nieu-Seelandse Inkomstebelastingwet die grootste aftrekking geniet (vergelyk par. 5.4.5.A tot 5.4.5.C hier bo, p. 89).

Die nadeel verbonde aan die bepalinge van die Australiese en Nieu-Seelandse Inkomstebelastingwette is egter dat daar in die jare wat die belasbare inkomste voor die aftrekking van kapitale ontwikkelingskoste daardie ontwikkelingskoste oorskry, laasgenoemde in Suid-Afrika ten volle aftrekbaar sal wees, terwyl dit dan in Australië en Nieu-Seeland beperk word. Neem die volgende voorbeeld ter illustrasie: gestel Meneer A se verkope was wesenlik hoër met die gevolg dat die belasbare inkomste voor kapitale ontwikkelingskoste argumentshalwe R320 000 was. In so geval sou die volle ontwikkelingskoste van R315 000 in Suid-Afrika aftrekbaar wees, terwyl daar steeds onder die Australiese en Nieu-Seelandse bepalinge slegs R36 833 en R96 700 in die huidige jaar aftrekbaar sou wees. Die res van die ontwikkelingskoste sou wel met die verloop van tyd afgetrek word, maar hierdie beperking van die uitgawe kan 'n wesenlike rol op die kontantvloei van Meneer A speel.

5.4.6 Illustrasie van die aftrekbaarheid van waardevermindering

Die waardevermindering wat Meneer A sal kan aftrek op die nuwe vierwielaangedrewe bakkie wat hy aangekoop het vir R400 000, soos uiteengesit in par. (q) (p. 79) van die gevallestudie, word hier bespreek.

- A. Kragtens artikel 12B van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet sal hy in die huidige jaar van aanslag 50% van die voertuig se waarde kan aftrek as waardevermindering, dus R200 000. In die daaropvolgende twee jaar sal onderskeidelik R120 000 en R80 000 afgetrek kan word, oftewel 30% en 20% (Inkomstebelastingwet 58/1962).

- B. Ingevolge beide afdeling 40 van die Australiese Inkomstebelastingwet sowel as artikel EE 27 van die Nieu-Seelandse Inkomstebelastingwet sal die voertuig gelykmatig oor vyf jaar afgeskryf word, dit wil sê teen R80 000 per jaar (Income Tax Act 2007; Income Tax Assessment Act 1997). Vergeleke met artikel 12B kan hierdie opsies risiko's inhou wat betref kontantvloei, aangesien die bate oor 'n langer tyd afgeskryf word. Meneer A is dus in hierdie geval beter daaraan toe as sy eweknieë in Australië en Nieu-Seeland.
- C. Kyk par. (B) hier bo.

5.4.7 Illustrasie van spesiale verligting beskikbaar aan veeboere

Bo en behalwe die normale verligting wat aan veeboere beskikbaar is, bied Suid-Afrika en Australië verligting deurdat Meneer A die opsie gebied word om sy belastingaanspreeklikheid te bereken gebaseer op die gemiddelde belasbare inkomste. Nieu-Seeland bied egter nie hierdie verligting nie. Australië en Nieu-Seeland bied aan Meneer A die opsie om belastingaftrekbare deposito's tot die plaasbestuursdepositostelsel en inkomste-gelykstellingskema te maak, terwyl die geleentheid nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie.

- A. Paragraaf 19 saamgelees met Praktyknota 29 bied aan Meneer A die opsie om op 'n gemiddelde inkomste belas te word met behulp van die gemiddelde aanslagformule soos bespreek in par. 2.5 (p. 24) (Inkomstebelastingwet 58/1962). Gestel vir die doeleindes van hierdie illustrasie dat Meneer A se belasbare inkomste vir die 2010 jaar van aanslag R500 000 bedra en dat die belasting betaalbaar vir 2009 R21 600 bedra het. Die formule is soos volg:

$$Y = \left(\frac{A}{B + D - (C - L)} \times (B - L) \right) + (L \times R)$$

waar

A = 26 760 [23 760 + {25% * (144 000 – 132 000)}];

B = 500 000 (gegee hier bo);

C = 356 000 [500 000 – {(500 000 + 120 000 + 250 000 – 50 000 – 100 000) / 5}];

D = 0;

L = 0;

R = 18.072% (grootste van 21 600 / 120 000 of 90 360 / 500 000).

Indien hierdie syfers dus in die formule gevoeg word, word die resultaat soos volg bereken:

$$Y = \left(\frac{26\,760}{500\,000 + 0 - (356\,000 - 0)} \times (500\,000 - 0) \right) + (0 \times 18.072\%)$$

$$Y = \left(\frac{26\,760}{144\,000} \times 500\,000 \right) + 0$$

$$Y = (0.18583 \times 500\,000)$$

$$Y = R92\,915$$

Meneer A is dus aanspreeklik vir belasting ten bedrae van R83 159 (92 915 – 9756), oftewel effektiewelik 16.63%.

- B. Die Australiese Inkomstebelastingwet stel Meneer A in staat om op 'n gemiddelde inkomste in die huidige jaar van aanslag belas te word. Soos bespreek in par. 3.5.2 (p. 42) word daardie gemiddelde inkomste met behulp van ses stappe bereken, naamlik –
- a. die bepaling van 'n basiese belasbare inkomste, in hierdie geval die R500 000 hier bo genoem;
 - b. tweedens die berekening van 'n vergelykende belastingkoers, dit wil sê die effektiewe koers betaalbaar op Meneer A se gemiddelde inkomste oor vyf jaar –
 - i. die gemiddelde inkomste oor die huidige en vorige vier jare van aanslag is R144 000 $\{(500\,000 + 120\,000 + 250\,000 - 50\,000 - 100\,000) / 5\}$, waarop R26 760 belasting betaalbaar is, dus
 - ii. is die vergelykende belastingkoers 18.58% (26 760 / 144 000);
 - c. derdens die berekening van die gemiddelde komponent –
 - i. aangesien Meneer A belasbare rente-inkomste van R29 000 ontvang, maar die bedrag minder is as A\$5 000, oftewel R33 140 (5 000 * 6.6279), word geen aanpassings aan die R500 000 gemaak nie;
 - d. vierdens 'n vergelyking tussen die belasting betaalbaar volgens die koers in stap 2 bereken en die normale koers –

- i. teen die vergelykende koers bedra die aanspreeklikheid R92 900 ($500\,000 \times 18.58\%$), terwyl
 - ii. dit teen die normale koers R143 460 $\{109\,260 + 0.38(500\,000 - 410\,000)\}$ bedra,
 - iii. dus 'n verskil van R50 560, die sogenaamde bruto gemiddelde bedrag;
- e. vyfdens die berekening van die aweryreëling –
 - i. die gemiddelde komponent word gedeel deur die basiese belasbare inkomste en daarna vermenigvuldig met die bruto gemiddelde bedrag,
 - ii. $(500\,000 / 500\,000) \times 50\,560$,
 - iii. dus 'n bedrag van R50 560;
- f. sedens word die belasting betaalbaar op die huidige jaar se belasbare inkomste verminder met die bedrag bereken in stap 5 –
 - i. belasting op R500 000 bedra R143 460, soos hier bo bereken, min R50 560,
 - ii. dus is Meneer A aanspreeklik vir R92 900.

Meneer A se netto aanspreeklikheid van R83 144 nadat die primêre korting (9 756) afgetrek is, verteenwoordig 'n effektiewe koers van 16.63% ($83144 / 500000$), bykans dieselfde as die koers soos bereken volgens die gemiddelde aanslagformule.

- C. Kragtens die Australiese en Nieu-Seelandse Inkomstebelastingwette sou Meneer A in staat gewees het om, indien hy die nodige fondse tot sy beskikking het, die belasbare inkomste van R500 000 te verminder met behulp van die plaasbestuursdepositostelsel of die inkomstegelykstellingskema (Income Tax Assessment Act 1997; Income Tax Act 2007). Ingevolge hierdie opsies sou hy deposito's tot die stelsel of skema kon aftrek en dan weer daarop belas word wanneer dit onttrek word. Meneer A sou dus aanspreeklik wees vir belasting op die volle R500 000, terwyl hy sy aanspreeklikheid andersins sou kon verminder. Die aanspreeklikheid wat die onttrekking van die deposito's inhou, kan in die toekoms afgespeel word teen groot uitgawes. Gestel byvoorbeeld Meneer A het in die 2008 jaar van aanslag oor opgelope fondse beskik en dat die belasbare inkomste vir daardie jaar R250 000 was, soos hier bo genoem. Die normale belastingaanspreeklikheid sou R58 125 bedra. Indien Meneer A egter op daardie stadium R250 000 in 'n inkomstegelykstellingskema teen 3% per jaar belê het, met die doel om dit in die toekoms aan te wend vir die uitbreiding van sy stoet, en die

deposito kon aftrek, sou hy geen belastingaanspreeklikheid opgeloop het nie. In die 2009 en 2010 jare van aanslag sou hy wel rente-inkomste van R7 500 en R7 725 ontvang waarop hy aanspreeklik sou wees vir belasting. Indien die bedrag egter in die 2010 jaar van aanslag onttrek word, kan die inkomste afgespeel word teen die aankope van lewende hawe. Andersins kon die bedrag eers onttrek word in 'n jaar waarin die boerdery miskien onder droogte gebuk gaan en daar dus minder inkomste is, beide natuurlik opsies wat nie in Suid-Afrika aan Meneer A beskikbaar is nie.

5.5 IMPLEMENTERING VAN DIE BELASTINGWET OP VERSKILLENDEN LANDE

Die boerderybelastingbeginsels van die Australiese en Nieu-Seelandse Inkomstebelastingwette is in hierdie hoofstuk geïllustreer. Indien dit in berekening gebring en teenoor die Suid-Afrikaanse belastingberekening gestel word, sal Meneer A se belastingaanspreeklikheid soos volg bepaal word:

	Suid-Afrika	Australië	Nieu-Seeland
Bruto boerdery-inkomste	1 920 882	9 622 927	2 713 343
Verkope lewende hawe	1 866 000	1 866 000	1 866 000
Eindvoorraad lewende hawe	35 382	7 737 427	827 843
Verhaling eie gebruik	19 500	19 500	19 500
Bruto diverse inkomste	655 000	655 000	655 000
Dividend ontvang	5 000	5 000	5 000
Rente ontvang	50 000	50 000	50 000
Huur ontvang	600 000	600 000	600 000
Min vrystellings	26 000	26 000	26 000
Dividende ontvang	5 000	5 000	5 000
Rente ontvang	21 000	21 000	21 000
Inkomste	2 549 882	10 251 927	3 342 343
Min boerderyaftrekkings	2 484 082	8 310 700	2 989 000
Aankope lewende hawe	1 895 032	1 910 000	1 910 000
Beginvoorraad lewende hawe	25 850	5 957 500	635 800
Bemarkingskoste	15 000	15 000	15 000
Brandstof- en motorkoste	75 000	75 000	75 000
Ledegeld	3 000	3 000	3 000
Lone en rantsoene	265 200	265 200	265 200
Rekenaarkoste	5 000	5 000	5 000
Waardevermindering	200 000	80 000	80 000
Min diverse aftrekkings	4 000	4 000	4 000
Rente betaal	4 000	4 000	4 000

Belasbare inkomste voor kapitale ontwikkelingskoste	61 800	1 937 227	349 343
Kapitale ontwikkelingskoste	61 800	36 833	96 700
Netto belasbare inkomste	0	1 900 394	252 643

5.6 SAMEVATTING

Vergeleke met Suid-Afrika sou die netto belasbare inkomste van Meneer A dus wesenlik hoër wees in Australië en Nieu-Seeland, hoofsaaklik vanweë die metode van waardasie van lewende hawe. Verdere aspekte wat ook 'n rol speel is die laer aftrekbare waardevermindering van beide Australië en Nieu-Seeland en die bedrag van aftrekbare kapitale ontwikkelingskoste wat onder die Australiese Inkomstebelastingwet laer sou wees.

Hoewel hierdie situasie 'n baie groot belastingaanspreeklikheid in die buiteland vir Meneer A vertoon, moet daar in gedagte gehou word dat slegs een jaar van aanslag oorweeg word. Dit is dus moontlik dat, indien Meneer A in die volgende jaar minder eindvoorraad as beginvoorraad sou hê, hy heel moontlik oor 'n aangeslane verlies van bykans R2 000 000 sou beskik. Dit egter ter syde gestel, Meneer A se aanspreeklikheid in die 2010 jaar van aanslag kan baie druk plaas op kontantvloei, ongeag die feit dat dit in die toekoms moontlik verhaal kan word.

In tabelformaat kan die resultate vanuit die gevallestudie soos volg opgesom word:

Aspek	Paragraaf (Bladsy)	Suid-Afrika	Australië	Nieu-Seeland
Gedwonge veeverkope	Par. 5.4.2 (p. 80)	R106 000 aftrekbaar aanvanklik, word belas op vroegste van onttrekking of vyf jaar	R106 000 versprei oor vyf jaar	R106 000 aftrekbaar as deposito, word belas op vroegste van onttrekking of ses jaar
Monetêre beperking op	Par. 5.4.3 (p. 82)	R1 910 000 se aankope beperk tot	Volle R1 910 000 aftrekbaar	Soortgelyk aan Australië

Aspek	Paragraaf (Bladsy)	Suid-Afrika	Australië	Nieu-Seeland
Gedwonge veeverkope	Par. 5.4.2 (p. 80)	R106 000 aftrekbaar aanvanklik, word belas op vroegste van onttrekking of vyf jaar	R106 000 versprei oor vyf jaar	R106 000 aftrekbaar as deposito, word belas op vroegste van onttrekking of ses jaar
lewende hawe aankope		R1 895 032, R14 968 dus nie aftrekbaar nie		
Waardasie van lewende hawe	Par. 5.4.4 (p. 83)	Lae standaardwaarde bied voordeel t.o.v. normale inkomstebelasting, maar hou nadeel vir kapitaalwinstbelasting in	Markwaardes hou groot nadeel in vir normale inkomstebelasting, maar kan voordelig wees by kapitaalwinstbelasting	Soortgelyk aan Australië
Kapitale uitgawes	Par. 5.4.5 (p. 89)	R315 000 se uitgawes beperk tot R61 800, R253 200 dus nie aftrekbaar nie	R315 000 se uitgawes beperk tot R36 833, R278 167 dus nie aftrekbaar nie	R315 000 se uitgawes beperk tot R96 700, R218 300 dus nie aftrekbaar nie
Waardever- mindering	Par. 5.4.6 (p. 91)	50% van die R400 000 is aftrekbaar, dit wil sê R200 000	20% van die R400 000 is aftrekbaar, dit wil sê R80 000	Soortgelyk aan Australië
Spesiale verligting	Par. 5.4.7 (p. 92)	Gemiddelde aanslagformule lei tot 'n effektiewe koers van 16.63%	Gemiddelde inkomste lei tot 'n effektiewe koers van 16.63%. Verder is die plaasbestuurs-	Beskikbaarheid van die inkomste- gelykstelling- skema

Aspek	Paragraaf (Bladsy)	Suid-Afrika	Australië	Nieu-Seeland
Gedwonge veeverkope	Par. 5.4.2 (p. 80)	R106 000 aftrekbaar aanvanklik, word belas op vroegste van onttrekking of vyf jaar	R106 000 versprei oor vyf jaar	R106 000 aftrekbaar as deposito, word belas op vroegste van onttrekking of ses jaar
			depositostelsel beskikbaar	
Netto belasbare inkomste	Par. 5.5 (p. 95)	RNul, dus vanuit 'n belastingoogpunt die beste opsie	R1 900 394, dus vanuit 'n belasting- oogpunt die duurste opsie	R252 643, dus die middeweg tussen die beste en swakste opsies

In die volgende hoofstuk sal 'n gevolgtrekking oor die bevindinge sowel as aanbevelings rakende waar daar op die Suid-Afrikaanse stelsel verbeter kan word, bespreek word.

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

In par. 1.3 (p. 4) word die probleemstelling in die vorm van 'n vraag aangebied, naamlik of die Suid-Afrikaanse Regering die veeboere en dus indirek die nasionale ekonomie, genoegsaam ondersteun deur middel van voordelige inkomstebelastingbepalings, en of daar aspekte is waarop Suid-Afrika kan verbeter. Die voorstel is gemaak dat die belastingbepalings soos dit van toepassing is op Suid-Afrikaanse veeboere vergelyk word met dié van hul eweknieë in Australië en Nieu-Seeland. Ten einde hierdie vergelyking te kan tref, is dit nodig dat gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak moet word rakende watter van die Suid-Afrikaanse, Australiese of Nieu-Seelandse Inkomstebelastingwette vir veeboere op spesifieke gebiede die voordeligste is. Hierdie gevolgtrekkings en aanbevelings is dan ook die primêre doelstelling van die navorsing, soos uiteengesit in par. 1.4 (p. 4).

Hoofstuk 5 het die vergelyking van die literatuurstudies uitgevoer in Hoofstukke 2 tot 4 opgesom in tabelformaat, waarna die teoretiese beginsels toegepas is op 'n hipotetiese gevallestudie. Hoofstuk 6 bring die verskillende aspekte bespreek in daardie hoofstukke in verband met mekaar deur middel van 'n bespreking onder die volgende opskrifte, naamlik:

- a. **Gevolgtrekking:** hier word 'n gevolgtrekking gemaak rondom die voordele en nadele wat die spesifieke aspek vir die veeboer inhou en watter van die stelsels onder bespreking die voordeligste sal wees; en
- b. **Aanbeveling:** nadat die Australiese en Nieu-Seelandse Inkomstebelastingwette in ag geneem is, word 'n aanbeveling gemaak rondom hoe en waar daar op die Suid-Afrikaanse stelsel verbeter kan word.

Die resultate van die navorsing dui daarop dat, hoewel daar baie voordele daaraan verbonde is om deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens as 'n boer beskou te word, veeboere in ontwikkelde lande soos Australië en Nieu-Seeland op sekere gebiede selfs groter voordele geniet.

6.2 ASPEKTE RAKENDE DIE BELASTING VAN VEEBOERE

6.2.1 Die hantering van gedwonge veeverkope

6.2.1.1 Gevolgtrekking

Verligting in Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland vind plaas op so 'n wyse dat die belastingpligtige steeds effektiewelik belas word op die totale opbrengs vanuit die gedwonge verkope, maar daar word telkens verskillende metodes toegepas. Die opsies beskikbaar aan die Suid-Afrikaanse veeboer hou egter die nadeel in dat dit, in die geval van die heropening van die aanslag in die toekoms, administratiewe probleme kan veroorsaak en, in die geval van die deponering van die opbrengs by die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, beperk is tot daardie bank. Indien die bank dus finansiële probleme sou ervaar, kan die boer nie die geld by 'n ander bank belê en steeds die verligting kry nie. Die Australiese opsies behels die verspreiding of uitstel van die opbrengs. In die praktyk sal hierdie metode egter 'n groot administratiewe las veroorsaak deurdat daar noukeurige rekordhouding sal moet plaasvind van die toedeling van die opbrengs. In Nieu-Seeland blyk die veeboere die beste daaraan toe te wees, aangesien hierdie boere die geleentheid het om die opbrengs op sodanige verkope direk by die Kommissaris, dus 'n veiliger belegging, te belê teen 'n rentekoers van 3.5%. Hulle word dan eers daarop belas op die vroegste van terugbetaling, afsterwe, insolvensie of die verstryking van vyf jaar na die deposito.

6.2.1.2 Aanbeveling

Daar word voorgestel dat Suid-Afrika die bestaande opsies behou, maar dat daar twee opsies bygevoeg word. Eerstens dat die opbrengs oor 'n tydperk van vyf jaar versprei word op 'n reguitlynige, dit wil sê 20% per jaar, grondslag. Tweedens dat boere in staat gestel word om sodanige opbrengs by enige bank of by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens self in 'n aparte rekening wat spesifiek vir hierdie doel geopen is, te belê. Dit is te verstane dat hierdie rekeninge geadministreer moet word en dat daar dus 'n administrasiekoste gehef sal moet word, maar die risiko dat die bank of die Kommissaris finansiële probleme sal ervaar en die boer die belegging kan verloor, is baie kleiner. Kyk ook par. 6.2.6 (p. 103) in dié verband.

6.2.2 Die monetêre beperking op die aankope van lewende hawe

6.2.2.1 Gevolgtrekking

Tussen die drie lande wat in hierdie navorsing hanteer is, is dit net Suid-Afrika wat wel die aftrekbaarheid van die aankope van lewende hawe beperk. Daar word nie in Australië of

Nieu-Seeland 'n beperking op hierdie uitgawe geplaas nie. Verder veroorsaak die huidige Suid-Afrikaanse beperking dat daar rekord gehou moet word van die bedrag wat geweier is, aangesien daardie bedrag in die toekoms aftrekbaar is. Dit gebeur dan in die praktyk dat die uitgawe van die vorige jaar per abuis nie in berekening gebring word nie, met die gevolg dat die boer daardie voordeel verloor. Paragraaf 8 tot die Eerste Bylae van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet is ingevoeg nadat dit aan die lig gekom het dat groot hoeveelhede lewende hawe kort voor jaareinde aangekoop word met die doel om die belasbare inkomste te verminder. In artikel 20A(2)(b)(vi) van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet word deeltydse boerdery as een van die sogenaamde verdagte bedrywe gelys, met die gevolg dat, onderhewig aan sekere vereistes, die verliese afkomstig uit sodanige bedryf omhein word. Die doel hiervan is om die manipulering van inkomste te voorkom (Inkomstebelastingwet 58/1962).

6.2.2.2 Aanbeveling

Die afskaffing van die beperking sal in die eerste plek minder administrasie tot gevolg hê. Verder sal dit die groot hoeveelheid opkomende boere in Suid-Afrika, wat in hul eerste jare van boerdery verplig word om diere aan te koop, nie beperk in hul aktiwiteite nie.

6.2.3 Waardasie van lewende hawe

6.2.3.1 Gevolgtrekking

Die gebruik van die Suid-Afrikaanse standaardwaardes as metode vir waardasie veroorsaak wel die kleinste aftrekking of inkomste indien die beginvoorraad en eindvoorraad verskil, maar veroorsaak egter 'n groot kapitaalwinsbelastingaanspreeklikheid wanneer die boer te sterwe kom. Die Australiese kosprys vereis die bepaling van 'n geweegde gemiddelde koste, wat in die praktyk moeilik bepaalbaar is en 'n groot administratiewe verantwoordelikheid teweegbring. Die markwaarde- en vervangingsprysmodel van beide Australië en Nieu-Seeland sowel as die kuddeskemametode van laasgenoemde, hou die risiko van 'n groot aftrekking of inkomste in indien die beginvoorraad en eindvoorraad sou verskil. Die Nieu-Seelandse nasionale standaardwaarde is soortgelyk aan die Suid-Afrikaanse model, maar maak van standaardwaardes gebruik wat nie soveel verskil van die markwaardes as wat die geval in Suid-Afrika is nie. Dit hou die voordeel in dat die belastingberekening dan ook 'n redeliker weergawe van die voorraad weerspieël, terwyl dit, in die Suid-Afrikaanse konteks, die belasbare kapitaalwins sou verklein indien die boer te sterwe sou kom. Die gebruik van

markwaardes kan egter bedrog en belastingontduiking teweegbring, vanweë die praktiese beperkings om 'n geskikte markwaarde te bepaal.

6.2.3.2 Aanbeveling

Die opdatering van die bestaande standaardwaardes met die doel om dit meer in ooreenstemming te bring met markwaardes sal wel 'n groter aftrekking of inkomste veroorsaak wanneer beginvoorraad en eindvoorraad verskil. Dit sal egter die kapitaalwinsbelastingaanspreeklikheid van die veeboer in die geval van afsterwe verklein, deurdat die basiskoste van lewende hawe nader aan die opbrengs daarvan beweeg.

6.2.4 Aftrekbaarheid van kapitale uitgawes

6.2.4.1 Gevolgtrekking

Die beperking van sekere van die Suid-Afrikaanse veeboer se uitgawes tot belasbare inkomste hou die nadeel van noukeurige rekordhouding in. Die voordeel is egter dat, indien die belasbare inkomste die kapitale ontwikkelingskoste oorskry, laasgenoemde ten volle aftrekbaar is. Daarteenoor is sekere uitgawes in Australië ook ten volle aftrekbaar, terwyl ander oor enigiets tussen 3 en 40 jaar afgeskryf word, wat op sig self ook noukeurige rekordhouding vereis. Die Nieu-Seelandse gebruik om die uitgawes wat nie onmiddellik ten volle aftrekbaar is nie op 'n verminderde saldo-basis af te skryf, bied aan die veeboer die grootste voordeel, mits die kapitale ontwikkelingskoste die belasbare inkomste oorskry.

6.2.4.2 Aanbeveling

Daar word aanbeveel dat die aftrekbare kapitale ontwikkelingskoste soos volg verdeel word, ten einde aan die een kant nie deur die beskikbaarheid van groot aftrekkings 'n skuiwergat te veroorsaak nie, maar ook aan die ander kant die opkomende boer nie te veel te beperk nie:

- a. uitgawes wat afgetrek mag word en 'n aangeslane verlies mag veroorsaak, byvoorbeeld
 - i. onkruidbestryding en die vernietiging van indringerplante;
 - ii. uitgawes aangegaan om grondverspoeling te voorkom;
 - iii. omheinings; en
- b. uitgawes wat, indien 'n aangeslane verlies deur hierdie uitgawes veroorsaak sal word, beperk word tot 20% van daardie uitgawes, byvoorbeeld
 - i. dipbakke;
 - ii. damme, besproeiingskemas, boorgate en pompmasjiene;

- iii. werk verrig aan geboue, hetsy oprigting of verbetering (behalwe herstelwerk), mits dit nie vir huishoudelike doeleindes aangewend word nie;
- iv. aanleg van paaie en brûe wat in verband met boerderyaktiwiteite gebruik word;
- v. uitgawes aangegaan vir die oprigting van 'n kraglyn vir die voorsiening van elektrisiteit, mits daar 'n ooreenkoms tussen die boer en die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie bestaan wat sodanige uitgawes vereis.

Die gevolg hiervan sal dus wees dat die kapitale ontwikkelingskoste onder punt (b) hier bo genoem steeds beperk word tot belasbare inkomste, maar dat 20% van daardie uitgawe wel 'n aangeslane verlies sal kan veroorsaak. Indien die belasbare inkomste dus jaarliks minder is as die kapitale ontwikkelingskoste sal dit tot gevolg hê dat die uitgawe reguitlynig oor vyf jaar afgeskryf word.

6.2.5 Aftrekbaarheid van waardevermindering

6.2.5.1 Gevolgtrekking

Die Suid-Afrikaanse veeboer word toegelaat om waardevermindering oor 'n tydperk van drie jaar teen onderskeidelik 50%, 30% en 20% per jaar af te skryf. Daarteenoor is waardevermindering van Australiese en Nieu-Seelandse veeboere aftrekbaar oor vyf jaar teen 20% per jaar. Die Suid-Afrikaanse veeboer is dus beter daaraan toe, aangesien daar in die beginperiode 'n hoër persentasie toegelaat word en die waardevermindering oor 'n korter tydperk afgeskryf word.

6.2.5.2 Aanbeveling

In hierdie geval blyk die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet die voordeligste te wees, dus word geen aanbeveling gemaak om verdere voordele te bewerkstellig nie.

6.2.6 Spesiale verligting aan veeboere beskikbaar

6.2.6.1 Gevolgtrekking

Die gemiddelde aanslagformule wat in Suid-Afrika toegepas word, het 'n effektiewe koers in die gevallestudie (par. 5.4.7, p. 92) van 16.63% tot gevolg gehad, soortgelyk aan die effektiewe koers van 16.63% soos bepaal ingevolge die Australiese metode vir die berekening van 'n gemiddelde inkomste. Die plaasbestuursdepositostelsel in Australië sowel as die inkomstegelykstellingskema in Nieu-Seeland bied aan boere die opsie om deposito's

tot hierdie stelsels te maak by goedgekeurde finansiële instellings of by die Kommissaris self. Hierdie deposito's is dan aftrekbaar vir belasting en is belasbaar op die vroegste van terugbetaling, afsterwe, insolvensie of die verstryking van vyf jaar.

6.2.6.2 Aanbeveling

Aangesien die gemiddelde aanslagformule en die gemiddelde inkomstemetode dieselfde effektiewe koers oplewer, word voorgestel dat daar met die huidige Suid-Afrikaanse praktyk voortgegaan word. Boere sal baie daarby baat vind indien Suid-Afrika ook 'n stelsel aan hulle beskikbaar stel waarvolgens hulle belastingaftrekbare deposito's tot goedgekeurde finansiële instellings kan maak indien hulle oor die nodige opgelope fondse beskik. Hierdie deposito's moet nie alleenlik beperk word tot die Land- en Landboubank van Suid-Afrika nie en hoef ook nie noodwendig alleenlik afkomstig te wees uit die opbrengs ontvang uit die gedwonge vervreemding van vee nie. Banke moet die geleentheid gebied word om hul eie produkte teen mededingende rentekoerse en redelike bankkoste aan boere beskikbaar te stel. Soortgelyk aan bestaande beleggings kan die bank dan aan die einde van die jaar 'n IB3-vorm uitreik waarop die deposito's, onttrekkings, rente en saldo aangedui word. Hierdie vorm kan dan gebruik word in die belastingberekening.

6.3 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk bring die teoretiese beginsels, soos uiteengesit in Hoofstukke 2 tot 4, in verband met die gevallestudie bespreek in Hoofstuk 5. Verder word aanbevelings gemaak rakende aspekte waarop Suid-Afrika moontlik kan verbeter in verband met die belasting van veeboere. Die hoofstuk spreek dus die doelwitte soos uiteengesit in par. 1.4.e (p. 5) aan.

In Suid-Afrika is daar verskeie vorme van belastingverligting aan veeboere beskikbaar, sommige selfs voordeliger as dié beskikbaar aan hul Australiese en Nieu-Seelandse eweknieë. Daar is egter sekere aspekte waarop Suid-Afrika wel aanpassings aan die bestaande belastingstelsel kan maak ten einde aan boere verligting te verleen en sodoende indirek die nasionale ekonomie te bevorder. Voorbeelde hiervan is die wysiging van die hantering van gedwonge veeverkope, die afskaffing van die monetêre beperking op die aankope van lewende hawe, die heroorweging van die beperkings op die aftrekbaarheid van kapitale uitgawes en die totstandkoming van spesiale verligting in die vorm van 'n plaasbestuursdepositostelsel of inkomstegelykstellingskema.

Die verskillende gevolgtrekkings en aanbevelings kan soos volg opgesom word:

- a. In die geval van gedwonge veeverkope het die boer nie veel opsies beskikbaar nie. Die bestaande opsie om die geld by die Land- en Landboubank van Suid-Afrika te belê, kan moontlik uitgebrei word na ander banke, om sodoende 'n stelsel daar te stel soortgelyk aan die Nieu-Seelandse ongunstige gebeurtenisinkomstegelykstellingskema (par. 4.5.3, p. 66).
- b. In Suid-Afrika word daar 'n monetêre beperking geplaas op die aftrekbaarheid van die aankope van lewende hawe, terwyl dit nie die geval in Australië en Nieu-Seeland is nie. Die opheffing van hierdie beperking kan veral opkomende boere in staat stel om vinniger hul boerderye uit te brei en sal ook die gepaardgaande administratiewe verpligting verminder.
- c. Die gebruik van die 1976 standaardwaardes vir die waardasie van lewende hawe veroorsaak wel klein fluktuasies in inkomste en aftrekkings, maar hou 'n nadeel in wanneer die kapitaalwinsbelasting by afsterwe bereken moet word. Daarteenoor verminder die gebruik van markwaardes die kapitaalwinsbelasting, maar dit kan potensieel baie nadelig wees vir normale belasting. Indien hierdie standaardwaardes meer in ooreenstemming gebring kan word met markwaardes, sal dit die kapitaalwinsbelastingverpligting verklein, sonder om té nadelig te wees met betrekking tot normale belasting.
- d. Die huidige praktyk om sekere kapitale uitgawes te beperk tot belasbare inkomste veroorsaak 'n administratiewe verpligting en belemmer die vooruitgang van ondernemende, opkomende boere. Die stelsel kan moontlik aangepas word om die beperking te wysig sodat sekere uitgawes wel 'n aangeslane verlies mag veroorsaak, terwyl ander slegs tot 'n beperkte mate aftrekbaar sal wees.
- e. Waardevermindering in Suid-Afrika word deur boere op 'n 50/30/20 basis afgetrek, teenoor 'n toegelate 20% per jaar in Australië en Nieu-Seeland. Aangesien hierdie praktyk in Suid-Afrika voordeliger is, word die voortgesette toepassing daarvan dus aanbeveel.
- f. Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland bied elk een of ander vorm van spesiale verligting aan veeboere. In die eersgenoemde twee lande is die opsie aan veeboere beskikbaar om hul belastingaanspreeklikheid te bereken op grond van 'n gemiddelde belasbare inkomste. Die gevallestudie het in die toepassing daarvan telkens dieselfde

effektiewe persentasie getoon, met die gevolg dat die voortgesette toepassing van die Suid-Afrikaanse gemiddelde aanslagformule aanbeveel word. In die laasgenoemde twee lande is die opsie aan veeboere beskikbaar om oorskot fondse te deponeer by goedgekeurde finansiële instellings. Hierdie deposito's sal dan aftrekbaar wees vir belasting en eers belas word op die vroegste van terugbetaling, afsterwe, insolvensie of die verstryking van 'n spesifieke tydperk. Die implementering van 'n soortgelyke stelsel in Suid-Afrika word in hierdie verband aanbeveel. Sodanige stelsel sal die geleentheid aan boere bied om in daardie jare waartydens die belasbare inkomste hoër is as normaal, opgelope fondse te deponeer en te spaar vir die jare wanneer die belasbare inkomste weer laer is as normaal. Boonop sal die stelsel nie die Kommissaris benadeel nie, aangesien die deposito's wel op 'n stadium weer by die belasbare inkomste ingesluit word.

Hierdie navorsing het daartoe bygedra dat die kennis van boerderybelasting uitgebrei word, sowel as dat daar aan boere wat van voorneme is om na Australië of Nieu-Seeland te emigreer 'n voorskou gebied word van die belastingwetgewing en die toepassing daarvan wat in daardie lande op hulle wag. Verder het die navorsing daardie aspekte uitgelig waarop daar op die bestaande Suid-Afrikaanse stelsel verbeter kan word, met die uiteindelijke doel om die nasionale ekonomie indirek te bevorder.

Die navorsing kan verder gevoer word deur navorsing te doen oor die volgende aspekte:

- a. Die beskikbaarheid van subsidies, droogtehulp en/of brandhulp aan boere in ander lande en die belastinghantering daarvan.
- b. Die beperkende rol wat in- en uitvoerbelasting op boerdery speel.
- c. 'n Vergelyking tussen lande van die kapitaalwinsbelastingimplikasie wanneer 'n boer te sterwe kom.

BIBLIOGRAFIE

ABSA BANK BEPERK. 2010. Exchange rates.
<http://www.absa.co.za/absacoza/content.jsp?/Home/News-&-Market-Information/Market-Information/Exchange-Rates.html>. Datum van toegang: 1 September 2010.

ANON. 1998. Rainy day tax scheme provides relief for Aussie farmers. *Farmer's Weekly*, 15(88020):39, May.

AUSTRALIA. 1936. Income Tax Assessment Act 1936. Sydney: Government Printer.

AUSTRALIA. 1997. Income Tax Assessment Act 1997. Sydney: Government Printer.

AUSTRALIAN TAXATION OFFICE. 1997. Taxation Ruling 97/11 Income tax: am I carrying on a business of primary production?
<http://www.ato.gov.au/atolaw/view.htm?docid=TXR/TR9711/NAT/ATO/00001.pdf>. Datum van toegang: 21 Junie 2010.

AUSTRALIAN TAXATION OFFICE. 2007. Farm management deposits scheme.
<http://www.ato.gov.au/download.asp?file=/content/downloads/n8776.pdf>. Datum van toegang: 26 Julie 2010.

AUSTRALIAN TAXATION OFFICE. 2009. Information for primary producers.
<http://www.ato.gov.au/download.asp?file=/content/downloads/n1712-06-2009.BW.pdf>. Datum van toegang: 21 Junie 2010.

BEZUIDENHOUT, R. 2003. From small town RSA to small town USA. *Farmer's Weekly*, 11(93013):30-32.

BOTES, S. 2008. Min boere verplant oorsee. *Landbouweekblad*, 62(1578):16-18, November.

BURGER, D. 2008. Tax Act changes “very unfair” and will complicate farmers’ lives. *Farmer's Weekly*, 20(98047):12, December.

- CCH. 2010. New Zealand Master Tax Guide 2010. Auckland: McPherson's. 1524p.
- COETZEE, H. 2003. Beskou die keiser jou as 'n boer? *Accountancy SA*, 18(951):7-8, Junie.
- CORREIA, N. & BURGER, C. 2008. Vroegtydige belastingbeplannings kan boere duisende rande in belasting bespaar. *Ons Eie*, 43(1):58-59, Februarie.
- DE KOKER, A. 2008. Silke on South African Income Tax. 4 vols. Durban: Lexis Nexis.
- FOURIE, H.P. 2010. Mondelinge gesprek met bemarker. Olifantshoek. Datum: 1 September 2010.
- GROENEWALD, A. 2008. Emigrasiebesluit 'n taai een. *Landbouweekblad*, 62(1578):17, November.
- HEYNS, D. (deon@meattrust.co.za) 27 Aug. 2010. Vleispryse. E-pos aan: Fourie, W.C.J. (willem.fourie5@gmail.com).
- HUXHAM, K., HAUPT, P. 2010. Notes on South African Income Tax. Roggebaai: H & H Publications. 1021p.
- INCOME TAX ACT 2007. 2007. Kyk NEW ZEALAND.
- INCOME TAX ASSESSMENT ACT 1936. 1936. Kyk AUSTRALIA.
- INCOME TAX ASSESSMENT ACT 1997. 1997. Kyk AUSTRALIA.
- INKOMSTEBELASTINGWET 58/1962. 1962. Kyk SUID-AFRIKA.
- INLAND REVENUE DEPARTMENT. 2006. What is the adverse event income equalisation scheme? <http://www.ird.govt.nz/business-income-tax/income-equalisation/adverse-events.html>. Datum van toegang: 11 Augustus 2010

INLAND REVENUE DEPARTMENT. 2008. Requesting a refund. <http://www.ird.govt.nz/business-income-tax/income-equalisation/refunds.html> Datum van toegang: 11 Augustus 2010.

INLAND REVENUE DEPARTMENT. 2009. Who can use the income equalisation scheme? <http://www.ird.govt.nz/business-income-tax/income-equalisation/eligibility.html> Datum van toegang: 11 Augustus 2010.

INLAND REVENUE DEPARTMENT. 2010. Farming Income. <http://www.ird.govt.nz/resources/3/f/3fdb7a804bbe580ab601f6bc87554a30/ir3f.pdf>. Datum van toegang: 7 Augustus 2010.

KRIPPENDORFF, K. 2004. Content analysis: An introduction to its methodology. USA: Sage Publications.

LESSING, D. 2003. Die boer se dood is die staat se brood. *Finansies & Tegniek*, 22(45):63-64, Februarie.

MARIYONO, J. 2007. Experts adress the question: "In your view, do agricultural subsidies in developed countries benefit or harm the majority of the poor in developing countries?". *Natural Resources Forum*, 31(4):320, November.

MATSILO, R. 2004. Tax planning and management for SA farmers. *The South African Sugar Journal*, 88(5):6-9, June.

MAYRING, P. 2000. Qualitative Content Analysis. *Qualitative Social Research*.1(2) Art 20, June.

MOUTON, J. 2001. How to succeed in your Master's and Doctoral Studies. A South African guide and resource book. Pretoria:Van Schaik.

NEW ZEALAND. 1994. Tax Administration Act 1994. Canberra: Government Printer.

NEW ZEALAND. 2007. Income Tax Act 2007. Canberra: Government Printer.

NOORDKAAP LEWENDE HAWE. 2010. Fisiese bywoning van beesveiling. Kuruman. Datum 17 April 2010.

O'HALLORAN, P. 2008. Livestock standard value. *Farmer's Weekly*, 198(98036):38, September.

STATISTIEK SUID-AFRIKA. 2007. Survey of large scale agriculture 2006. <http://www.statssa.gov.za/publications/statsdownload.aspPPN=P1101.1&SCH=4025.pdf>. Datum van toegang: 21 Junie 2010.

STATISTIEK SUID-AFRIKA. 2010. Gross Domestic Product, First Quarter 2010. <http://www.statssa.gov.za/publications/P0441/P0441stQuarter2010.pdf>. Datum van toegang: 28 Junie 2010.

STIGLINGH, M., KOEKEMOER, A., WILCOCKS, J.S., DE SWARDT, R., JORDAAN, K. 2010. Silke: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting. Durban: LexisNexis Butterworths. 1139p.

SUID-AFRIKA. 1962. Inkomstebelastingwet No. 58 van 1962. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS. 2008. 2008 Tax Statistics. <http://www.sars.gov.za/home.asp?pid=44114.pdf>. Datum van toegang: 3 Maart 2010.

SULLIVAN, M., MENDEL, J., CHOW, M., CARR, E., CHAN, C., CLEARY, G., CROMBIE, N., ENRIQUEZ, E., GAAL, J., JOHNSON, K., LEOW, J., MCCOUAT, P., PAGE, B., ROSSO, E., YAP. 2009. Australian Master Tax Guide. Sydney: McPherson's. 2278p.

TAX ADMINISTRATION ACT 1994. 1994. Kyk NEW ZEALAND.

VAN BURICK, N. 2010. Koop landbouggrond as belegging. <http://www.landbou.com/nuus/nuus-artikel/koop-landbouggrond-belegging.html>. Datum van toegang: 28 Junie 2010.

VEAL, J., TURNER, T., MACALISTER, C. 2010. Staples Tax Guide. Wellington: Brookers. 2052p.

WILLIAMS, B. 2001a. South African tax and the farmer. *Farmer's Weekly*, 163(91026):84, June.

WILLIAMS, B. 2001b. How hard will capital gains tax hit farmers? *Farmer's Weekly*, 163(91024):59, June.

WILLIAMS, B. 2002a. Hof sê wat is 'n boer. *Landbouweekblad*, 13(1274):39, November.

WILLIAMS, B. 2002b. Sonder goeie plan gaan boer betaal. *Landbouweekblad*, 7(1261):35, Augustus.

Lys van hofsake

Die volgende hofsake is gedurende hierdie studie gebruik as bronne van inligting:

Australiese hofsake

Australasian Jam Co Pty Ltd v FC of T (1953) 88 CLR 23; 10 ATD 217

Evans v. FC of T 89 ATC 4540 (1989) 20 ATR 922

FC of T v JR Walker 85 ATC 4179; (1985) 16 ATR 331

Ferguson v. FC of T (1979) 37 FLR 310

Martin v. FC of T (1953) 90 CLR 470

Tweedle v FC of T (1942) 7 ATD 186; (1942) 2 AITR 360

Nieu-Seelandse hofsake

Grieve v CIR (1984) 1 NZLR 101; (1984) 6 NZTC 61, 682; (1983) 6 TRNZ 461 (CA)

Horniblow v Napier (1955) NZLR 104

Land Projects Ltd v CIR (1964) NZLR 723

Maclean v CIR (1985) 7 NZTC 5,035

TRA Case 90 (1982) 5 TRNZ 908

TRA Case B15 (1975) 2 NZTC 60,112

TRA Case K57 (1988) 10 NZTC 465

Suid-Afrikaanse hofsake

CIR v D & N Promotions (Pty) Ltd (1995) (2) SA 296 (A), 57 SATC 178

CIR v Zamoyski (1985) (3) SA 145 (C), 47 SATC 50

Farmer v COT (1944) 13 SATC 158

ITC 166 (1930) 5 SATC 85

ITC 740 (1951) 18 SATC 219

ITC 1319 (1980) 42 SATC 263

ITC 1424 (1986) 49 SATC 99

ITC 1548 (1991) 55 SATC 26

R Koster & Son (Pty) Ltd & another v CIR (1985) (2) SA 831 (A), 47 SATC 23